# HANTERING VAN LEERDERS MET 'N NEGATIEWE PERSEPSIE VAN SKOOL

**deur**

**SANTA JOSLING**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad**

**DOKTOR IN OPVOEDKUNDE**

**in die vak**

**SIELKUNDIGE OPVOEDKUNDE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTOR: PROF H E ROETS**

**November 2010**

# VERKLARING

**Studentenommer: 30927358**

'Ek, Santa Josling, verklaar hiermee dat

**HANTERING VAN LEERDERS MET 'N NEGATIEWE PERSEPSIE VAN SKOOL**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.'

| | |
|---|---|
| ………………………… | ……….……..…...…… |
| **Santa Josling** | **Datum** |

## DANKBETUIGINGS

**“Soli Deo Gloria”**

**Met opregte dankbaarheid aan:**

- My Hemelse Vader vir Sy groot genade, aan Hom alleen die eer.
- My studieleier, Prof. Elsabé Roets vir haar geduld en begrip en wat soveel bygedra het tot die vorming van my menswees.
- My man Eddie vir al sy aanmoediging, hulp, ondersteuning en liefde en geloof in my.
- Vir ons drie dogtertjies Madeli, Inneke en Rone. Julle drukkies, glimlaggies en liefde was vir my motivering in hierdie tyd.
- My ma en pa, Mada en Sarel du Plessis, vir hulle ondersteuning en gebede. Julle geloof in my was en is vir my ‘n motivering.
- My skoonouers, ma Hettie en pa Eddie vir hulle begrip, aanmoediging en gebede.
- Elsabé en Sarel vir hulle opgregte belangstelling en ondersteuning.
- Gene en Kobie vir hulle opregte belangstelling en hulp met die doen van die ondersoeke.
- Al die leerders en onderwysers vir hulle bereidwilligheid om te help en deel te neem aan die empiriese studie.

**HANTERING VAN LEERDERS MET 'N NEGATIEWE PERSEPSIE VAN SKOOL**

**deur**

**Santa Josling**

**Graad:** **Doktor in Opvoedkunde (Opvoedkundige Sielkunde)**

**Departement:** **Opvoedkundestudies**

**Vak:** **Opvoedkundige Sielkunde**

**Promotor:** **Professor HE Roets**

**OPSOMMING**

Met hierdie studie is beoog om leerders se persepsies van skool vas te stel en om riglyne vir ouers daar te stel om leerders met negatiewe persepsies van skool te hanteer. Daar is beoog om hierdie riglyne deur middel van praktiese modelle en werksvelle te implementeer sodat ouers begrip vir kinders se persepsies kan verkry en dat konflik opgelos kan word deur middel van positiewe kommunikasie.

In die literatuurstudie word ondersoek ingestel na persepsievorming en die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies van skool. 'n Persepsie word gevorm deurdat betekenis aan 'n ervaring, op grond van die persoon se verwysingsraamwerk gegee word. Interne- sowel as eksterne faktore speel 'n rol wanneer persepsies gevorm word. Eksterne faktore behels die verhouding met rolspelers soos: die ouers, die skool en onderwysers, die portuurgroep en die leerder se verhouding met homself. Interne faktore wat in hierdie studie ondersoek is, behels: lokus van kontrole, motivering, emosionele probleme, kognitiewe probleme en gedragsprobleme.

Die navorsingsprobleem is verken met behulp van ‘n loodsondersoek as ‘n voortoets en diagnostiese vraelys wat deur die navorsingsgroep van 50 leerders voltooi is. Onderhoude is met vyf leerders gevoer oor hulle ervaringe en behoeftes met betrekking tot hulle persepsies van skool.

Bevindinge dui aan dat ongeveer ‘n vyfde van die skool se leerders oor ‘n negatiewe persepsie van skool beskik. In die vraelys is leerders se persepsies ten opsigte van verskeie rolspelers vasgestel. Daar bestaan behoefte by leerders dat ouers betrokke en ondersteunend sal wees en dat ouers begrip vir hulle persepsies sal toon.

Deur middel van praktiese diagramme en werksvelle is begrip en positiewe kommunikasie tussen ouer en kind bewerkstellig. In Hoofstuk 6 word praktiese riglyne aan ouers gegee oor hoe om sy kind, met ‘n negatiewe persepsie van skool, te hanteer. Op hierdie wyse is gepoog dat leerders positiewe ervaringe sal geniet; ‘n positiewe verwysingsraamwerk sal vorm en sodoende positiewe persepsies van skool sal vorm. ‘n Bydrae is ten opsigte van ouerleiding gelewer. Ouers word toegerus om ‘n kind met negatiewe persepsies van skool met begrip te hanteer.

**Sleutelwoorde**

| | | |
|---|---|---|
| Negatiewe persepsies | Hantering | Leerders |
| Sekondêre skool | Riglyne | Ervaringe |
| Betekenisgewing | Verwysingsraamwerk | |

**<u>Datum : November 2010</u>**

**DEALING WITH LEARNERS WITH A NEGATIVE PERCEPTION OF SCHOOL**

**by**

**SANTA JOSLING**

**Degree:** **Doctor of Education (Educational Psychology)**
**Department:** **Educational Studies**
**Subject:** **Educational Psychology**
**Promotor:** **Professor HE Roets**


**SUMMARY**

The aim of this study was to determine learners' perceptions of school and to provide guidelines for parents to deal with negative perceptions of school. These guidelines were implemented using practical models as well as work sheets. These were specifically aimed at enhancing parents' understanding of the negative perceptions and resolving conflict through positive communication.

In the literary study, the constitution of perceptions as well as the causes of the constitution of negative perceptions was investigated. A perception is established when a person gives meaning to an experience based on that person's frame of reference. Internal and external factors play a part when perceptions are constituted. External factors in this study entail the relationship with parents, school and teachers, peer group and the learner's relationship with himself. Internal factors referred to in this study are locus of control, motivation, emotional problems, cognitive problems and behavioural problems.

The research problem was explored using a pilot investigation as pre-test. A diagnostic questionnaire was also completed by 50 learners. Five learners were interviewed about their experiences and needs specifically in relation to their perceptions of school.

Findings show that approximately one fifth of the learners of the school have negative perceptions of school. In the questionnaire, the learners' perceptions with respect to a variety of role players were determined. There is a definite need for parents to be involved and supportive. Learners also need them to show understanding for their perceptions.

Positive communication and understanding between parents and learners were established through practical diagrams and work sheets. In Chapter 6 practical guidelines are given to equip parents to understand how to handle the child with negative perceptions. The aim of this was to encourage learners to enjoy positive experiences, to form a positive frame of reference and therefore develop positive perceptions of school. A contribution towards parental guidance was made. Parents are left equipped to deal with a child with negative perceptions of school.

**Key words:**

| | | |
|---|---|---|
| Negative perceptions | Dealing with | Learners |
| Secondary school | Guidelines | Experiences |
| Sense/significance | Frame of reference | |

**Date : November 2010**

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING TOT DIE STUDIE**


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | BEWUSWORDING EN MOTIVERING VAN DIE PROBLEEM | *1* |
| 1.2 | LITERATUUROORSIG | *4* |
| 1.3 | VERLOOP VAN DIE STUDIE | *6* |
| 1.4 | PROBLEEMSTELLING | *7* |
| 1.5 | DOEL VAN DIE STUDIE | *8* |
| 1.6 | AANNAMES EN NAVORSINGSVRAE | *9* |
| 1.7 | NAVORSINGSMETODE | *9* |
| 1.7.1 | Navoringsontwerp | *9* |
| 1.7.1.1 | Navorsingsparadigma | *10* |
| 1.7.1.2 | Deelnemers | *10* |
| 1.7.1.3 | Data-insameling | *11* |
| 1.7.1.4 | Data-analise | *11* |
| 1.7.1.5 | Geldigheid | *12* |
| 1.7.1.6 | Etiese aspekte | *12* |
| 1.8 | BEGRIPSVERKLARING | *12* |
| 1.9 | SAMEVATTING | *13* |


**HOOFSTUK 2**

**LITERATUURSTUDIE – PERSEPSIE**


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | *15* |
| 2.2 | DEFINISIE VAN PERSEPSIE | *16* |
| 2.2.1 | Waarneming / gewaarwording deur middel van die sintuie | *18* |
| 2.2.2 | Neurologiese prosesse | *20* |
| 2.2.3 | Die rol wat ervaring in die vorming van ‘n persepsie speel | *22* |
| 2.2.4 | Die rol wat betekenisgewing in die vorming van ‘n persepsie speel | *23* |

| | | |
|---|---|---|
| 2.2.4.1 | Die rol wat die verwysingsraamwerk tydens betekenisgewing speel | *25* |
| 2.3 | FAKTORE WAT ‘N ROL SPEEL IN DIE VORMING VAN DIE ADOLESSENT SE PERSEPSIE VAN SKOOL | *27* |
| 2.3.1 | Die adolessent | *28* |
| 2.3.2 | Die ouers | *28* |
| 2.3.3 | Die portuurgroep | *29* |
| 2.3.3.1 | Funksies van die portuurgroep in persepsievorming | *30* |
| 2.3.4 | Die onderwysers | *31* |
| 2.3.5 | Die skool | *33* |
| 2.4 | SAMEVATTING | *34* |


**HOOFSTUK 3**

**OORSAKE VIR DIE VORMING VAN ‘N NEGATIEWE PERSEPSIE VAN SKOOL**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | *35* |
| 3.2 | EKSTERNE FAKTORE | *37* |
| 3.2.1 | Die leerder self | *37* |
| 3.2.2 | Die skool en onderwysers | *38* |
| 3.2.2.1 | Die Hoof | *39* |
| 3.2.2.2 | Die onderwysers | *40* |
| 3.2.2.3 | Die fasiliteite (skoolgebou en klaskameratmosfeer) | *43* |
| 3.2.3 | Die portuurgroep | *44* |
| 3.2.4 | Die ouers | *45* |
| 3.2.4.1 | Betrokkenheid van ouers | *46* |
| 3.2.4.2 | Belangstelling van ouers | *47* |
| 3.2.5 | Politiek | *47* |
| 3.3 | INTERNE FAKTORE | *48* |
| 3.3.1 | Lokus van kontrole | *48* |
| 3.3.2 | Motivering / apatie / doelloosheid / houding | *48* |
| 3.3.2.1 | Motivering en motiveringsteorieë | *48* |
| 3.3.2.2 | Motivering en persepsie van skool | *51* |

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.3 | Emosionele probleme | *53* |
| 3.3.3.1 | Afknouery | *53* |
| 3.3.3.2 | Kinderdepressie en gemoedsversteurings | *55* |
| 3.3.4 | Kognitiewe probleme | *56* |
| 3.3.4.1 | Definisie van leerprobleme | *56* |
| 3.3.4.2 | Leerprobleme en die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool | *57* |
| 3.3.5 | Gedragsprobleme | *59* |
| 3.3.5.1 | Trauma | *59* |
| 3.3.5.2 | Stres | *60* |
| 3.4 | DIE RELASIETEORIE | *60* |
| 3.4.1 | Volwassewordingsessensies | *61* |
| 3.4.1.1 | Betekenisgewing | *61* |
| 3.4.1.2 | Betrokkenheid | *62* |
| 3.4.1.3 | Belewing | *63* |
| 3.4.1.4 | Selfaktualisering | *65* |
| 3.4.2 | Die Opvoedkundig-sielkundige voorwaardes | *65* |
| 3.4.2.1 | Relasievorming | *65* |
| 3.4.2.2 | Die opvoedkundige klimaat | *66* |
| 3.4.3 | Die kind as persoon | *67* |
| 3.4.3.1 | Die Ek | *67* |
| 3.4.3.2 | Die Self | *67* |
| 3.4.3.3 | Die Selfkonsep | *68* |
| 3.4.3.4 | Identiteit | *68* |
| 3.5 | SAMEVATTING | *68* |

**HOOFSTUK 4**

**NAVORSINGSONTWERP**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | *69* |
| 4.2 | DOELWITTE VAN DIE STUDIE | *69* |
| 4.3 | NAVORSINGSPARADIGMA EN –BENADERING | *72* |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4 | NAVORSINGSONTWERP EN METODE | *77* |
| 4.4.1 | Literatuurstudie | *78* |
| 4.4.2 | Navorsingsontwerp (empiriese navorsing) | *79* |
| 4.4.2.1 | Kwantitatiewe navorsing | *80* |
| 4.4.2.1.2 | Beskrywende studie | *80* |
| 4.4.2.2 | Kwalitatiewe navorsing | *80* |
| 4.4.2.2.1 | Gevallestudie | *81* |
| 4.4.2.2.2 | Fenomenologiese studie | *82* |
| 4.5 | DATAVERSAMELING | *83* |
| 4.5.1 | Observasies | *83* |
| 4.5.2 | Vraelyste | *84* |
| 4.5.2.1 | Metodes vir die neem van steekproewe | *85* |
| 4.5.2.2 | Bespreking van die vraelys | *87* |
| 4.5.3 | Onderhoude | *97* |
| 4.6 | DATA-ANALISE | *102* |
| 4.6.1 | Interim analise van die kwalitatiewe ondersoek | *102* |
| 4.6.1.1 | Interim analise | *102* |
| 4.6.1.2 | Notering | *103* |
| 4.6.1.3 | Data inlesing en berging | *103* |
| 4.6.1.4 | Segmentering, kodering en ontwikkeling van kategoriesisteme | *104* |
| 4.6.1.5 | Enumerasie | *104* |
| 4.6.1.6 | Ontwikkeling van hierargiese kategoriesisteme | *105* |
| 4.6.1.7 | Teken van diagramme | *106* |
| 4.6.2 | Kwantitatiewe data-analise: vraelyste | *106* |
| 4.7 | ETIESE ASPEKTE | *108* |
| 4.7.1 | Toestemming van die betrokkie partye | *109* |
| 4.7.2 | Misleiding van deelnemers | *109* |
| 4.7.3 | Privaatheid van deelnemers | *110* |
| 4.7.4 | Herstel van deelnemers | *110* |
| 4.7.5 | Publikasie van bevindinge | *110* |
| 4.8 | GELDIGHEID | *111* |

4.8.1 Beskrywende geldigheid *112*
4.8.2 Interpreterende geldigheid *112*
4.8.3 Teoretiese geldigheid *112*
4.8.4 Interne geldigheid *113*
4.8.5 Eksterne geldigheid *113*
4.9 GEVOLGTREKKING *114*

**HOOFSTUK 5**

**NAVORSINGSRESULTATE**

5.1 INLEIDING *116*
5.2 KWANTITATIEWE RESULTATE: verskeie afdelings in die vraelyste *121*
5.2.1 Afdeling A: Leerders se persepsies van hulself *122*
5.2.2 Afdeling B: Leerders se persepsies van die skool en onderwysers *122*
5.2.3 Afdeling C: Leerders se persepsies van die portuurgroep *123*
5.2.4 Afdeling D: Leerders se persepsies van hulle ouers *124*
5.3 KWANTITATIEWE RESULTATE: afsonderlike vrae *125*
5.3.1 Afdeling A: Leerders se persepsies van hulself *126*
5.3.2 Afdeling B: Leerders se persepsies van die skool en onderwysers *129*
5.3.3 Afdeling C: Leerders se persepsies van die portuurgroep *132*
5.3.4 Afdeling D: Leerders se persepsies van hulle ouers *135*
5.4 KWANTITATIEWE RESULTATE VAN DIE OOP VRAE IN DIE VRAELYSTE *138*
5.4.1 Opmerkings *138*
5.4.1.1 Afdeling A: die leerder as persoon *138*
5.4.1.2 Afdeling B: persepsies oor die onderwysers *139*
5.4.1.3 Afdeling C: persepsies van die portuurgroep *139*
5.4.1.4 Afdeling D: leerders se persepsies van hul ouers *140*
5.5 KWALITATIEWE BEVINDINGE: Resultate van die onderhoude *140*
5.5.1 Inleiding *140*
5.5.2 Behoeftes: leerders se persepsies van hulself *140*

5.5.3 Behoeftes: leerders se persepsies van hul onderwysers en skool *140*
5.5.4 Behoeftes: leerders se persepsies van die portuurgroep *142*
5.5.5 Behoeftes: leerders se persepsies van hul ouers *142*
5.6 SAMEVATTING *143*

**HOOFSTUK 6**

**RIGLYNE OOR DIE HANTERING VAN LEERDERS MET 'N NEGATIEWE PERSEPSIE VAN SKOOL**

6.1 INLEIDING *145*
6.2 MODEL VIR DIE HANTERING VAN NEGATIEWE PERSEPSIES *147*
6.3 PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN NEGATIEWE PERSEPSIES *149*
6.3.1 Voorbeelde van die werkkaarte waarna daar in Hoofstuk 6 verwys word *149*
6.3.2 Bespreking van die werkkaarte *152*
6.4 RIGLYNE AAN OUERS VIR DIE HANTERING VAN LEERDERS MET NEGATIEWE PERSEPSIES VAN SKOOL *155*
6.4.1 Praktiese toepassing *161*
6.5 GEVOLGTREKKING *163*

**HOOFSTUK 7**

**BEVINDINGE EN AANBEVELINGS**

7.1 INLEIDING *164*
7.2 OORSIG VAN DIE STUDIE *164*
7.3 DOELWITTE VAN DIE STUDIE *165*
7.4 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE *166*
7.4.1 Persepsie en die vorming van persepsies *167*
7.4.2 Oorsake vir die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool *170*
7.5 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE STUDIE *171*

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | BEPERKINGE VAN DIE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING | *176* |
| 7.7 | BYDRAE VAN DIE STUDIE | *178* |
| 7.7.1 | In die teorie | *178* |
| 7.7.2 | In die praktyk | *178* |
| 7.8 | TEN SLOTTE | *179* |

**LYS VAN TABELLE**

Tabel 1.1 Literatuuroorsig

Tabel 3.1 Dimensies van betekenisgewing
Tabel 3.2 Komponente van betrokkenheid
Tabel 3.3 Komponente van belewing
Tabel 3.4 Komponente van die opvoedkundige klimaat

Tabel 4.1 Doelwitte of oogmerke in wetenskaplike navorsing
Tabel 4.2 Opsomming van die verskillende navorsingsparadigmas
Tabel 4.3 Stappe in die saamstel van die gevallestudie
Tabel 4.4 Metodes vir die neem van steekproewe
Tabel 4.5 Voor- en nadele van vraelyste
Tabel 4.6 Opsomming van die data-insamelingsproses
Tabel 4.7 Opsomming van data-analise: kwalitatief en kwantitatief

Tabel 7.1 Uiteensetting van die doelwitte en bereiking daarvan
Tabel 7.2 Opsomming van die Literatuurstudie
Tabel 7.3 Data-analise
Tabel 7.4 Gevolgtrekkings uit die empiriese studie

## LYS VAN DIAGRAMME


| | |
|---|---|
| Diagram 1.1 | Die sirkelroete wat betrokke is by die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool. |
| Diagram 1.2 | Die verloop van die studie |
| Diagram 2.1 | Uiteensetting van Hoofstuk 2 |
| Diagram 2.2 | Die vorming van persepsies |
| Diagram 2.3 | Neurologiese prosesse |
| Diagram 2.4 | Die rol wat ervaring in die vorming van 'n persepsie speel |
| Diagram 2.5 | Die rol wat betekenisgewing in die vorming van 'n persepsie speel |
| Diagram 2.6 | Die plek van die verwysingsraamwerk in die vorming van 'n persepsie |
| Diagram 2.7 | Faktore wat 'n rol speel in persepsievorming van skool |
| Diagram 3.1 | Verloop van Hoofstuk 3 |
| Diagram 3.2 | Motiveringsteorieë |
| Diagram 3.3 | Kringloop van die gevolge van negatiewe persepsies |
| Diagram 3.4 | Praktiese demonstrering van die kringloop van negatiewe persepsies |
| Diagram 3.5 | Persepsievorming |
| Diagram 3.6 | Relasieteorie |
| Diagram 4.1 | Uiteensetting van Hoofstuk 4 |
| Diagram 4.2 | Oorsig oor die navorsingsproses |
| Diagram 4.3 | Opsomming van die metodes van data-insameling |
| Diagram 4.4 | Opsomming van Hoofstuk 4 |
| Diagram 5.1 | Die wyse waarop data-analise gedoen is |
| Diagram 5.2 | Uiteensetting van Hoofstuk 5 |

Diagram 6.1 Prosedure om begrip vir ‘n kind se negatiewe persepsies van skool te verkry
Diagram 6.2 Prosedure vir die hantering van negatiewe persepsies

Diagram 7.1 Die vorming van ‘n persepsie
Diagram 7.2 Die invloed van rolspelers op die vorming van persepsies van skool
Diagram 7.3 Die plek van betrokkenheid, belewing en betekenisgewing in persepsievorming

**LYS VAN GRAFIEKE**

Grafiek 5.1 Resultate van onderskeie afdelings
Grafiek 5.2 Resultate van afsonderlike vrae
Grafiek 5.3 Die leerders se persepsies van hulself
Grafiek 5.4 Die leerders se persepsies van hul onderwysers en skool
Grafiek 5.5 Die leerders se persepsies van die portuurgroep
Grafiek 5.6 Die leerders se persepsies van hul ouers

**BIBLIOGRAFIE**

**BYLAAG**

Toestemmingsbrief van ouers

# HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE

## *1.1 BEWUSWORDING EN MOTIVERING VAN DIE PROBLEEM*

“Waarom moet ek skool toe gaan? Daar is in elk geval nie werk nie!”, “Ek het vas besluit om tuisonderrig te doen ”. So lui drie van vele uitlatings wat deur leerders gemaak is. In die praktyk kry ek toenemend met hierdie tipe uitlatings oor die skool te doen. Die standpunt word ook onder leerders gehuldig, dat hulle met tuisonderrig, twee grade in een jaar kan voltooi en sodoende so gou as moontlik kan klaarkry met skool. Ek is van mening dat persepsies onder leerders, soos om net te slaag en nie so goed te vaar as wat hulle kan nie, daartoe aanleiding kan gee dat leerders met onontginde potensiaal rondloop en ook nie op hul pad na selfaktualisering vorder nie. Hierdie oënskynlike, belangeloosheid ten opsigte van skool en skoolwerk onder leerders, het die vraag laat ontstaan oor wat in werklikheid leerders se persepsies van skool is. Waarom dink leerders moet hulle nou eintlik skool toe gaan? Die vraag ontstaan ook, of ouers besef wat werklik leerders se persepsies van skool is en **hoe** om dit te hanteer.

Talle bekommerde ouers klop aan om hulp vir hulle belangelose kinders te verkry. ’n Ouer wil byvoorbeeld haar kind, wat sy eerste kwartaal druip, inskryf vir ’n kursus in studiemetodes. Hy weier volstrek en is van mening dat hy glad nie ’n probleem het nie! ’n Ander leerder, Christopher,* noem dat hy die kursus in studietegnieke bywoon, omdat sy ouers hom straf vir ’n misstap wat hy begaan het. Hy sien self glad nie in dat hy dit nodig het om sy graad te slaag nie. Dit kom voor asof leerders se persepsies van skool, deur ’n aantal primêre faktore gevorm word. Die faktore wat onder my aandag gekom het, is: ouers, portuurgroep, onderwysers en die skool self.

Marilu se ouers is weer só negatief oor die skool, dat ’n eens positiewe leerder, besig is om ’n totaal negatiewe persepsie van skool te ontwikkel en dan kom klop haar ouers aan vir raad oor Marilu se negatiewe houding oor skool.

** Vir die doeleindes van hierdie studie word skuilname gebruik.*

Dit kom dus voor asof die manier waarop die ouers persepsies oor skool hanteer, 'n invloed sal hê op die leerder se persepsie van skool. Dit wil voorkom asof daar 'n diskrepans tussen leerders en hul ouers se siening van skool is. Dit blyk dat sienings van ouers en kinders deur die jare al hoe verder van mekaar begin dryf het. Ouers en kinders leef in afsonderlike wêrelde, waarin elkeen oor 'n afsonderlike persepsie van skool beskik. Dit bring mee dat ouers en kinders uit mekaar dryf en van mekaar verwyderd raak en konflik ontstaan. Deurdat ouers op 'n bepaalde manier optree, versterk hulle dikwels leerders se persepsies van skool. Daar is gevind dat ouers dikwels neul dat leerders nou hul skoolwerk moet doen. Hierdie benadering veroorsaak dikwels dat leerders dan juis nie gaan werk nie en onbewustelik versterk die ouer die leerder se negatiewe persepsie van skool. So kan die een voorbeeld na die ander genoem word oor die invloed wat leerders se persepsies van skool op hulle prestasie en menswees het.


In die praktyk het ek gevind dat ouers dikwels hulp vra aangaande die invloed wat vriende op hul kind se persepsie van skool het. Dit kom voor asof leerders met hul vriende se persepsies konformeer om sodoende deel van 'n bepaalde groep te kan wees. In hierdie verband het Liezl, prontuit erken dat sy die verkeerde maats het en dat hulle haar persepsie van skool beïnvloed. Sy noem ook dat sy net wil wegkom en op 'n ander plek oorbegin. Op die vraag, met wat watter tipe maats sy sal vriende maak indien sy geleentheid kry om oor te begin, antwoord sy: "Ek weet nie, enigiemand wat my wil aanvaar". Behalwe vir die rol wat ouers en vriende in die vorming van 'n leerder se persepsie van skool speel, is ook gevind dat die onderwyser 'n rol speel wanneer leerders 'n persepsie van skool vorm.

Jonathan se persepsie van skool is op so 'n wyse deur meneer Joubert gevorm, dat hy van skool wil verander. Hy noem dat hierdie betrokke meneer op hom pik en dat hy nie vir sy toetse **sal** leer nie. Kaylin se persepsie van skool is weer tot so 'n mate deur mevrou Mostert gevorm dat sy Dramatiese Kunste as vak wil neem, sonder dat sy oor talent beskik. Sy noem dat sy skool toe kom, net om elke dag Drama by mevrou Mostert te kan hê. Uit die praktyk, kom dit voor asof onderwysers 'n rol in die vorming van leerders se

persepsies van skool speel. Die onderwysers vorm onlosmaaklik deel van skool en die skoolomgewing. Daar is ook gevind dat die skool 'n rol speel wanneer leerders 'n persepsie oor die skool vorm.

Die leerder se ervaring van skool bring mee dat hy 'n bepaalde persepsie van skool vorm. Dit gebeur dan dat wanneer die leerder skool negatief beleef en negatief betekenis gee, sy persepsie negatief is. Hy toon negatiewe gedrag en kry negatiewe terugvoer van sy onderwysers en ouers. Hierdie negatiewe optrede van ouers en onderwysers, versterk op sy beurt die leerder se negatiewe persepsie en die proses begin van voor af – dikwels deur 'n sterker negatiewe persepsie as te vore. Bogenoemde kan diagrammaties as volg voorgestel word:

**Diagram 1.1 Die sirkelroete wat betrokke is by die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool.**



By baie skole word daar jaarliks baie tyd en geld aan opedae bestee om voornemende leerders na skole te lok. Tydens hierdie dae word ŉ bepaalde prentjie van die skool geskets en leerders vorm ŉ bepaalde persepsie van die betrokke skool. Ek het gevind dat leerders, met verloop van tyd, ŉ ander persepsie van die skool ontwikkel, as wat hy aanvanklik gehad het. Dit kom dus voor asof die skool self ŉ rol speel wanneer leerders ŉ bepaalde persepsie oor die skool huldig. Die vraag ontstaan dan, watter rol die skool in die vorming van die leerder se persepsie oor die skool speel. Ek is van mening dat faktore soos die leerder self, sy ouers, die onderwysers en die skool, interaktief tot die leerder se vorming van sy persepsie van skool bydra. Hierdie faktore en moontlike interaksie tussen hierdie rolspelers prikkel my belangstelling en sal dit graag verder ondersoek.

Die belangstelling in leerders se persepsies van skool en die rol wat sekere faktore in die vorming van hierdie persepsies speel, het my ‘n literatuurstudie laat doen om meer hieroor uit te vind.

## *1.2 <u>LITERATUUROORSIG</u>*

In my poging om die konsep, persepsie, te beskryf, is daar in die literatuur verskeie beskrywings van die fenomeen gevind. ‘n Opsomming sal nou gegee word van konsepte wat verband hou met persepsie en persepsievorming.

**Tabel 1.1 Literatuuroorsig**

| KONSEP | BRON |
|---|---|
| **Persepsie**: dit dui op ŉ persoon se siening, in hierdie geval oor skool. Dit word gevorm op grond van die betekenis wat gegee word op grond van die leerder se verwysings-raamwerk van ŉ vorige ervaring van skool. | Masutha (1996); Gardner (2002); Schiffman (1996); Johnson (1994); Schiff (1980), Forgus (1966); Bartley (1980); Day (1969); Jordaan & Jordaan (1996); Baron, Byrne & Johnson (1998), Lewis (2001) |

| | |
|---|---|
| **Sintuie:** deur middel van die sintuie vind 'n gewaarwording plaas. Let daarop dat fisiologiese verskille in die sintuie, kan meebring dat mense objekte verskillend sien. | Gardner (2002); Venter (2005); Schiffman (1996); Lewis (2001) |
| **Ontvanger**: die persoon wat die stimulus ervaar. Die ontvanger se motivering, persoonlikheid en dit wat hy voorheen geleer het, kan veroorsaak dat persone objekte verskillend waarneem. | Gardner (2002); Venter (2005), Schiffman (1996); Lewis (2001) |
| **Boodskap:** die betekenis wat die ontvanger aan die stimulus heg. | Gardner (2002); Venter (2005); Schiffman (1996); Lewis (2001) |
| **Konteks:** die situasie waarbinne objekte, gebeure of persone waargeneem word. | Gardner (2002); Venter (2005); Schiffman (1996); Lewis (2001) |
| **Verwysingsraamwerk:** dit vorm die eerste fase van betekenisgewing. Die ontvanger vertrou op gevoelens en kennis van die verlede om aan dit wat op daardie oomblik waargeneem word, betekenis te gee. | Gardner (2002); Venter (2005); Schiffman (1996); Lewis (2001) |
| **Skool:** in hierdie studie is die skool die objek wat waargeneem word. 'n Persepsie word op grond van die objek se fisiese eienskappe en die dinamika van die objek gevorm. | Masutha (1996); Coop &White (1974); Nongubo (2004) |
| **Leerders / studente:** in hierdie studie dien die leerders as die ontvangers. Hulle is die persone wat die stimulus ervaar. | Masutha (1996); Newton (1986); Burkhard (1991); Mendler (2000); |


Uit bogenoemde uiteensetting blyk 'n aantal leemtes. Daar is weinig inligting oor leerders se persepsie van skool. Daar is ook geen inligting gevind oor HOE om leerders met 'n negatiewe persepsie van skool te hanteer nie.

Die verloop van die studie kan diagrammaties, as volg uiteengesit word:

## *1.3 VERLOOP VAN DIE STUDIE*

Waar daar in Hoofstuk 1 van hierdie studie 'n algemene oriëntering met betrekking tot die navorsingsprobleem gegee is, die doelstellings van die navorsing uitgelig is en sekere kernbegrippe omskryf is, word die volgende stappe vir die res van die navorsingsprogram beoog:

**Diagram 1.2 Die verloop van die studie**



In Hoofstuk 2 word ʼn oorsig oor persepsie gegee. Die fenomeen **persepsie** en die vorming van ʼn persepsie sal bestudeer word. Daar sal verwys word na die rol wat ervaring en betekenisgewing speel in die vorming van persepsie en ook verwys word na oorsaaklike faktore wat ʼn rol speel wanneer ʼn persepsie gevorm word.

In Hoofstuk 3 word geïdentifiseerde oorsake vir die vorming van ʼn negatiewe persepsie van skool ondersoek. Verskeie eksterne faktore, sowel as interne faktore wat die vorming van ʼn negatiewe persepsie van skool meebring, sal ondersoek en bespreek word.

In Hoofstuk 4 word ʻn beskrywing gegee van die tipe studie wat gedoen is en watter tegnieke en media gebruik is. ʼn Beskrywing van die empiriese studie word gegee. Dit behels die uiteensetting van doelwitte, die navorsingsontwerp en navorsingsmetode. Verder sal die dataversameling, etiese aspekte, geldigheid en die redes vir die gebruik van bepaalde media gegee word. ʼn Gevolgtrekking word aan die einde van die hoofstuk gegee.

Die verwerking van die resultate word in Hoofstuk 5 uiteengesit. Bepaalde opmerkings word oor die resultate gemaak, gevolg deur ʼn gevolgtrekking.

In Hoofstuk 6 word riglyne aan ouers oor die hantering van ʼn leerder met ʼn negatiewe persepsie van skool, gegee.

Die bevindinge en samevatting volg in Hoofstuk 7.

## *1.4 PROBLEEMSTELLING*

Die probleemstelling is soos volg:

**Hoe kan leerders met ʼn negatiewe persepsie van skool hanteer word?**

Die volgende navorsingsvrae sal die studie lei:

1. Wat is die fenomeen van persepsie?
2. Watter faktore dra by tot die vorming van ŉ negatiewe persepsie van skool?
3. Wat is leerders se persepsies van skool?

Met hierdie studie word beoog om die fenomeen van persepsie na te vors, naamlik wat dit is en hoe dit gevorm word. Die doel van die studie is nie om 'n mediese uiteensetting van neurologiese prosesse wat in die brein plaasvind, te gee nie.

## *1.5 DOEL VAN DIE STUDIE*

Die doel van hierdie studie is om aan ouers riglyne te gee oor hoe om hulle kinders met negatiewe persepsies van skool te hanteer. Om by hierdie riglyne uit te kom, het ek die doel in subdoelwitte verdeel:

- Om in Hoofstuk 2 ŉ literatuurstudie oor persepsie en die vorming van persepsie te gee.
- Om in Hoofstuk 3 te kyk na die rol wat die leerder self, die ouers, die portuurgroep, onderwysers en die skool in die vorming van ŉ bepaalde persepsie speel. Daar sal ook gekyk word na interne- sowel as eksterne faktore wat moontlik ŉ rol by die vorming van ŉ negatiewe persepsie van skool speel.
- Om in ŉ empiriese studie vraelyste te gebruik om leerders se persepsie van skool vas te stel.
- Om die kwalitatiewe ondersoek te loods na die oorsake van die negatiewe persepsie wat gevorm is. Daar sal gekyk word wat leerders se behoeftes ten opsigte van rolspelers is.
- Om riglyne aan ouers te gee oor die hantering van leerders met ŉ negatiewe persepsie van skool.

### *1.6 AANNAMES EN NAVORSINGSVRAE*

Baie navorsing is al oor aspekte van persepsie gedoen. In die literatuur bestaan daar egter baie min oor leerders se persepsie en die oorsake vir die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool en die hantering van hierdie leerders.

In hierdie studie word die aanname gestel, dat leerders oor die algemeen 'n negatiewe persepsie van skool het en dat dit in die algemeen tot 'n negatiewe lewenshouding lei.

Meer spesifieke vrae wat aangespreek sal word is:

- Wat is persepsies en hoe word dit gevorm?
- Wat is leerders se persepsies van skool?
- Watter rol speel faktore soos die leerder, ouers, portuurgroep, onderwysers en die skool in die vorming van die leerder se persepsie van skool?
- Watter rol speel sekere interne- en eksterne oorsake in die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool?
- Hoe kan leerders met 'n negatiewe persepsie van skool hanteer word?

### *1.7 NAVORSINGMETODE*

Hierdie studie bestaan uit beide 'n literatuurstudie en 'n empiriese studie. 'n Literatuurstudie oor persepsie en die vorming van persepsie sal gedoen word. Die literatuuroorsig word in Tabel 1.1 opgesom. Die Literatuurstudie word in Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3 uiteengesit en die Empiriese studie word in detail in Hoofstuk 4 bespreek.

#### 1.7.1 Navorsingsontwerp

Nadat die navorsingsvraag vasgestel is, het ek 'n gepaste metode van ondersoek gekies om die navorsingsvraag te help beantwoord. Die

navorsingsontwerp hou die navorsingsprojek as ‘n geheel deur die feite te organiseer en inligting te versamel.

Die navorsingsontwerp wat ek gekies het om die navorsingsvraag te ondersoek, is ‘n gemengde metode navorsingsontwerp. Dit beteken dat ek beide kwantitatief en kwalitatief te werk gegaan het. Ek beskryf die detail in Hoofstuk 4. In die onderstaande paragraaf gee ek slegs ‘n oorsig van die belangrikste gedeeltes.

#### 1.7.1.1 Navorsingsparadigma

Johnson en Christensen (2004:29) definieer die navorsingsparadigma as: “*a perspective based on a set of assumptions, concepts, and values that are held by a community of researchers”.* Ek het volgens die gemengde metode gewerk. Dit sluit beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetode in. Ek het kwantitatief te werk gegaan deur ‘n ondersoekende studie te loods en van vraelyste gebruik gemaak. In die kwalitatiewe ondersoek het ek van onderhoude in gevallestudies gebruik gemaak. Tabel 4.2 dui ‘n oorsig tussen hierdie navorsingsmetodes aan.

#### 1.7.1.2 Deelnemers

Ek het die deelnemers vir beantwoording van vraelyste in die loodsondersoek, sowel as die hoofondersoek volgens die maksimum-veranderlike-steekproef gekies. By hierdie studie word ‘n wye veld gevalle doelbewus gekies. Hiervolgens kan niemand voel dat ek sekere persone doelbewus uitgesluit het nie. Hoe ek hierdie steekproef in my studie toegepas het, word in afdeling 4.5.2.1 van die studie beskryf.

Ek het deelnemers vir die voer van onderhoude deur middel van ‘n homogene-gevalle-steekproef gekies. Hiervolgens word ‘n klein hoeveelheid, homogene, proefpersone gekies vir intensiewe studie. Die toepassing van hierdie steekproef in my studie word in afdeling 4.5.2.1 van hierdie studie beskryf.

#### 1.7.1.3 Data insameling

Die metodes waarvolgens ek data ingesamel het, was aanvanklik deur ervaring en deur waarneming. Soos in afdeling 1.1 by die Bewuswording van die probleem genoem het, het ek in die praktyk ervaar dat ouers hulp verlang ten opsigte van die hantering van hulle kinders met negatiewe persepsies van skool. Ek het ook waargeneem dat ouers en hul kinders oor verskillende persepsies van skool en skoolwerk beskik en dat dit konflik tussen ouers en kinders veroorsaak. Ek het notas van hierdie waarnemings en ervarings gemaak.

Na die aanvanklike observasie, het ek kwantitatief te werk gegaan deur van vraelyste gebruik te maak. Ek het ‘n loodsondersoek deur middel van vraelyste gedoen. Die rede hiervoor was om inligting in die praktyk by die leerders te kry vir die opstel van die vraelys vir die hoofondersoek. Na afloop van die loodsondersoek het ek ‘n vraelys uit die literatuur, sowel as die loodsondersoek opgestel. Die resultate van die vraelyste word in Hoofstuk 5 breedvoerig beskryf.

Nadat leerders die vraelyste voltooi het ek met vyf van die respondente onderhoude gevoer. Die onderhoude was semi-gestruktureerd in die vorm van ‘n geselsonderhoud. Tydens die voer van die onderhoude het ek die vraelys wat die leerders reeds voltooi het as vertrekpunt gebruik. Ek het tydens die onderhoud by die bespreking van die vraelys se vrae op die leerder se onderliggende behoeftes gefokus.

#### 1.7.1.4 Data analise

In hierdie studie, het ek van induktiewe, kwalitatiewe data-analise gebruik gemaak. Ek het hierdie metode toegepas deur die onderhoude wat gevoer is op te neem en te transkribeer. Ek het deur al die transkripsies gelees om ‘n algemene indruk te kry en toe die onderhoude gekodeer. Kodes wat ek gekies het, is gegee op grond van wat ek verstaan wat ‘n persepsie is en wat die oorsake van die vorming van ‘n negatiewe persepsie is. Ek het hierdie kodes volgens temas gegroepeer. Dit het my instaat gestel om algemene behoeftes by leerders met negatiewe persepsies van skool vas te stel.

#### 1.7.1.5 Geldigheid
Om seker te maak dat die data wat ek versamel geldig is, het ek van triangulasie gebruik gemaak. Ek het onder andere die inligting wat deur middel van observasie bekom is, met die inligting wat uit die vraelyste en uit die onderhoude verkry is, getrianguleer. Meer besonderhede word in Hoofstuk 4.8 hieroor gegee.

#### 1.7.1.6 Etiese aspekte
Navorsing behoort op etiese wyse geskied. Aspekte waarop ek gelet het tydens die ondersoek was om toestemming van die betrokke partye te verkry, om die doel van die studie duidelik te stel en deelnemers nie te mislei nie. Ek het die privaatheid van die deelnemers gerespekteer deur aan hulle die geleentheid te bied om skuilname te gebruik. Om gesonde herstel van die deelnemers te bewerkstellig het ek aan hulle geleentheid gegee om hulle ervarings te bespreek. Vir die publikasie van die bevindinge het ek die ouers en leerders se toestemming verkry om die inligting te publiseer. In Hoofstuk 4.7 gee ek 'n volledige bespreking oor die etiese aspekte in hierdie studie.

## *1.8 <u>BEGRIPSVERKLARING</u>*

**Persepsie**

Deur die jare het verskillende bronne, verskillende beskrywings van persepsie gegee. 'n Volledige uiteensetting van die term sal in Hoofstuk 2 gegee word. Dit is belangrik om te weet, dat vir die doel van hierdie studie, persepsie gesien word as: "*die siening wat verskillende persone oor 'n saak of 'n objek op 'n bepaalde oomblik het*". Hierdie siening of persepsie word gevorm deurdat inligting deur die sintuie ingeneem word. Daar word dan aan die beeld of objek wat waargeneem is, bepaalde betekenis gegee. Betekenis word gegee op grond van dit wat 'n persoon voorheen ervaar het – hy gebruik dus sy verwysingsraamwerk om betekenis aan nuwe inligting te gee. Dit kan as volg voorgestel word:

*Die persoon neem 'n voorwerp waar >hy gebruik bestaande, bekende inligting > gee betekenis aan die nuwe voorwerp > vorm 'n persepsie.*

**Skool**

Wanneer daar van die die skool gepraat word, word verwys na die fisiese skoolgebou, maar ook na rolspelers in en om die gebou. Dit sluit ook aktiwiteite wat by die skool plaasvind sowel as die fisiese omgewing in.

Die skool word as 'n spesifieke organisasie gesien. Beare, Caldwell en Milikan (in De Villiers, 2006:1) beskryf 'n organisasie as volg: "*essentially collectivities of people, who define policies, generate structures, manipulate resources and engage in activities to achieve their desired ends in keeping with their individual and collective values and needs. In the human service organisation called a school, one of these desired ends is helping people to learn*". Die skool word dus as 'n organisasie met bepaalde doelwitte wat bepaal word volgens waardes en behoeftes gesien. In die skool is 'n spesifieke behoefte om mense te help om te leer.

Moloi (in De Villiers, 2006:1) beklemtoon die belangrikheid van onderwys-organisasies sodat persoonlike ontwikkeling en groei sal plaasvind. Hy beklemtoon die belangrikheid dat skole die houding sal ontwikkel waar onderwysers ontvanklik sal wees vir verandering.

**Leerders**

Vir die doeleindes van hierdie studie, word gebruik gemaak van leerders wat in die sekondêre skool is. 'n Leerder in hierdie navorsing is dus 'n skoolgaande adolessent, tussen die ouderdomme 13 en 18.

## ***1.9 <u>SAMEVATTING</u>***

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die prosedure wat in die navorsing gevolg sal word. In die motivering van die studie is genoem dat die vorming van persepsies van skool as 'n sirkelroete voorgestel kan word. Daar is genoem dat die doel van die ondersoek is om die fenomeen, persepsie, te verstaan; om faktore wat persepsievorming beïnvloed op te spoor en om leerders se persepsie te evalueer en aanbevelings te gee oor die hantering van leerders met 'n bepaalde persepsie van skool.

Die motivering vir die studie spruit basies uit dit wat ek in die praktyk ondervind oor die gedrag van leerders met negatiewe persepsies van skool.

Daar is verklarings van die onderskeie begrippe gegee en in die navorsingsmetode en ontwerp is daar uiteengesit hoe die navorser die studie gaan aanpak.

In Hoofstuk 2 sal daar gefokus word op die betekenis van die term *persepsie*, en faktore wat 'n rol in die vorming van 'n leerder se persepsie van skool speel.

# HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE – PERSEPSIE

*“Ons sien nie dinge soos hulle is nie; ons sien dit soos óns is”*

-Anaïs Nin-

## *2.1 INLEIDING*


Uit ervaring met leerders aan ŉ sekondêre hoërskool is gevind dat konflik tussen ouers en leerders oor skool en skoolwerk ontstaan. Ouers voel dikwels leerders moet lank voor die tyd met take en leerwerk begin. Die leerders daarteenoor redeneer dat hulle sal klaarkry met hul werk, indien hulle ŉ dag voor die afsnydatum begin. Hierdie is maar een verskil in persepsie wat tot konflik en misverstande lei.

In hierdie hoofstuk sal gekyk word na die definisie van persepsie en hoe ŉ persepsie deur middel van die sintuie gevorm word. Daar sal kortliks gefokus word op neurologiese prosesse wat tydens persepsievorming plaasvind. Wanneer ŉ persepsie gevorm word, speel die persoon se ervaring uit die verlede ŉ rol wanneer hy ŉ betekenis aan die gewaarwording heg. Die betekenis wat aan ŉ gewaarwording gegee word, geskied op grond van die persoon se verwysingsraamwerk. Daar sal in hierdie hoofstuk spesifiek na die rol van die verwysingsraamwerk in die vorming van ŉ persepsie gekyk word.

Wanneer daar spesifiek van die adolessent se persepsie van skool gepraat word, gaan daar in hierdie hoofstuk op vier faktore wat ŉ rol speel gefokus word. Die rol van die leerder self, die onderwysers en skool, ouers en die portuurgroep sal ondersoek word.

Diagrammaties kan Hoofstuk 2 as volg voorgestel word:

**Diagram 2.1 Uiteensetting van Hoofstuk 2**




## ***2.2 <u>DEFINISIE VAN PERSEPSIE</u>***

Wanneer die term "persepsie" gebruik word, gaan dit oor die persoonlike betekenis wat 'n persoon aan dit wat hy waarneem of waarvan hy bewus geword het, geheg het. Die persepsie word dus gevorm, deurdat die persoon 'n situasie op 'n bepaalde wyse ervaar (deur middel van die sintuie) en dan betekenis aan daardie ervaring gee.

Om die term, "persepsie" te definieer, is geen maklike taak nie. Persepsie bestaan uit soveel fasette en beskik nog oor 'n persoonlike element ook, dat daar geen spesifieke definisie daarvoor bestaan nie. "*A very important aspect*

*of perception is the realisation that one is dealing with an individual's private experience".* – Dember en Warm (in Venter, 2004:26).

Hierdie komplekse aard van persepsie word deur, Goldstein, McBurney, Collings en Cantril (in Venter, 2004:24) deur die volgende stelling, bevestig: *"The idea of perception and perception formation is very complex and highly interdisciplinary. The study of perception poses an intellectual challenge of unravelling the complex processes involved".*


Vanweë die multidimensionele karakter van "persepsie" het daar al vele debatte ontstaan. Lewis (1999:30) noem egter dat die sterk punte van die teorie oor persepsie, veral in die Sielkunde en die Filosofie gesetel is. Om die verskil tussen die Sielkunde en die Filosofie uit te wys, verduidelik Lewis (1999) dat die belangrikheid van persepsie vir die filosowe lê in die HOE dat die mens inligting verkry deur middel van die sintuie en wat dan tot denke, gedagtes en ideologieë lei. Vir die doel van hierdie studie sal daar nie in verdere detail op die sieninge van verskillende filosowe ingegaan word nie, maar die fenomeen sal eerder vanuit die sielkundige se oogpunt bestudeer word.

Die sielkundige fokus op die invloed van persepsie op die denke en emosies van die mens. Op die terrein van die sielkunde, bestaan daar teoretiese debatte oor onder andere tot watter mate gedrag aangeleer is en watter gedrag aangebore is. Hierdie debatte berus op persepsie. Die studie van Shaver en Tarpy (in Lewis, 1999:31) beklemtoon dat "*Even the field of psychology did not escape theoretical debates on, amongst other things, the nature-nurture problem, and its implication with regard to "perception".*

Persepsie kan nie slegs as 'n objek opsigself of 'n enkele gebeurtenis gesien word nie. Dit is 'n proses wat plaasvind. Bergen (in Du Plessis, 1996:5) beskryf dit as volg: *"met persepsie word bedoel die (hoofsaaklik* ***kognitiewe) prosesse*** *waardeur die individu die* ***stimuli*** *uit sy eksterne of interne omgewing selekteer, evalueer en organiseer. Die term "persepsie "maak met*

*ander woorde vir* ***geheue en die interpretasie*** *van stimuli voorsiening. Die belangrike rol wat vorige* ***ervaring*** *in persepsie speel word algemeen erken".* Voordat ervaring egter 'n rol speel, is dit belangrik om op die rol wat die sintuie speel te let. Die inisiële rol wat die sintuie in persepsievorming speel, sal nou bespreek word.

**Diagram 2.2 Die vorming van persepsies**




### 2.2.1 Waarneming / gewaarwording deur middel van die sintuie

Voordat 'n persepsie van 'n voorwerp of situasie gevorm kan word, moet inligting uit die situasie deur middel van die sintuie onttrek word. Ornstein en Carstensen, Matlin, Foley en Johnson (in Lewis, 1999:37) dui die begin van persepsie duidelik aan deur te sê dat "*the first step in the perception process is the constant experiencing of multiple external phenomena by means of the five senses: taste, smell, sight, hearing and touch."*

Jordaan en Jordaan (1996) verdeel persepsie deur die sintuie in die waarneem van objekte en die waarneem van ruimte. Die waarneming van objekte vorm die eerste stap tot die vorming van 'n persepsie en word 'n

sensasie genoem. "*Sensation refers to the process of converting the physical stimuli received through the sense receptors into neural/electrical impulses to be sent to the brain for processing into understandable content – this conversion is called transduction"* - (Gardner, 2002:24)

Volgens Jordaan en Jordaan (1996) vind konseptuele organisasie plaas deurdat die brein verskillende dele van 'n geheel, saam groepeer om een prentjie of 'n persepsie te vorm van dit wat gesien word. So, sal 'n persoon na 'n boek kyk en dit as 'n boek waarneem en nie as twee buiteblaaie met 'n hoeveelheid dun blaaie binne in nie. Nog 'n voorbeeld is waar 'n stoel agter 'n muur staan. Slegs die helfte van die stoel is sigbaar, tog is dit moontlik om sonder moeite waar te neem dat die helfte van die voorwerp wat uitsteek, 'n stoel is. Die vermoë om hierdie waarneming te maak word die *kompleksiteit van objekpersepsie* genoem. In hierdie geval gaan dit dus om dit wat waargeneem word en prosesse wat in die brein plaasvind, om 'n bepaalde persepsie te vorm.


Alvorens 'n persepsie gevorm word, word inligting deur middel van die sintuie aan die brein gestuur. Die eerste gewaarwording wat 'n persoon dus ervaar, begin by die sintuie. Johnson (1994:476) beklemtoon dat die manier waarop die mens die wêreld om hom konstrueer, deur middel van die sintuie plaasvind. Die proses wat tussen die stimulasie van die retina en die vorming van 'n persepsie plaasvind, word neurale prosessering genoem. Vir die doel van hierdie studie, sal daar nie in diepte op hierdie aspek ingegaan word nie, aangesien die omvang van die studie dan te wyd is.

Nadat inligting deur middel van die sintuie verkry is en neurologiese prosesse plaasgevind het, word betekenis aan die ervaring gegee. Betekenis word op grond van die persoon se vorige ervaringe gegee. Vorige ervaringe vorm die persoon se verwysingsraamwerk. Hierdie verwysingraamwerk ontstaan op grond van die persoon se ervaringe uit sy omgewing. "*Navorsers wat kinderontwikkeling – meer spesifiek, sosiale ontwikkeling - bestudeer, is dit eens dat die kind se ontwikkeling en welstand nie losstaan van sy omgewing nie"*- (Engelbrecht, 2002:15).

Meeste mense is bewus van die wêreld rondom hulle en wat om hulle aangaan. Tog word heelwat inligting oorgesien en misgekyk omdat mense onbewus is van hoe die perseptuele proses werk. Soderquist (in Venter, 2004:18) stel dit as volg: "*Most of the world, however, is unknown, because it contains many events that people do not focus on or simply do not perceive – people overlook many interesting aspects of their environment.*"

### 2.2.2 Neurologiese prosesse

**Diagram 2.3 Neurologiese prosesse**




Wanneer 'n persoon 'n konsep waarneem, word inligting deur die reseptorselle (wat in die sintuiglike organe geleë is) ontvang, daar vind dan transduksie plaas en die stimuli wat waargeneem is, word in elektrochemies seine wat deur middel van neurone na die brein geneem word, omskep. Vir die doel van hierdie studie is dit voldoende om daarvan bewus te wees dat waargenome inligting deur middel van transduksie omskep word in elektrochemiese seine en na die brein gestuur word. Daar sal nie 'n in diepte beskrywing gegee word van die neurale prosesse wat plaasvind nie.

Die mens word gebombardeer met ‘n ongelooflike hoeveelheid inligting uit die omgewing. Sonder dat die mens eers altyd daarvan bewus is, word slegs sommige inligting opgeneem en verwerk. Hierdie reduksie van stimuli vind plaas deur middel van ingeboude strukture in die sensoriese sisteme. Die opneem van ’n oormaat stimuli, word op hierdie manier dus verhoed.

Dit is verder belangrik om te weet dat hoewel die mens baie bewus is van die primêre sintuie, gehoor en visie, daar ook verskeie minder prominente sintuie bestaan. Brown en Deffenbacher (in Venter, 2004:22) beskryf die funksie van hierdie sintuie as volg: *“In particular, while vision and hearing tell us about the external world in general, the minor senses tell us more about our own bodies and the relationships between our bodies and the nearby external world. Information about the more remote environment may be of strategic importance, and like strategic information generally, interesting to contemplate”*.

Die volgende agt sintuie word deur Gardner (in Venter, 2004:22) genoem:

1. Eksteroreseptors: visie en gehoor
2. Proprioreseptors: velsintuie wat klem lê op gevoel, die chemiese sintuie van smaak en die chemiese sintuie van reuk.
3. Interoseptors of diepte sintuie, naamlik die kinestetiese sintuie wat verandering in liggaamsposisie en beweging waarneem, die vestibulêre sintuig wat veranderinge in liggaamsbalans waarneem en die organiese sintuig wat verantwoordelik is vir die regulering van organiese funksies soos water en geslagsomgang.

Aangesien daar, behalwe vir die vyf primêre sintuie, daar ook addisionele sintuiglike organe in die literatuur bestaan, word daar eerder van die perseptuele sisteem gepraat, in plaas daarvan om slegs na die sintuie te verwys. Gardner; Gellatly en Zarate (in Venter, 2004:23) staaf hierdie siening deur te sê: *“Often people would only recognise the five senses generally described in literature, but additional kinds of sense organs have been*

*identified through research. It might be better to talk about perceptual systems, instead of senses as proposed by various authors".*


Om saam te vat, is dit belangrik om te weet dat die eerste stap tot persepsievorming plaasvind deur die sintuie wat ŉ bepaalde stimuli waarneem. Behalwe vir die vyf primêre sintuie, bestaan daar in die literatuur ook agt sekondêre sintuie wat ook ŉ belangrike rol in die verkryging van inligting uit die omgewing speel.

Elke sintuig beskik oor reseptors wat deur middel van transduksie, elektrochemiese seine deur middel van neurone na die brein stuur. Huffman; Vernoy; Williams en Vernoy (1991:67) beskryf dit as volg: "*Sense organs contain receptors that receive and process sensory information from the environment. There exist specialised cells for each sense. Through transduction the receptor cells convert the stimuli into electrochemical signals and these signals are then carried through to the brain via the neurons…"*

Om betekenis aan hierdie sensoriese inligting te gee, word daar op nog ŉ faset, naamlik ervaring, gefokus.

### 2.2.3 Die rol wat ervaring in die vorming van 'n persepsie speel.

**Diagram 2.4 Die rol wat ervaring in die vorming van 'n persepsie speel**




Volgens die selfteorie van Carl Rogers beleef ŉ kind sy organismiese ervaring as werklikheid. Daar is reeds genoem dat ŉ persepsie gevorm word,


uit 'n persoon se bepaalde ervaring van die werklikheid. Hieruit word dus afgelei dat 'n persoon se ervaring van die werklikheid, sy persepsie van daardie ervaring van die werklikheid, weerspieël.

Rogers noem dat elke persoon oor sy eie, unieke verwysingstelsel beskik. Hierdie verwysingstelsel word op grond van vorige ervaringe gevorm. Geen mens kan 'n ander se interne verwysingstelsel ten volle begryp nie. Aangesien 'n kind se ervaring vir hom die enigste werklikheid is, bring dit mee dat kinders dikwels oor 'n ander verwysingstelsel as sy ouers beskik. Dit is juis hierdie uniekheid van ervaringe, wat dikwels misverstande tussen ouers en kinders veroorsaak. Dit is ook juis dit wat veroorsaak dat leerders 'n bepaalde persepsie van skool huldig, wat dikwels van hul ouers s'n verskil.

Die wyse waarop die kind 'n bepaalde situasie, op unieke wyse ervaar, bring mee dat hy persoonlike betekenis aan die situasie gee.

### 2.2.4 Die rol wat betekenisgewing in die vorming van 'n persepsie speel.

**Diagram 2.5 Die rol wat betekenisgewing in die vorming van 'n persepsie speel.**




Betekenis word gegee, op grond van die verwysingsraamwerk waaroor die persoon beskik. Die verwysingsraamwerk word gevorm op grond van die vorige ervaringe of ondervindinge waaroor die persoon beskik. Dember en Warm (in Venter, 2004:26) noem in die verband dat "*A very important aspect of perception is the realisation that one is dealing with an individual's private experience".*

Die verklaring van HOE betekenis aan 'n ervaring of gewaarwording gegee word, ontlok heelwat reaksie by sielkundiges en ook in die filosofiese kringe. Die verskillende sielkundige teorieë, wat kortliks bespreek gaan word, gee 'n aanduiding van verskillende verklarings oor die wyse waarop betekenis toegeken word. Indien die persoon 'n positiewe ondervinding, byvoorbeeld in verband met skool, gehad het, sal die betekenis wat toegeken word aan die

nuwe situasie ook positief wees. Indien daar intussen iets gebeur wat die persoon so negatief in verband met skool ervaar, dat hierdie ervaring erger of sterker is as die eerste ervaring, sal die aanvanklike persepsie van skool uitgewis word en persepsie op grond van die sterkste ervaring plaasvind. Persepsie is dus 'n baie persoonlike aspek.

Aangesien persepsie handel oor betekenis wat uit persoonlike ervaring, aan 'n gewaarwording toegeskryf word, gebeur dit heel dikwels dat twee persone na dieselfde objek kyk, maar verskillende betekenisse daaraan toedig. Die aanhaling uit Gardner (2002:24) beskryf dit as volg: "*It is the mind which creates the world about us, and even though we stand side by side in the same meadow, my eyes will never see what is beheld by yours, my heart will never stir to the emotions with which yours is touched*". Dit is juis verskillende persepsies wat daartoe aanleiding gee dat mense van mekaar verskil en misverstande voorkom. Indien die perseptuele proses verstaan word en vir die doel van hierdie studie, indien ouers die perseptuele proses verstaan, kan heelwat konflik uit die weg geruim word. Wanneer daar gefokus word op HOE 'n persepsie ontstaan, kom dit aan die lig, dat dit eintlik abnormaal vir 'n ouer en kind is om presies dieselfde persepsie oor skool te hê. Lewis (1999:28) bevestig hierdie stelling deur te stel dat: "*Individuals and groups experience stimuli to which they give meaning. Although, in many instances these stimuli are experienced similarly, they may often be perceived differently*". Sekere gebeure en invloede by die skool, het hy anders as sy ouers beleef en daarom gee hy ander betekenis daaraan as sy ouers. Sy persepsie van skool verskil dus van die van sy ouers omdat sy persoonlike verwysingraamwerk uit sy persoonlike ervaringe gevorm word.

#### 2.2.4.1 Die rol wat die verwysingsraamwerk tydens betekenisgewing speel.

Leerders se verwysingsraamwerk word op grond van ervaringe wat hulle opdoen, gevorm, veral van belangrike rolspelers in hul lewens. So speel die verhouding wat die kind met sy ouers het, 'n rol in die leerders se vorming van sy persepsie van skool. Dit is wel bekend dat leerders doen wat hulle


**waarneem** en nie noodwendig doen wat hulle ouers vir hulle sê om te doen nie. Leerders se observasies van ouers se gedrag en houdings, vorm ŉ permanente deel van hulle verwysingsraamwerk. Engelbrecht (2002:16) noem dat inligting wat leerders waarneem deur hul ouers se optrede dop te hou, geïntegreer word om ŉ "skema" of "verwysingsraamwerk" te vorm en word die bril waardeur toekomstige verhoudinge beskou word – ook sy verhouding of persepsie van skool – eie afleiding.

Hierdie "bril" waardeur verhoudings beskou word, word verder gevorm uit dit wat die kind **leer.** Vanaf die oomblik dat ŉ kind gebore word, word inligting versamel of geïnternaliseer. Op hierdie manier word ŉ verwysingsraamwerk gevorm. Die verwysingraamwerk vorm die totaliteit van dit waarin die kind glo en reflekteer dit wat vir hom sin maak.

Al kyk twee persone na dieselfde objek, kan die sin van dit wat die een persoon waarneem, totaal van die sin, wat dieselfde objek vir ŉ ander persoon maak, verskil. Die persoon se verwysingsraamwerk veroorsaak dus dat twee persone na dieselfde voorwerp kyk, maar dit verskillend waarneem. In hierdie verband kan daar verwys word na die alombekende eksperiment wat deur Dobson en Kendall (1993:8) uitgevoer is. Hulle het proefpersone gevra om na glas met water te kyk en dit te beskryf. Party het gesê dat die glas halfvol was, terwyl ander dit as halfleeg beskryf het. Leerders se persepsies uit die verlede beïnvloed dus die wyse waarop nuwe persepsies gevorm word. Scharff en Scharff (1987:103) noem dat alhoewel die kind kognitief verouder en dus dinge in ŉ meer realistiese perspektief beskou, hul steeds na hul basiese "skema" of verwysingsraamwerk terugverwys. Dit is soos wanneer ŉ moeilike wiskundige probleem opgelos moet word en daar steeds terugverwys word na die basiese reëls van Algebra. So sal die kind, soos hy ouer word, nuwe situasies "herontdek" en teen ŉ agtergrond van vorige ervarings ontleed.

Die onderstaande diagram som dit wat reeds oor persepsie gesê is, op:


**Diagram 2.6 Die plek van die verwysingsraamwerk in die vorming van 'n persepsie**




Tot dusver is daar gefokus op die definisie van persepsie en hoe 'n bepaalde persepsie tot stand kom. Daar sal nou gefokus word op faktore wat 'n rol speel wanneer persepsies gevorm word. In hierdie verband, sal spesifiek gefokus word op die sekondêre skoolleerder in skoolverband.

## *2.3 FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN DIE VORMING VAN DIE ADOLESSENT SE PERSEPSIE VAN SKOOL*

**Diagram 2.7 Faktore wat 'n rol speel in persepsievorming van skool.**



### 2.3.1 Die adolessent

Wanneer daar van 'n adolessent gepraat word, is dit belangrik om daarmee rekening te hou dat die adolessentetydperk in verskillende fases ingedeel kan word. Hopkins (1994:330) verdeel dit as volg: vroeë adolessensie strek van ongeveer 12 – 14 jaar, middeladolessensie van ongeveer 15 – 16 jaar en laatadolessensie, van ongeveer 17 – 21 jaar. In hierdie studie sal hoofsaaklik gefokus word op leerders in die fase van middel-adolessensie en die begin van die laat-adolessente fase.

In die praktyk is gevind dat die persepsie wat die adolessent van sy skool het, hoofsaaklik op grond van sy ervaring van die skool en sy ervaring van die rolspelers gevorm word. 'n Begaafde graad nege leerder, Johan, se pad het met 'n gradehoof, wat sy mes vir hierdie betrokke leerder ingehad het, gekruis. Vanweë negatiewe opmerkings en terugvoer wat Johan van sy gradehoof ontvang het, het 'n eens positiewe leerder, geleidelik al meer negatief oor skool geraak. Die onderwyser is uitgevra oor die betrokke leerder en hy het vertel dat die seun probleme gee en dat hy hom nou dophou vir enige verdere misstap.

In die skool ervaar die leerders die skool óf positief, óf negatief. Sy ervaring hang af van die klimaat wat by die skool heers. Hierdie klimaat word gevorm deur die verskillende rolle wat die onderwysers, die skool self en die portuurgroep speel. Op grond van die leerder se ervaring van die klimaat, word sy persepsie gevorm.

### 2.3.2 Die ouers

Die leerders se ouers speel 'n verdere prominente rol in die vorming van 'n persepsie van skool. Leerders is meer geneig om die skool positief te ervaar, indien ouers 'n positiewe houding jeens skool uitstraal.

Daar is in die praktyk bevind dat ouers, wat gedurig bekommernis uitstraal oor wanneer die kind gaan leer en wil weet hoekom hy nog nie huiswerk gedoen het nie, 'n antagonisme by die leerder ontlok. Hierdie leerder is naderhand so

negatief oor skool, dat hy ongemotiveerd raak en wag dat sy ouers hul begin bekommer, voordat hy begin bekommerd raak oor sy skoolwerk.

Ouers wat negatiewe opmerkings teenoor die onderwysers en selfs teenoor sy kind se vriende maak, ontlok 'n negatiewe houding by die kind wat sy persepsie teenoor die skool negatief beïnvloed.

### 2.3.3 Die portuurgroep

Portuurgroepe kan gesien word as dinamiese kragte wie se invloed en funksies gedurende adolessensie verskuif. Hierdie kragte hang af van die skool of gemeenskap aan die eenkant en die vlak van die adolessent se betrokkenheid by die portuurgroep aan die anderkant – (Brown, Eicher & Petrie, 1986:95).

Volgens Dunphy (1972:16) word 'n portuurgroep tussen vroeë en middeladolessensie gevorm ten einde adolessente in heteroseksuele rolle te sosialiseer en te organiseer.

Die portuurgroep dui dus op die adolessent se onmiddellike sirkel van goeie vriende. Bepaalde kragte speel 'n rol in die vorming van hierdie sirkel van vriende. Louw (1998:455-456) noem dat portuurgroepe dieselfde waardes, belangstellings en houdings deel en dat hulle goeie vriende is. Hierdie selfde waardes, belangstellings en houdings vorm saambindende kragte in die vorming van die portuurgroep. Die skool of gemeenskap speel 'n rol waar hierdie saambindende kragte ter sprake is. "*Die portuurgroep oefen 'n onvermydelike en betekenisvolle invloed op die adolessent se houding teenoor homself en die skool uit en dit forseer die adolessent om homself in sekere terme te definieer*" - (Cullingford & Morrison, 1997:63).

In die praktyk is bevind dat leerders geneig is om 'n negatiewe ervaring van skool te hê, indien daar onderlinge struwelinge met vriende is. 'n Negatiewe betekenis word aan die skool geheg wat dan op 'n negatiewe persepsie van skool uitloop.

Adolessente word dikwels so deur vriende beïnvloed dat, indien die vriende 'n negatiewe persepsie van skool het, die betrokke leerders self, ook 'n negatiewe persepsie van die skool ontwikkel.

### 2.3.3.1 Funksies van die portuurgroep in persepsievorming.

Daar sal nou kortliks gekyk word na wat die funksies van die portuurgroep is. Indien die *funksie van die portuurgroep* vasgestel kan word, kan dit lei tot inligting aangaande die *rol wat die portuurgroep in die adolessent se persepsie van skool speel.* Elke funksie van die portuurgroep word nie volledig bespreek nie, aangesien nie elke funksie van toepassing op persepsievorming is nie. Dit word slegs vir volledigheid genoem.

Die portuurgroep dien as bron van sosiale interaksie. Kommunikasievaardighede word binne die portuurgroep geoefen. Die leerder kry ook geleentheid om leierskapvaardighede te oefen en om homself en ander akkuraat te evalueer.

In die portuurgroep ontwikkel die leerder selfvertroue en ervaar ondersteuning en sekuriteit van die portuurgroep. Clasen en Brown (1985:452) noem dat die portuurgroep aan die adolessent 'n gerusstellende kontras met die onsekerheid omtrent homself bied.

In sy interaksie met die portuurgroep kry die leerder geleentheid om sosiale vaardighede en rolle in te oefen. Ontwikkeling van 'n selfkonsep vind ook plaas deurdat die leerder gedurig sosiale goed- of afkeuring ervaar en homself daarvolgens evalueer. In hierdie verband dien die groep as 'n verwysingsraamwerk waarbinne die adolessent sy sosiale identiteit kan meet en waarde en norme kan evalueer – Monteith, Postma & Scott (1988:104).

Volgens Winiarski-Jones (1988:57) dien die portuurgroep as 'n "mikrokultuur" van simboliese en praktiese bronne soos waardes, gedragswyses en 'n wêreldbeskouing. Deur hierdie "mikrokultuur" formuleer en bereik hul hul

doelwitte en word waardes gevestig. Die groep bepaal die adolessent se ambisie, hardwerkendheid, vooroordele en musieksmaak. Die groep bepaal dus ook die leerder se persepsie van skool. Indien die groep as geheel se persepsie van skool negatief is, huldig die individuele leerder van daardie groep dikwels dieselfde mening.

### 2.3.4 Die onderwysers

Indien verskillende skole sou besoek word, word daar by elke skool 'n ander "gevoel" ervaar. *"In one school the **teachers and the principal** are zestful and exude confidence in what they are doing. In a second school the brooding **discontentment of the teachers** is palpable. And the psychological sickness of such a faculty spills over on the **students who, in their own frustration, feed back to the teacher a mood of despair**. A third school is marked by neither joy nor despair, but by hollow ritual ... in a strange way the show doesn't seem to be "for real."* – Halpin, Hoy en Forsyth (in De Villiers, 2006:17). Die rol wat die onderwysers en die hoof op die vorming van leerders se persepsie van skool speel, kom in hierdie aanhaling duidelik na vore.

Onderwysers se entoesiasme oor die skool en die vak wat hulle onderrig, word na leerders oorgedra deurdat die leerders 'n positiewe gees ervaar. Hulle persepsies van skool word gevorm op grond van dit wat hulle ervaar. Leerders ervaar byvoorbeeld die ontevredenheid en misnoeë van onderwysers in 'n gees van moedeloosheid – deur hierdie negatiewe ervaring, vorm leerders dan 'n negatiewe persepsie van skool.

Onderwysers speel dus 'n rol in die daarstel van 'n spesifieke skoolklimaat. Die klimaat is dit wat die leerders **ervaar** en waarop persepsie van skool gevorm word. Kruger (in De Villiers, 2006) noem dat spesifieke optredes van onderwysers die skoolklimaat beïnvloed. Onderwysers wat nie hart en siel betrokke is tot onderwys nie; onderwysers wat voel dat die **hoof hulle verhinder** om hul professionele take uit te voer; onderwysers wat **nie met hul kollegas oor die weg kom** nie en onderwysers wat hul **gevoelens deel en**

**vriendskappe sluit**: dit is alles faktore wat die skoolklimaat beïnvloed en ook ŉ invloed op leerders se vorming van ŉ persepsie van skool het.

Volgens De Villiers (2006:27) is die organisasieklimaat ŉ faktor by die vorming van persepsies oor skool. Dit gaan oor die wyse waarop die onderwysers die bestuur van die skool ervaar. Van meer belang vir hierdie studie, word ook verwys na die opvoedingsklimaat – dit verwys na die wyse waarop die leerders die skoolklimaat ervaar. Hierdie ervaring word op die leerders se interaksie met die onderwysers gegrond.

De Villiers noem dat die organisasieklimaat te doen het met die "**gees" of atmosfeer** in die skool; die onderwysers se ervaring van hul **werksomgewing** en die karaktertrekke van die skool as uitvloeisel van **bydraes** wat bestuurders, onderwysers en leerders maak.

Volgens Gilley en Maycunich (in De Villiers, 2006) bestaan ŉ positiewe organisasieklimaat daaruit dat werknemers (dit sluit die leerders in), **lojaal en betrokke** sal wees; daar vind **groei** en positiewe verandering plaas en dat daar goeie **kommunikasie** tussen alle lede van die organisasie bestaan.

Mentz (in De Villiers, 2006:29) lig die volgende faktore uit wat met organisasieklimaat te doen het: **interne pogings** in die organisasie; die **tipes persone** in die organisasie;werksprosedures; die fisiese **werksomgewing (uitleg);** wyses van **kommunikasie**; **houdings; gemotiveerdheid en lojaliteit** ten opsigte van die organisasie en die **norme en lewensuitkyk** wat gehuldig word.

Leerders vorm positiewe persepsies van die onderwyser wanneer onderwysers op gereelde basis persoonlike kontak maak en ŉ omgewing van omgee en daarwees skep. Persoonlike kontak kan gemaak word deur geleentheid vir individuele gesprekvoering te skep deur byvoorbeeld die plaas van 'n rooster met spreekure op die deur. Die volgende aanhaling van Carl Rogers (in De Villers, 2006:39) demonstreer hierdie stelling: "*I work every day in my garden. The roses, flowers, and plants do well in southern California*

*climate if you water, provide natural food and till the soil to allow oxygen to reach the roots. I am aware that weeds are always present. It is the constant caring that prevents the weeds from taking over the garden. Person-centered education is much like my rose garden.* ***It needs a caring environment to sustain its beauty."***

### 2.3.5 Die skool

**"** *A school's culture has a very powerful influence on the life of those within it and on the success, in academic, social and personal terms, that the individuals within the school achieve."* - Reid, Hopkins en Holly (in De Villiers, 2006:61).

Die adolessente leerder vorm 'n persepsie van skool deurdat hy die skool as instansie, maar ook die skool met al sy fasette op 'n bepaalde manier ervaar. Aan hierdie ervaring word dan betekenis gegee, op grond van dit wat hy al voorheen by 'n vorige skool ervaar het. Die verskillende fasette van die skool sluit aspekte soos die gebou self, die terrein, aktiwiteite, die onderwysers, reëls, leerderraad en so meer in.

Die doel van 'n skool, is volgens Beare, Caldwell en Milikan (in De Villiers, 2006:1), om mense te help om te leer. Positiewe leer vind plaas wanneer daar 'n gesonde klimaat by die skool heers – "*school climate is the heart and soul of a school. That essence of a school that leads a child, a teacher, an administrator, a staff member to love the school and look forward to being there each school day*". Om vas te stel wat leerders se persepsie van skool is, sal daar spesifiek gekyk word na wat hulle persepsie is oor die klimaat wat by die skool heers.

Die atmosfeer wat 'n skool skep, beïnvloed die persepsies wat 'n leerder van die skool vorm. Die aanhaling uit Kelly (in De Villiers 2006:1) dui hierdie aspek duidelik aan: *"Some schools are cheerful and hum with excitement and purpose. Others seem to lack enthusiasm. Some classrooms are alive with expectancy. Others appear moribund. Some people who work and study in*

*schools see each new day and each new person as opportunities for improving their understanding of the world around them. Others fear that today will be worse than yesterday. These feelings of satisfaction and productivity constitute school climate".* Die klimaat wat die skool skep, bepaal of die leerder entoesiasties en positief sal wees oor die skool en of hy 'n negatiewe persepsie sal vorm deurdat dit wat hy by die skool ervaar, negatief op hom inwerk.

In 2006 het De Villiers 'n studie gedoen oor die persepsies wat opvoeders het oor die klimaat wat in primêre skole in die Suid-Kaap heers. Uit hierdie studie sal 'n paar faktore geïdentifiseer word, wat bydra tot die vorming van leerders se persepsies van skool. Hierdie faktore sal kortliks bespreek word.

Aangesien skoolklimaat 'n rol speel in die vorming van 'n persepsie van skool, sal 'n paar eienskappe, wat voorkom by 'n positiewe skoolklimaat, genoem word. Daar vind groei by 'n skool met 'n positiewe klimaat plaas.

## *2.4 SAMEVATTING*

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n uiteensetting te gee oor die wyse waarop 'n persepsie gevorm word. Daar is gefokus op die inisiële rol wat die sintuie speel. Sodra 'n gewaarwording van 'n objek of situasie gemaak is, vind bepaalde neurologiese prosesse plaas. Op grond van die persoon se vorige ervaringe word 'n verwysingsraamwerk gevorm. Die persoon gee dan betekenis aan dit wat hy waarneem of ervaar op grond van sy verwysingsraamwerk.

Noudat daar in die algemeen verduidelik is HOE 'n persepsie gevorm word, sal daar in Hoofstuk 3 meer spesifiek gefokus word op die oorsake waarom sekere leerders oor 'n negatiewe persepsie van skool beskik.

# HOOFSTUK 3: OORSAKE VIR DIE VORMING VAN 'N NEGATIEWE PERSEPSIE VAN SKOOL

***What is school like?***

*"School is like a prison*
*We can't leave,*
*School is like an island*
*We are all trapped,*
*School is like a pie*
*It is good at first until you reach the crust,*
*School is like a toilet*
*It is full of germs,*
*School is like a salad*
*You have to put something on it to make it better,*
*School is like a stupid cat*
*It never dies,*
*School is like a garbage truck*
*It smells, it's big and you can here it from a mile away,*
*School is like a baby*
*It always needs your attention,*
*School is like a shark*
*It just keeps chasing,*
*School is like going to jail*
*You never want to go back."*

*-Jacob Gifford -*

## *3.1 INLEIDING*

Bogenoemde gedig weerspieël die negatiewe persepsie wat 'n leerder oor skool huldig. Wanneer daar op die internet by, *www.poemhunter.com* na die reaksie op hierdie gedig gekyk word, is dit duidelik dat daar talle leerders is wat hierdie persepsie oor skool met die digter deel. Uit die reaksie van


leerders op hierdie gedig blyk dit dat leerders dikwels vasgevang voel (soos in ’n tronk) en dat die belewenis so negatief is, dat hulle nooit weer wil teruggaan skool toe nie. Die vraag ontstaan, wat lei daartoe dat leerders so ’n negatiewe persepsie oor skool huldig.

Uit leerders se reaksies op “facebook” oor wat jy die meeste van jou skool gehaat het kom aspekte na vore soos: die herhaaldelike verwysing na die skool se beeld. Leerders ervaar ’n langdradige gepreek tydens openinge negatief en beleef vermaning tot dissipline, negatief. Die vraag ontstaan of dit slegs hierdie tipe opmerkings is wat ’n negatiewe persepsie oor skool by ’n leerder laat ontstaan, of is daar ander faktore wat ’n oorsaaklike rol speel? In hierdie hoofstuk word gefokus op interne- sowel as eksterne faktore wat ’n rol in die vorming van’n negatiewe persepsie van skool speel.

Betreffende die eksterne faktore sal ondersoek ingestel word na die rol wat die leerder se persoonlike ingesteldheid oor skool is, die rol wat die skool en onderwysers speel, die portuurgroep en die ouers. Daar sal ook na die rol wat die politiek en die media speel, gekyk word. Interne faktore wat ondersoek sal word, is: lokus van kontrole, die leerder se motivering, emosionele probleme, kognitiewe probleme en gedragsprobleme.

Diagrammaties kan die inhoud van hoofstuk 3 as volg voorgestel word:

**Diagram 3.1 Verloop van hoofstuk 3**




## *3.2 <u>EKSTERNE FAKTORE</u>*

### 3.2.1 Die leerder self

Die Odendal en Gouws (2009:657) verwys na 'n leerder as 'n persoon of student wat leer. Dit impliseer 'n betrokkenheid van die leerder by sy skoolwerk.

In sommige kringe word beweer dat kinders as 'n "skoon lei" gebore word. Deur die ervaringe wat die leerder deur opvoeding en onderwys opdoen, word die lei al voller en verkry verskillende leerders se leie verskillende kleure op grond van die persepsies wat gevorm is.

In die praktyk is ervaar dat dit nie net dit wat reeds gebeur het, is wat die leerder se persepsie beïnvloed nie, maar dat die toekoms en

toekomsverwagtinge ook 'n rol in die leerder se persepsievorming van skool speel. Die navorser het ervaar dat leerders 'n houding inslaan van dat daar in elk geval nie werk is vir blanke mans nie, so waarom moet hulle hul beste op akademiese gebied lewer? Kamper (2006) noem dat 'n gebrek aan positiewe toekomsverwagting onder die jeug simptomaties tot swak akademiese prestasie en a-sosiale problematiek (soos aggressie, dwelmmisbruik en misdaad) kan lei. Daar sal later in die hoofstuk op die invloed van akademiese prestasie en die rol van die portuurgroep en sosiale gedrag op die vorming van persepsie van skool, gefokus word.

Wanneer daar van toekomsverwagtinge gepraat word, is daar veral twee prominente sosiologiese modelle wat uitstaan, naamlik die ekologiese model en die lewensloopmodel - Crockett en Silbêreisen (in Kamper 2006). By die ekologiese model speel die onmiddellike leefwêreld van die adolessent 'n rol. Faktore soos die familie, skool en portuurgroep is hier ter sprake. Die lewensloopmodel dui weer op maatskaplike hindernisse in die weg van die adolessent se potensiaal.

In sy studie het Kamper (2006) hoofsaaklik gefokus op die lewensloopmodel en dus navorsing oor maatskaplike hindernisse in die weg van die adolessent se potensiaal-verwesenliking nagevors. Hy vors die volgende maatskaplike hindernisse na: die globale armoedeproblematiek; ontoereikende en irrelevante onderwysvoorsiening; steeds toenemende werkloosheid; politieke apatie jeens die jeug se welsyn en toekoms en onvoldoende toerusting vir interetniese kommunikasie in die globaliseringsera.

Vir die doel van hierdie studie sal meer inligting omtrent die ekologiese model ingegaan word. Aspekte soos die rol van die adolessent se familie, skool en portuurgroep op die vorming van sy persepsie van skool sal nagevors word.

### 3.2.2 Die Skool en onderwysers

Volgens Odendal en Gouws (2009:1022) word die skool gedefinieer as 'n gebou waarin onderwys gegee word. Daar word ook daarna verwys as 'n

plek, geleentheid waar 'n mens iets kan leer. Wanneer van die skool gepraat word, word dus na die fisiese gebou en klaskamers verwys.

Die navorser het in die praktyk ondervind dat verskillende leerders, dieselfde skool verskillend ervaar. Die vraag het ontstaan oor watter rol die skool speel om hierdie verskillende persepsies tot stand te bring. Leerders het verskillende antwoorde op die vraag na oorsake van hul vorming van persepsies van skool, gegee.

Opvallend is dat ongeveer 99% van leerders wat graad een skool toe gaan, baie opgewonde is oor skool. Hulle sien daagliks daarna uit om skool toe te gaan en almal wat uitgevra is, hou baie van hulle juffrou.

Leerders in die senior fase van die primêre skool, begin reeds negatiewe persepsies van skool opnoem. Onder groepies vriende blyk dit nie "cool" te wees om te sê jy hou van skool nie. Verskille met onderwysers begin intree en konflik met ouers ontstaan wanneer leerders moet begin leer vir toetse.

Faktore wat deur leerders genoem is, het die navorser laat besluit om meer inligting daaromtrent in te win.

Gemeenskaplike faktore wat telkens na vore gekom het, was: die toepassing van reëls, die rol wat die hoof en onderwysers speel, sowel as die rol wat die estetiese voorkoms van die skoolgebou en klaskameratmosfeer speel.

#### 3.2.2.1 Die Hoof

'n Ouer het by geleentheid aan die navorser genoem dat die hoof die hartklop van die skool is. Die hoof bepaal die atmosfeer wat heers, hy gee die pas aan en stel die standaarde. Die hoof en die voorbeeld wat die hoof stel, dra by tot die leerder se vorming van 'n persepsie van die bepaalde skool. Na afloop van 'n opedag by 'n bekende Afrikaanse hoërskool is gesprek gevoer met ouers en leerders oor hul persepsie van die skool en wat hulle beïndruk. In die meerderheid antwoorde het mense genoem dat hulle van die hoof en sy

aanslag hou, hy is sigbaar betrokke en weet wat aangaan en waarheen die skool op pad is. Hulle noem ook dat dit wat die skool bied, vir elkeen iets inhou. 'n Tema wat ook voorgekom het is dat die onderwysers en die leerders gelukkig lyk.

Uit hierdie onderhoude blyk dit dat die hoof 'n belangrike rol by die vorming van 'n persepsie van skool speel. "*Die nuwe benadering tot skoolbestuur ondersteun die sigbare teenwoordigheid van skoolhoofde, omdat hulle die vergestalting is van die visie, waardes en rigting waarin die skool beweeg"-* Steyn (in Lancaster, 2004). Persepsies van die skool word onder andere op grond van die hoof en sy sigbaarheid gevorm. "*Daar is gevind dat sigbaarheid geassosieer word met positiewe invloed op leerders en onderwysers se gesindheid en gedrag* - Levine (in Lancaster 2004:3).

Leerder vorm dus 'n persepsie van skool op grond van dit wat hulle van die skoolhoof sien en ervaar. Indien 'n betrokke leerder die skoolhoof selde of ooit by die skool sien, kan hy die hoof as belangeloos en afwesig beleef. Die betekenis wat die leerder gee, is dat die hoof onbetrokke is en nie omgee nie. Hierdie negatiewe betekenisgewing lei tot die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool.

#### 3.2.2.2 Die Onderwysers

Volgens die Nasionale Kurrikulumbeleid (in Erasmus, 2007:25) word 'n onderwyser as volg beskou: "*as fasiliteerders van leer, vertolkers en ontwerpers van leerprogramme en leerstof, leiers, administrateurs en bestuurders, vakkundiges, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en beraders, assessors en deskundiges van leerareas of leerfases".*

Onderwysers speel op verskillende wyses 'n rol in die vorming van die leerder se persepsie van skool. Uit gesprekke wat op informele wyse met leerders oor hul persepsies van onderwysers gevoer is, het sekere temas na vore gekom. Daar is aan hulle gevra wat hulle siening of persepsie van die onderwysers is.

Die doel met hierdie vraag was om vas te stel watter faktore 'n rol in die vorming van hul persepsie van die onderwysers speel. Die leerders het telkens genoem dat die onderwysers in hulle belangstel en by sportbyeenkomste ondersteun. Hulle noem ook dat die onderwysers by hulle skool hulp aanbied wanneer hulle probleme het en leiding gee en dissipline in die klas handhaaf. "*Die hoofveranderinge lê op die gebied van die onderrigprosesse, die aard van leidinggewing en die kwaliteit van klaskamerbestuur. Hierdie drie faktore het 'n direkte invloed op leerderuitkomste* - Behar-Horenstein & Berlin (in Lancaster 2004:2).

Daar sal slegs gefokus word op die onderwyser se persepsie van die leerder en die rol wat die onderwyser se betrokkenheid by die leerder en sy eie taak as onderwyser speel.

Leerders se ervarings van onderwysers speel 'n direkte rol in die leerder se persepsie van skool en sy persepsie van dit waartoe hyself in staat is. Hierdie stelling kom duidelik na vore in die volgende gedig deur Eugene, L. Arnold:

*"If I can say that I am shy*
*It seems you always pass me by.*
*Funny how it seems to be*
*Self-fulfilling prophecy.*

*If I can say you're a bad person,*
*I can almost see you worsen,*
*Funny how my words for you*
*Have a way of coming true.*

*If you say that I am selfish*
*I fell hard as any shellfish.*
*I can almost guarantee*

*You won't get a thing from me.*
*Strange how your words for me*
*Make me into what you see.*
*Label, label there's no way*
*To win this game today."*

Wanneer hierdie ervaring in die model van persepsie geplaas word, word die volgende persepsie gevorm (om die inhoud van toepassing te maak sal die vorming van die persepsie bespreek word asof die gedig oor die ervaring van 'n leerder en 'n onderwyser handel).

Deur middel van die betrokke perseptuele sisteem of sisteme, vind 'n gewaarwording plaas. In die geval van die leerder in die betrokke gedig, sal die ouditiewe sisteem hoofsaaklik van toepassing wees in die vorming van 'n persepsie. Dit wat die leerder deur middel van die koglea in die middeloor hoor, veroorsaak 'n sensasie en deur middel van transduksie word die fisiese stimuli in verstaanbare inhoud omgeskakel. Bogenoemde inhoud word deur die leerder ervaar en op grond van die verwysingsraamwerk wat uit vorige ervaringe gevorm is, geïnterpreteer. Die betekenis wat die leerder aan die onderwyser se woorde in die gedig heg, is hoofsaaklik dat die onderwyser 'n negatiewe persepsie van hom het en daarom voel hy ook negatief - "*Strange how your words for me, make me into what you see."*

In Van der Walt en Van der Walt (2007) word die invloed wat onderwysers en onderwyseresse op diegene wat hulle onderrig het, beklemtoon. Daar word genoem dat hoe beter onderwysers onderrig, hoe groter die invloed op die leerder. 'n Onderwyser wat erns maak (en betrokke is by sy vak en leerders) sal hoofsaaklik deur die leerder se homeostatiese sisteem 'n gevoel van gelukkigheid of tevredenheid in die klas gee. Die moeite wat die onderwyser doen om sy belangstelling en betrokkenheid by die leerder te toon, laat by die leerder 'n positiewe ervaring. Die leerder gee dan ook positiewe betekenis aan die onderwyser en skool en 'n positiewe persepsie van skool word gevorm. Aangesien leerders se verwysingsraamwerke (gebou op vorige ervaringe) van

ander leerders s'n verskil, kan dit gebeur dat leerders aan dieselfde onderwyser se betrokkenheid verskillend betekenis gee.

In die praktyk het Larusha by my kom aanklop vir hulp. Sy was teleurgesteld in 'n onderwyser se optrede teenoor haar. Sy het hierdie betrokke onderwyser nog altyd as positief beleef, aangesien sy positiewe terugvoer en belangstelling van die onderwyser se kant af gekry het. Sy het hierdie onderwyser as toegewyd en belangstellend beleef. Larusha vind toe egter uit dat hierdie onderwyser haar met 'n ander onderwyser bespreek het en baie negatiewe terugvoer aangaande Larusha aan die kollega gegee het. Die gevolg was, dat Larusha voortdurend die onderwyser se motiewe en optredes in twyfel getrek het. So gebeur dit dan dat haar vriendinne die onderwyser as besonder positief beleef, maar dat Larusha, dieselfde optrede van die onderwyser as negatief beskou. Leerders met dieselfde ervaring van 'n onderwyser se optrede, gee dus verskillend betekenis aan die onderwyser. Die gevolg is dat verskillende persepsies oor dieselfde persoon gevorm is.

Dikwels is dit nie net die leerders wat 'n negatiewe persepsie van skool en onderwysers het nie. Die invloed wat 'n onderwyser met 'n negatiewe persepsie van skool het, speel ook 'n rol by die vorming van die leerder se persepsie van skool. Wevers en Steyn (2002:206) noem dat "*gemotiveerde opvoeders is 'n voorvereiste vir gehalte onderwys".* Uit die bespreking is dit duidelik dat die onderwyser self 'n rol in die leerder se persepsie van skool speel.

#### 3.2.2.3 Fasiliteite (skoolgebou en klaskameratmosfeer)

Seal, 1988; Seldin, 1991; Schnacke, Martray en Heck, 1994; Donald, 2002 (in Phooko 2008) beklemtoon die rol wat die skool en klaskamer speel in die volgende stelling: "*Die fisiese aspekte van 'n klaskamer, dit wil sê die uitleg, stand, beligting en luggehalte, kan 'n positiewe of negatiewe invloed op die onderrig- en leerproses hê".* In die praktyk het leerders genoem dat warm, tydelike klaskamers 'n negatiewe persepsie meebring. In sommige tydelike klaskamers doen onderwysers moeite om 'n positiewe vak- en

klaskameratmosfeer te skep, maar in sommige gevalle gaan leerders skool in ŉ bedompige asbesklas waar min tot geen atmosfeer geskep is nie.

Hierdie negatiewe persepsie wat leerders van die klas, onderwyser en ook sy vak vorm, bring mee dat leerders ŉ negatiewe houding inneem en onbetrokke by die onderwyser en die vak raak. Dit gebeur dan dat die leerder nie huiswerk doen of projekte inhandig nie. Rolspelers in die leerder se lewe tree negatief teenoor die leerder op, omdat sy werk nie gedoen is nie en die leerder beleef of ervaar skool negatief. Negatiewe betekenis word dus gegee en die reeds negatiewe persepsie wat die leerder gehad het, word versterk.

### 3.2.3 Die Portuurgroep

Vanweë die adolessent se ontwikkelingsfase, speel die portuurgroep ŉ belangrike rol in hulle lewens. Louw (in Ferreira en Mattheus, 2003) definieer portuurgroepe as "*'n relatiewe stabiele versameling van twee of meer kinders wat met mekaar in interaksie verkeer, norme en doelstellings deel, en wat 'n sekere mate van rol- en statusverdeling ontwikkel het waarvolgens die groep se interaksie gereël word".*

Ferreira en Mattheus (2003) noem dat die portuurgroep tydens adolessensie al hoe belangriker word en dat adolessente heelwat meer tyd saam met die portuurlede as saam met hul families deurbring. Dit is dikwels vir hulle so belangrik om in ŉ groep geakkommodeer te word, dat hulle enigiets sal doen om te konformeer en deel te wees van die groep. Dit gebeur dan ook dat die adolessent persepsies van die groep sal aanneem (al is dit nie noodwendig sy eie siening nie), net om deel van die groep te wees.

In die praktyk is gevind dat daar in die skool groepe met ŉ negatiewe persepsie van skool bestaan. Sodra ŉ lid van die groep waag om ŉ ander standpunt oor skool te huldig, word hy uit die groep geskop, óf gespot. Aanvaarding is dikwels so belangrik, dat die persepsie van die groep oorgeneem word.

ʼn Negatiewe persepsie van skool word gevorm deurdat die adolessent by ʼn groep met ʼn reeds negatiewe persepsie van skool betrokke raak. Dit waaroor leerders in daardie groep praat, is dikwels negatief en veral negatief oor skool. Die betekenis wat ʼn adolessent aan hierdie belewenisse saam met sy vriende gee, is negatief. Daar word ook dikwels na negatiewe ervaringe met onderwysers en die skool verwys. Dit is dus onafwendbaar dat die leerder dan ʼn negatiewe persepsie van skool vorm.

Die kringloop vind weereens plaas van ʼn negatiewe persepsie van skool, wat veroorsaak dat die leerder onbetrokke by sy skoolwerk en by die skool se aktiwiteite raak. Negatiewe terugvoer word deur ouers en onderwysers gegee, die leerder beleef die skool negatief en ken negatiewe betekenis toe. Die negatiewe betekenis gee weereens aanleiding tot ʼn versterkte negatiewe persepsie vanskool.

### 3.2.4 Die Ouers

Die bekende gesegde "maak soos ek sê; moenie maak soos ek doen nie", is van toepassing by die rol wat die ouer in die kind se vorming van ʼn persepsie van skool speel. In die praktyk het die navorser met twee gevalle te doen gehad. Leerder X het ʼn positiewe persepsie van skool gehad. By navraag oor waar haar persepsie van skool vandaan kom, noem sy dat haar ma, nog voordat sy haar skoolloopbaan begin het, altyd met haar skool gespeel het. Skool was van altyd vir haar opwindend, uitdagend en ʼn speletjie. Hierdie ma het deur haar optrede ʼn positiewe persepsie aan haar kind van skool voorgehou.

Leerder Y daarenteen, het ʼn negatiewe persepsie van skool gehad. By navraag oor die oorsprong van haar negatiewe persepsie van skool, noem sy dat haar pa, voordat sy haar skoolloopbaan begin het, vir haar vertel het dat die seuns jou hare trek en dat die hoof jou pakslae gee as jy iets verkeerd doen. Later in die kind se skoolloopbaan is sy ook met negatiewe opmerkings van haar pa se kant af aangaande skool, geteister. Hy het altyd iets negatiefs oor die hoof en onderwysers te sê, iets negatiefs oor haar punte en niks wat

die kind, die onderwysers of die hoof doen is ooit reg of goed genoeg nie. Die ervaring wat leerder Y by die huis oor skool kry, is negatief. Die gevolg is dat die prentjie of persepsie wat hierdie leerder aangaande skool vorm, negatief is. Hierdie geval word bevestig deur die opmerking van Grant (in Newton, 1986): *"ouers wat negatief is oor skoolgaan omdat hulle self as kind slegte ervarings gehad het, skep dieselfde houding by hul kinders."* Sy gee in hierdie artikel ook raad aan ouers en moedig ouers onder andere aan om betrokke by hul kinders te wees.

**3.2.4.1 Betrokkenheid van ouers**

Ouers se betrokkenheid by die leerder as persoon - en ook by die skool en gebeure - speel 'n rol in die vorming van die leerder se persepsie van skool. In die literatuur is daar sekere faktore genoem wat daartoe aanleiding gee dat ouers onbetrokke by die leerder en sy skoolaktiwiteite is. Newton (in "Ek haat skool...") noem dat een van die redes waarom leerders skool haat, die van vrees is - vrees om op skool te misluk. Daar word verwys na die geweldige druk wat ouers op hul kinders uitoefen. Sy noem dat ouerdruk geweldige skade kan aanrig.

Ouers kan maklik druk wat op kinders geplaas word, met betrokkenheid verwar. Ouers se bedoeling mag wees om betrokke te wees, maar die kind ervaar die ouer se "betrokkenheid" as druk. Aangaande druk, berig Rademeyer (2009) dat in 'n ondersoek oor skoolwerk, huiswerk en druk, dat prof. Maree sê dat daar wel druk op kinders is. Hy noem dan ook dat leerders daagliks van afleggings, ingeperkte werksgeleenthede en van keuringsvereistes wat bly styg, hoor. Maree (in Rademeyer, 2009) is ook van mening dat daar ouers is wat te veel druk op kinders plaas, maar dat die meerderheid te min druk op kinders plaas. Volgens Steyn (in Rademeyer, 2009) van die Noordwes Universiteit, is druk belangrik, mits dit die regte hoeveelheid is. Steyn noem dat die ideaal is dat die ouer sy kind sal ken en dat druk volgens elkeen se unieke samestelling toegepas sal word.

As voorbeeld uit die praktyk word gestel dat 'n leerder byvoorbeeld toetspunte aan sy ouer gee, vol verwagting dat die ouer positiewe terugvoer sal gee. Hy

ervaar egter die teenoorgestelde wanneer die ouer slegs vra: ”... en hoeveel het Chris?” (wat gewoonlik eerste staan). Die kind ervaar dat die ouer nie trots is op sy prestasie nie, hy ervaar ook dat sy prestasie nie goed genoeg is indien dit nie beter as Chris s’n is nie. Die gevolg is dat die kind negatiewe betekenis aan sy ouer se betrokkenheid by hom en sy akademiese prestasie gee. Daar volg dikwels ŉ selfgesprek van “ek sal nooit goed genoeg wees nie, ek kan net sowel ophou probeer”. Die gevolg is dat die leerder ŉ negatiewe persepsie van skool vorm.

#### 3.2.4.2 Belangstelling van ouers

Van der Walt (2009) het onder andere landswyd met gelowige mense oor gesins-/familiesake gesels. Daar is 8 vrae gevra. Die een vraag was: “*Vertel van ŉ tyd toe jy (as deel van ŉ groep) ervaar het julle is meer as kennisse, julle is “familie”. Beskryf hoe dit gevoel het en wat dit moontlik gemaak het.”.* Die volgende antwoord dui op die rol van belangstelling in elke persoon en ook die leerder: “*Familie gaan oor vertrouensverhoudinge. “Lief en leed” kan openlik gedeel word. dit gaan oor omgee, **belangstel**, ondersteun, vertrou, geborge voel, aanraak, deelwees.”*

Ouers wat gesonde belangstelling in die leerder as persoon en ook sy benadering tot skool en skoolwerk toon, het tot gevolg dat die leerder ŉ positiewe persepsie van skool vorm.

### 3.2.5 Politiek

In die praktyk is gevind dat politiek ŉ rol in die vorming van leerders se persepsie van skool speel. Kamper (2006:11) stel dat die maatskaplike konteks waarbinne jongmense hulle toekomsverwagtings vorm en koester, wesenlik bepaal word deur die politiek en staatshuishouding, dit wil sê, die orde, effektiwiteit en stabiliteit van regering. “*promoting stable governments and minimizing domains of misrule are vital to the future of adolescents” -* Larson (in Kamper, 2006:11). In die praktyk is bevind dat sommige leerders negatiewe persepsies oor skool begin vorm sodra hulle politieke uitsprake oor die toekoms van jongmense en werksgeleenthede negatief ervaar. Dit gebeur

dat hierdie leerders moedeloos raak en nie die sin insien waarom hulle nog enigsins probeer om op skool te presteer nie.

## *3.3 <u>INTERNE FAKTORE</u>*

### 3.3.1 Lokus van kontrole

Lokus van kontrole kan óf intern, óf ekstern van aard wees. Wanneer 'n persoon 'n interne lokus van kontrole het, dui dit daarop dat die persoon die oorsake van 'n probleem by homself as persoon soek. 'n Persoon met 'n eksterne lokus van kontrole, skryf oorsake van probleme aan ander persone of objekte buite homself toe. 'n Persoon is dus uitgelewer aan omstandighede buite sy beheer. Volgens Breet (2006) kan veral adolessente met 'n eksterne lokus van kontrole oor heelwat frustrasies beskik as gevolg van druk wat die samelewing op hulle plaas.

### 3.3.2 Motivering / Apatie / Doelloosheid/ Houding

'n Leerder se houding ten opsigte van verskeie aspekte soos die lewe, skool, mense en sy ouers, speel 'n rol in die vorming van sy persepsie van skool. Volgens die KwaZulu-Natal opvoedkundige staatshandleiding (in "Faktore wat ons houdings...") word 'n paar faktore genoem wat die vorming van 'n bepaalde houding beïnvloed. Hierdie faktore sal kortliks verduidelik word, sodat begrip gevorm kan word op die vorming van 'n leerder se persepsie van skool.

#### 3.3.2.1 Motivering en motiveringsteorieë

Om motivering beter te verstaan, is dit nodig om daarop te let dat die meeste definisies drie komponente insluit. Reeve, 1996:2; Gómez-Mejia, Balkin, en Cardy, 1998:57; Schermerhorn, Hunt en Osborn (in Wevers en Steyn, 2002:205) noem die volgende: "(*1) die energisering van menslike gedrag; (2) die kanalisering of bestuur van gedrag deur 'n doelgerigtheid by die werker te skep; en (3) die handhawing en ondersteuning van gedrag".*

Vir 'n leerder om in sy skoolwerk gemotiveerd te wees, is dit dus nodig dat hy 'n bepaalde doelwit of doelwitte het; dat hy oor die energie beskik om die daad by die "doelwit" te voeg en dan hierdie gedrag handhaaf, maar dat daar ook rolspelers sal wees om hom te ondersteun.

Dit kom dus voor asof 'n deel van die leerder se motivering gaan oor die innerlike stel van doelwitte en behoefte om dit te laat realiseer en dat eksterne motivering deur byvoorbeeld rolspelers ook 'n belangrike rol speel. Wevers (in Wevers en Steyn, 2002:205) onderskei duidelik tussen intrinsieke en ekstrinsieke motivering. Hy noem dat ekstrinsieke motivering plaasvind wanneer die dryfkrag vir 'n persoon se optrede in faktore buite die werk self lê. Die persoon word nie deur die werk gemotiveer nie, maar deur eksterne faktore soos salaris, bevordering en diensvoorwaardes. In die geval van die leerder sal motivering daarin lê dat ouers byvoorbeeld 'n beloning soos 'n nuwe fiets of geld aanbied indien hy sy werk getrou doen.

Intrinsieke motivering kom voor wanneer die persoon se dryfkrag vanuit bevrediging in die taak self geleë is. 'n Leerder vind dit interessant om navorsing oor 'n bepaalde aspek te doen. Dit is vir hom lekker om die taak prakties te maak en verskaf bevrediging om dit so goed as moontlik te voltooi.

In die literatuur bestaan daar verskeie teorieë rondom motivering. Daar sal kortliks na elke teorie verwys word. In Hoofstuk 6 sal daar weer hierna verwys word waar riglyne oor die hantering van leerders met 'n negatiewe persepsie gegee word.

In die literatuur word daar na inhoudsteorieë en prosesteorieë verwys. Diagrammaties kan die motiveringsteorieë as volg opgesom word:

**Diagram 3.2 Motiveringsteorieë**

| | |
|---|---|
| ***INHOUDSTEORIE*** | 1. Behoeftehiërargie van Maslow<br>2 . Tweefaktorteorie<br>Motiveerders<br>Higiëne faktore<br>3.Teorie X en Teorie Y |
| ***PROSESTEORIE*** | 1.Verwagtingsteorie<br>2.Gelykheidsteorie |

**3.3.2.1.1 Behoeftehiërargieteorie van Maslow**

Volgens Maslow vind motivering plaas in vervulling van behoeftes wat in vyf ordes gerangskik is. Dit kan met 'n piramide voorgestel word. Op die basis van die piramide kom die fisiologiese behoeftes voor: sodra hierdie behoefte bevredig is, word daar opbeweeg met die piramide na veiligheidsbehoeftes. Na bevrediging hiervan, word na sosiale behoeftes en daarna behoefte aan agting en waardering en aan die bo-punt selfaktualisering, beweeg.

'n Leerder wat akademies ongemotiveerd is, beskik oor 'n negatiewe persepsie van skool. In die praktyk is gevind dat so 'n leerder nie die nut insien van skoolgaan nie en ook nie die doel waarom hy sekere inhoude moet leer nie. In aansluiting by Maslow kan die oorsake van ongemotiveerdheid moontlik lê by onderwysers wat moontlik nie agting vir die spesifieke leerder het en sy werk en hom as mens waardeer nie. Daar sal in Hoofstuk 5 weer teruggekom word na hierdie afdeling.

**3.3.2.1.2 Die Tweefaktorteorie van Herzberg, Mausner en Snyderman**

Volgens die tweefaktorteorie vind werktevredenheid en werkmotivering op grond van twee afsonderlike stelle faktore plaas. Hierdie twee faktore word motiveerders en Higiëne faktore genoem. Die motiveerders hou verband met die motivering oor 'n bepaalde taak en die higiëne faktore hou verband met die eksterne werkomgewing - Herzberg, Mausner & Snyderman (in Wevers en Steyn, 2002:206). Die motiveerders lei tot positiewe motivering en die

higiënefaktor tot negatiewe motivering. Daar word egter genoem dat die higiënefaktor nie onderskat moet word nie, aangesien mense verskil en op verskillende maniere gemotiveer word.

#### 3.3.2.1.3 Teorie X en Teorie Y van McGregor

Teorie X dui op 'n outoritêre leierskapstyl en het 'n negatiewe invloed op die kreatiwiteit en motivering. Teorie Y moedig weer kreatiwiteit en verantwoordelikheidsin van werknemers aan. Dit is belangrik dat daar balans tussen teorie X en Y sal plaasvind, aangesien mense met verskillende persoonlikhede by verskillende style sal baatvind – McGregor (in Wevers en Steyn, 2002:206).

#### 3.3.2.1.4 Die Prosesteorieë

#### 3.3.2.1.4a Die verwagtingsteorie van Vroom

Volgens Vroom (in De Villiers, 2006) hang die sterkte van 'n persoon se motivering af van hulle verwagting dat sekere gedrag of optredes sal lei tot bepaalde uitkomste wat begeer word. Hoe sterker die begeerte, hoe sterker die motivering om hierdie handeling uit te voer. "*Alhoewel die verwagtingsteorie meer kompleks is as ander teorieë, het dit tog implikasies vir die soort belonings wat opvoeders verwag asook die aard van taaktoedeling van opvoeders"* – Wevers (in Wevers & Steyn, 2002:206).

#### 3.3.2.1.4b Die Gelykheidsteorie van Adams

Hiervolgens het individue die behoefte om billike en gelyke behandeling met ander te ontvang – Adams (in Wevers en Steyn, 2002:206). Leerders vergelyk gedurig hulle werk met die van ander leerders. Indien hulle nie billik deur onderwysers behandel word nie, sal dit hulle negatief motiveer.

### 3.3.2.2 Motivering en persepsie van skool

#### 3.3.2.2.1 Houding

Volgens die KwaZulu-Natal staatshandleiding (in "Faktore wat ons houdings...") word genoem dat 'n houding 'n blywende evaluering oor

voorwerpe, mense en vraagstukke is en dat hierdie evaluering of houding of gedrag beïnvloed. Daar word ook genoem dat leerders 'n houding sal vorm op grond van die houding van hul ouers en later in hulle lewens die houdings van onderwysers en die media.

So byvoorbeeld, sal 'n ouer met 'n negatiewe houding oor skool onvermydelik hierdie houding aan sy kind oordra. Die kind neem dan hierdie negatiewe houding oor, of hy kom so sterk daarteen in opstand, dat hy die teenoorgestelde houding as dié van sy ouers inneem. So 'n negatiewe houding word versterk wanneer dikwels met mense omgegaan word, wat dieselfde negatiewe houding huldig.

**3.3.2.2.2 Partydigheid**

Partydigheid kom voor wanneer 'n spesifieke sienswyse gehuldig word, al weerspreek dit jou eie geloof oor 'n saak. Volgens die KwaZulu-Natal staatshandleiding (in "Faktore wat ons houdings...") kom partydigheid dikwels in skole voor. Partydigheid kan ten opsigte van geslag plaasvind. 'n Bepaalde onderwyser kan byvoorbeeld dogters voortrek en neerhalende opmerkings oor seuns maak. Hierdie tipe optrede kan tot die vorming van 'n negatiewe houding teenoor 'n onderwyser, 'n bepaalde vak en selfs die skool, lei.

**3.3.2.2.3 Vooroordeel**

Volgens die KwaZulu-Natal staatshandleiding (in "Faktore wat ons houdings...") ontstaan 'n vooroordeel deurdat 'n afleiding gemaak word, sonder dat genoeg feite ingewin word. 'n Vooroordeel is meer spesifiek as *partydigheid*. 'n Onderwyser wat vas oortuig daarvan is dat seuns lui en nie akademiese ingestel is nie, dra sy vooroordele op die leerders oor en beïnvloed die leerder se gedrag, houding en persepsie oor skool.

**3.3.2.2.4 Stereotipering**

Stereotipering beteken in wese dat kenmerke van alle mense of groepe as identies gesien word net omdat hulle lede van daardie groep of kultuur is.

Seuns word dikwels gestereotipeer as spelerig en sien nie die erns van skoolwerk en akademie in nie.

Partydigheid, vooroordeel en stereotipering kom voor omdat die brein kortpaaie kies om inligting te verwerk. Hierdie inligting is egter nie noodwendig korrek nie. Die vorming van hierdie "foutiewe" persepsies kan gelukkig reggestel word.

### 3.3.3 Emosionele probleme

Uit die praktyk het die navorser ondervind dat emosionele probleme kan veroorsaak dat leerders 'n negatiewe persepsie oor skool ontwikkel. Om hierdie rede is adolessente seuns en dogters oor emosionele probleme wat op skool ondervind word, ondervra. Uit onderhoude tydens terapiesessies het aspekte soos afknouery na vore gekom.

#### 3.3.3.1 Afknouery

In die onderhoude noem leerders dat daar medeskoliere is wat ander boelie. Hierdie boelies kan medeskoliere óf fisies seermaak, óf emosioneel aftakel. Die navorser het veral ondervinding van leerders wat aangemeld is omdat hulle emosioneel afgeknou word.

Leerders wat afgeknou of geboelie word, is dikwels bang om daaroor te praat. Die slagoffer is bang dat die boelie hom dan eers gaan afknou en bly liewer stil. Die medeskoliere wat bewus is van die afknouery, bly ook dikwels stil, uit vrees dat hulle dalk die volgende slagoffer kan wees. Die boelie op sy beurt ervaar hierdie swyging van medeskoliere as goedkeuring van sy gedrag en gaan net voort met die skrikbewind wat hy voer.


Daar is baie redes waarom 'n leerder ander boelie. Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar nie hierop ingegaan word nie. Wat belangrik is om te weet, is dat leerders wat geboelie word, in vrees lewe. Aangesien hulle by die skool geboelie word, het hierdie leerders 'n negatiewe ervaring van skool en ontwikkel 'n negatiewe persepsie van skool.

In die artikel "Skrikbewind van die bullebak op skool" word genoem dat leerders soms vir jare afgeknou word. Hulle praat dikwels nie met hulle ouers oor die fisiese- of emosionele seer wat hulle by die skool ervaar nie. Die slagoffer is bang dat die boelie nog meer frustrasies op hulle sal uithaal. Die ouers ervaar dat die leerder net al hoe meer negatief oor skool raak. Die leerder wil nie skool toe gaan nie en vermy dikwels assosiasies wat met skool verband hou.

Uit onkunde vir die oorsaak van die leerder se negatiewe persepsie van skool, raak ouers desperaat en raas en beskuldig leerders omdat hulle so negatief is en nie wil skool toe gaan nie. 'n Negatiewe kringloop ontstaan deurdat ouers se optrede die leerder se negatiewe persepsie van skool versterk. Die leerder begin al die negatiewe opmerkings van sy ouers oor homself glo en beskik oor al hoe minder innerlike sterkte om aanslae van boelies, skool en ouers die hoof te bied.


Diagrammaties kan hierdie kringloop as volg voorgestel word:

**Diagram 3.3 Kringloop van die gevolge van negatiewe persepsies**



Op ‘n praktiese wyse kan die kringloop van negatiewe persepsies in onderstaande diagram gedemonstreer word.

**Diagram 3.4 Praktiese demonstrering van die kringloop van negatiewe persepsies**




### 3.3.3.2 Kinderdepressie en gemoedsversteurings

Gous en Gous (2009) noem dat die omvang van depressie onder kinders, groter is as wat ŉ mens dink. Hulle noem dat depressie by ongeveer 12% tieners voorkom. “*Akademiese prestasie is dikwels die enigste faktor wat direk gemeet kan word en die dramatiese impak van depressie illustreer*”- (Gous & Gous, 2009:22). Hulle noem ook dat persoonlikheidsontwikkeling en sosiale vaardighede onder depressie ly.

Gous en Gous (2009:37) noem dat die simptome van kinderdepressie van ouderdomsgroep tot ouderdomsgroep verskil. Tipiese simptome onder

tieners is algemene moegheid, skoolprestasie wat daal, slaapprobleme, gedragsprobleme by die skool, sosiale isolasie, hartseer en so meer. Die gevolg van hierdie simptome is dat die betrokke leerder negatief oor skool raak (aangesien sy punte daal); as gevolg van sosiale isolasie kry hy negatiewe terugvoer van die portuurgroep en ook negatiewe terugvoer van onderwysers as gevolg van gedragsprobleme. Die leerder se ervaring van skool in die algemeen is dus negatief en die negatiewe kringloop begin van voor af.

### 3.3.4 Kognitiewe probleme

In elke skool bestaan daar 'n groep leerders wat een of ander probleem met skoolwerk het. Sommige leerders ondervind probleme om Wiskunde te verstaan, ander leerders ondervind probleme met tale en leervakke. Daar is selfs leerders wat in al hulle vakke probleme ondervind. Om gedurig te sukkel met 'n taak en nie te voldoen aan eise wat aan jou gestel word nie, is demoraliserend en kan tot gevolg hê dat dit leerder 'n negatiewe persepsie van skool ontwikkel. Leerders wat sukkel om akademies die mas op te kom voel dikwels magteloos en gooi handdoek in. Skool word vir hom 'n straf, hy ontwikkel negatiewe selfgesprek oor die skool en ouers sleep met moeite die kind skool toe.

Kognitiewe probleme kan op verskeie vlakke manifesteer. Dit kan wees dat 'n leerder oor 'n ondergemiddelde intelligensie beskik en nie begrip toon vir die leerinhoud wat aan hom oorgedra word nie. Dit kan gebeur dat 'n leerder op verbale vlak probleme ondervind. Hy sukkel byvoorbeeld om te lees en sukkel dus ook om leervakke baas te raak. Leerders wat op akademiese vlak sukkel, hou dikwels nie van skool nie en beskik dikwels oor 'n negatiewe persepsie van skool.

#### 3.3.4.1 Definisie van leerprobleme

Wanneer die term leerprobleme in diepte ondersoek word, raak dit 'n tegniese proses. Daar bestaan verskille oor wat as leerprobleme geklassifiseer kan

word. Daar bestaan ook meningsverskille oor die oorsake van leerprobleme. Vir die doel van hierdie studie sal daar nie in debatte verval word oor wat dit presies is en waar leerprobleme vandaan kom nie. 'n Paar definisies uit die literatuur sal gegee word en 'n enkele definisie wat vir hierdie studie gebruik gaan word.

Kapp (in Galloway, 2001:19) is van mening dat 'n leerder met leerprobleme gedefinieer kan word as 'n leerder wat meer probleme ondervind om te leer, as wat van 'n leerder van sy ouderdom verwag word.

Die ander groep beklemtoon die verskil tussen 'n leergestremdheid en 'n leergeremdheid. Unger (in Galloway, 2001:19) stel dit as volg: "*They have learning abilities and inabilities, as we all do. But there is a big difference between a learning inability an a learning disability. A disability is an impairment or crippling condition; an inability is a normal incapacity resulting from inadequate resources. All of us have inabilities to one degree or another. None of us is able to do or learn everything, and all of us do some things better or worse than others. That does not mean we are disabled – or are our children. The reason many children fail to learn as much as they could or should is that they lack proper resources. Either they simply have loss aptitudes in certain areas and have more trouble learning certain things, or they have not be or are not being taught properly.*"

Vir die doel van hierdie studie sal daar nie op die oorsake van leerprobleme gefokus word nie. Wanneer van 'n leerder met leerprobleme gepraat word, word bedoel die leerder wat op skool onder sy potensiaal presteer en wat onder die vlak presteer wat van leerders van sy ouderdom verwag word.

#### 3.3.4.2 Leerprobleme en die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool


Wanneer weer gekyk word na die raamwerk van die wyse waarop 'n persepsie van skool gevorm word, kan die proses as volg beskryf word:

Die leerder se persepsie van skool word gevorm op grond van dit wat hy deur middel van sy sintuie ervaar. In die geval van die leerder met leerprobleme, ervaar die leerder dikwels mislukking ten opsigte van sy akademie. Daar is reeds genoem dat die leerder met leerprobleme akademies onder die verwagte vlak van sy portuur presteer. ’n Leerder wat nie volgens die verwagte uitkomste presteer nie, is aan negatiewe terugvoer van sy ouers, onderwysers en selfs die portuurgroep, blootgestel. Dit wat die leerder ten opsigte van skool ervaar, is dus negatief. Wanneer die leerder negatiewe ervaring op negatiewe ervaring van skool kry, bou hy ’n negatiewe verwysingsraamwerk van skool op. Die uiteinde is ’n negatiewe persepsie van skool.

In die rol wat leerprobleme in die vorming van ’n negatiewe persepsie van skool speel, kan vanuit die relasieteorie verder verklaar word. Die leerder met leerprobleme beleef negatiewe terugvoer van rolspelers betreffende hulle skoolwerk. Die leerder gee dan negatiewe betekenis aan skool. Hulle beleef byvoorbeeld skool as ’n plek waar mislukking ervaar word, of ’n plek waar hulle gekritiseer word of dikwels nie goed genoeg is nie. Die gevolg is dat ’n gevoel by die leerder geskep word van: “hoe minder ek van die skool sien en hoor, hoe beter”. Die leerder onttrek dus emosioneel en dikwels fisies ook en vermy dit om betrokke te raak by die skool en sy aktiwiteite.

Die kringloop wat ontstaan beweeg dan al meer in ’n negatiewe rigting en ’n sneeubaleffek vind plaas. Aangesien die leerder emosioneel en fisies onbetrokke by die skool en aktiwiteite is, is daar min geleentheid vir rolspelers om positiewe terugvoer oor insette te gee. Dit veroorsaak dat sy selfgesprek oor skool negatief is en hy deur negatiewe selfgesprek ’n negatiewe selfbeeld oor skool ontwikkel. Volgens die Relasieteorie (sien 3.4) is die resultaat hiervan negatiewe gedrag. Die leerder kry negatiewe terugvoer oor sy negatiewe gedrag en sy negatiewe persepsie van skool word versterk.

**Diagram 3.5 Persepsievorming**




“Not the blindness but the attitude of the seeing to the blind is the hardest burden to bear”- Helen Keller

Daar is gevind dat sigbaarheid geassosieer word met positiewe invloed op leerders en onderwysers se gesindheid en gedrag. Die skoolhoof se voortdurende teenwoordigheid dra daartoe by dat interaksie tussen hom en ander kliënte in die skool kan plaasvind en bied geleenthede om erkenning aan aktiwiteite te verleen - Levine (in Lancaster, 2004).

### 3.3.5 Gedragsprobleme

Onderwysers ervaar emosionele, akademiese en gedragsprobleme met leerders wat multi-getraumatiseerd is - (Orban 2003). Leerders met negatiewe gedragspatrone kry negatiewe terugvoer van onderwysers en ervaar skool negatief. Verskeie faktore speel ŉ oorsaaklike rol in negatiewe gedrag. Trauma word in hierdie studie as een van die oorsaaklike faktore bespreek.

#### 3.3.5.1 Trauma

Persepsie beteken interpretasie, om betekenis te gee aan ervaringe. Indien ŉ leerder aan min ervaringe blootgestel word, sal hy probleme met begrip en interpretasie ondervind. Kant (in “Edublox lees en leerkliniek”)

noem dat “*ons sien nie die dinge soos wat hulle is nie, maar soos wat ons is”* in In sommige kringe word beweer dat kinders as 'n “skoon lei” gebore word. Opvoeding en ervaringe in hul lewens vorm dan die lei, deurdat die leerder betekenis gee en 'n persepsie vorm oor, in hierdie geval die skool.

**3.3.5.2 Stres**

Daar is ervaar dat leerders in toenemende mate stres ervaar. Volgens Van Niekerk en Van der Spuy (1994:226) word stres gesien as “*die punt wanneer die eise en verwagtinge wat aan die tiener gestel word, die vermoë om dit te hanteer, oorskry”.*

Van Niekerk en Van der Spuy (1994:231) noem die volgende simptome van stres: angs, gevoelens van onsekerheid, depressie, verhoudingsprobleme, vloek, skree, aggressie, onttrekking, swak konsentrasie, geïrriteerdheid en so meer. Indien 'n onderwyser nie begrip het vir die leerder se ervaring van stres nie, kan dit gebeur dat die onderwyser nog meer stres by die leerder veroorsaak, aangesien hy negatief reageer op die leerder se swak konsentrasie of aggressiewe uitbarstings, vloek of skree of wat ookal die geval is. Die leerder se negatiewe ervaring van die onderwyser bring mee dat die leerder negatief betekenis gee aan skool en sodoende vorm die negatiewe persepsie. In die bespreking van die Relasieteorie word die wyse van persepsievorming deur middel van betekenisgewing, bespreek.

## 3.4 ***<u>DIE RELASIETEORIE</u>***

In hierdie studie word verwys na die Relasieteorie. Soos in Hoofstuk 2 genoem, word persepsies gevorm deurdat betekenis vanuit die persoon se verwysingsraamwerk aan ‘n gewaarwording gegee word. In die Relasieteorie speel betekenisgewing en die verwysingsraamwerk ook ‘n rol. Die riglyne wat in Hoofstuk 6 gegee word, word ook beter verstaan indien ouers ook agtergrond oor die Relasieteorie het. Om hierdie redes volg ‘n samevatting van die Relasieteorie.

Jacobs (1987) beskryf die sielkundige opvoedingsteorie vanuit opvoedingsessensies. Hierdie essensies bestaan uit: betekenisgewing, betrokkenheid, belewing, selfkonsep, identiteitsvorming en selfaktualisering. Die verwerkliking van die opvoedingsessensies het ‘n invloed op die vorming van relasies met mense en lei tot volwassewording. Deel van opvoedeling-wees, is om groot te wil wees, dit wil sê om sekere handelinge selfstandig uit te voer. Die handelinge wat uitgevoer word om volwasse te word, kan as selfaktualisering beskryf word.

### 3.4.1 Aktiwiteite nodig vir volwassewording: essensies

#### 3.4.1.1 Betekenisgewing

Sekere kognitiewe vermoëns speel ‘n rol wanneer betekenis aan die kind se leefwêreld gegee word. Hierdie kognitiewe vermoëns sluit die begrippe: herken, ken, verstaan en weet, in. By betekenisgewing is daar ook n emosionele sy betrokke. Wanneer die emosionele die botoon voer, word kommunikasie belemmer omdat die logiese betekenis versluier word. Stiglingh (2002:69) som die dimensies van betekenisgewing as volg saam:

**Tabel 3.1 Dimensies van betekenisgewing**

| | |
|---|---|
| **Kognitiewe struktuur** | Nuwe betekenisse word in verband gebring met bestaande betekenisse. |
| **Logiese dimensie** | Gemeenskaplike begrip maak kommunikasie moontlik. |
| **Psigologiese dimensie (Konnotatiewe dimensie)** | Die eie, unieke betekenistoekenning (subjektief) aan ‘n situasie, saak, idee of objek. |
| **Handelingsdimensie** | Dit omsluit motoriese- (fisiese) en verstands- (psigiese) handelinge. |
| **Affektiewe dimensie** | Dit behels die belewing van sukses by die deurbraak van insig, maar ook |

| | |
|---|---|
| | die belewing van vrees wat onegte betekenisgewing ontlok. |
| **Normatiewe dimensie** | Die logiese betekenismoment vereis kongruensie met objektiewe norme. |
| **Kognitiewe dimensie** | Dit berus op denkfunksies soos differensiasie, integrasie, vergelyking en memorisering. |

Wanneer 'n leerder 'n negatiewe persepsie van skool vorm, word 'n negatiewe betekenis aan die skool of rolspelers gegee. Indien die emosionele faset die botoon by die betekenis wat aan skool gegee word, voer, word kommunikasie bemoeilik.

#### 3.4.1.2 Betrokkenheid

Om kennis oor 'n saak te verkry, is dit nodig om by die saak betrokke te raak. Daar moet dus 'n daadwerklike fisieke of psigiese handeling wees. Betrokkenheid dui op 'n wil om te handel. Die persoon raak doelgerig, volhardend en met toewyding by 'n taak betrokke. Komponente van betrokkenheid word deur Stiglingh (2002:70) as volg saamgevat:

**Tabel 3.2 Komponente van betrokkenheid**

| | |
|---|---|
| **Wilskomponent** | 'n Persoon kan slegs betrokke raak indien sy die wil het om betrek te word. |
| **Kenaspek** | Kennis oor 'n saak wek belangstelling en belangstelling lei tot betrokkenheid. Hoe grondiger die kennis, hoe groter die betrokkenheid. |
| **Belewingsaspek** | Positewe belewing van 'n situasie versterk betrokkenheid; negatiewe belewing lei tot onbetrokkenheid. |
| **Normatiewe aspek** | Dit behels betrokkenheid by |

| | |
|---|---|
| | verkeerde of afbrekende aktiwiteit of onbetrokkenheid by aktiwiteite wat pedagogies van waarde is. |

Met betrekking tot negatiewe persepsievorming van skool gebeur dit dat die leerder negatief betekenis aan skool as gevolg van vorige negatiewe belewenisse gee. Negatiewe betekenisgewing lei daartoe dat die leerder onwillig is om by die skool, akademie en aktiwiteite betrokke te raak. Hy het dus nie die wil om betrokke te raak nie. Onbetrokkenheid kan daartoe lei dat die leerder nie kennis oor bepaalde sake bekom nie en kan lei dat die leerder by verkeerde, afbrekende sake, soos versuim om huiswerk te doen, betrokkenheid by dwelms en alkohol en verbreking van skoolreëls betrokke te raak. Betrokkenheid by hierdie afbrekende sake het ‘n negatiewe invloed op die leerder se verhoudings met ouers, onderwysers en die portuurgroep.

#### 3.4.1.3 Belewing


Sodra ‘n persoon betrokke raak by ‘n aktiwiteit, word sukses, mislukking, frustrasie ensovoorts beleef. Dit dui dus op ‘n emosionele uitvloeisel van dit waaraan die persoon betekenis gegee het. Die persoon se belewing van bepaalde situasies bepaal die aard van relasies wat die persoon stig. Stiglingh (2002:71) dui die volgende komponent van belewing aan:

**Tabel 3.3 Komponente van belewing**

| |
|---|
| 1. Belewing bepaal die kwaliteit van alle relasies, hetsy dit is met mense, objekte of idees. |
| 2. Dit het ‘n affektiewe komponent en behels subjektiewe evaluering van ‘n situasie in verskillende grade van aangenaam of onaangenaam. |
| 3. Die intensiteit van belewinge bepaal die bestendigheid en duidelikheid van betekenisse. |
| 4. Belewing kan voortgesette betrokkenheid by betekenisvolle handelinge strem of versterk. |
| 5. Deur betekenisgewing kan belewinge verwoord of benoem word; byvoorbeeld as genot, frustrasie, hartseer, opwinding en so meer. |

In die geval van negatiewe persepsievorming van skool, gebeur dit dat die leerder die skool negatief beleef. Die leerder raak nie betrokke by die skool, skoolwerk en aktiwiteite nie, omdat hy negatiewe betekenis daaraan gegee het. Hy beskik dus nie oor die wil om betrokke te raak nie. Sy onbetrokkenheid bring dan ook mee dat skool en rolspelers negatief beleef word, omdat die leerder byvoorbeeld gestraf word vir werk wat nie gedoen is nie (onbetrokkenheid). Die leerder beleef die onderwysers in hierdie geval negatief en dit het 'n invloed op relasies wat gevorm word.

**Diagram 3.6 Relasieteorie** (aangepas uit Stiglingh p.74)




Betreffende negatiewe persepsievorming van skool, gebeur dit dat die leerder byvoorbeeld die onderwyser negatief beleef en omdat hy die onderwyser nog nie goed ken nie, gee hy negatiewe betekenis aan die onderwyser en die kwaliteit van die onderwyser-kind-verhouding word negatief beïnvloed.

### 3.4.1.4 Selfaktualisering

Wanneer daar van selfaktualisering gepraat word, is dit belangrik om te weet dat die pad na selfaktualisering 'n dinamiese proses is. Dit dui op die bereiking van sukses deur middel van 'n strewe om meer te word. Venter (2008) noem dat die verskil tussen iemand wat sukses behaal en iemand wat

nie sukses behaal nie, bemagtiging is. Sy noem ook verder dat hierdie mag die vermoë impliseer om veranderinge in jou lewe teweeg te bring, om jou persepsies te vorm en om dinge vir jou te laat werk. Sy noem ook dat dit ervarings van die verlede en persepsies oor die toekoms is wat selfaktualisering belemmer. "*deur die traumatiese ervarings van die verlede te detoksifiseer en 'n toekomstige doel vir hierdie mens in sy brein/liggaamstelsel te programmeer, kan 'n persoon weer gehelp word om sy volle potensiaal te bereik".*

In die geval van leerders met 'n negatiewe persepsie van skool, kan adolessente gelei word om nuwe doelwitte te stel en tot sinvolle betekenisgewing van die skool en rolspelers, aktiewe betrokkenheid by die skool en positiewe belewing van relasies in die skool, gelei word.

### 3.4.2 Die Opvoedkundig-sielkundige voorwaardes

#### 3.4.2.1 Relasievorming

Deurdat die kind betekenis gee, word 'n bepaalde relasie met 'n persoon of objek gevorm. Wanneer 'n relasie gevorm word, is daar 'n kognitiewe, sowel as 'n affektiewe komponent ter sprake. Die kognitiewe komponent word gekenmerk deur kennis en die affektiewe komponent dui op die kwaliteit van die belewing van die ander persoon. Op grond van kognitiewe sowel as affektiewe komponente, vind daar in relasies óf toenadering óf verwydering plaas.

#### 2.4.1.2 Die opvoedkundige klimaat

Volgens Venter (2008) word die volgende komponente van die opvoedingsklimaat genoem: liefde, kennis, sorg, respek en vetroue. Hierdie komponente word deur Stiglingh (2002:75) in 'n tabel as volg uiteengesit:

**Tabel 3.4 Komponente van die opvoedkundige klimaat**

| | |
|---|---|
| **Liefde** | Wedersydse toegeneentheid, toenadering, selfopoffering en koestering wat sprekend is van onvoorwaardelike aanvaarding. Hierdeur verkry die kind die geborgenheid om haar leefwêreld te eksploreer. |
| **Kennis** | Dit is 'n voorwaarde vir liefde en vetroue en behels wedersydse kennis en begrip insluitende kennis van mekaar se behoeftes en begeertes. Die opvoeder (terapeut of ouer) moet haarself kan meeleef in die kind se belewinge en vanuit 'n eksterne verwysingsraamwerk deur haar invoeling, daaraan betekenis gee. |
| **Sorg** | Kennis impliseer sorg. Sorg behels veel meer as fisieke versorging. Dit verskaf 'n geborgenheidsruimte waarin die kind (adolessent) kan woon en wat sy as eie leefwereld kan ontwerp. Al sou sy in haar taakoplegging misluk, is die geborgenheid van hierdie ruimte steeds daar om op terug te val. |
| **Respek** | Dit behels werdersydse, onvoorwaardelike aanvaarding en positiewe agting van mekaar as persoon in eie reg. Die uniekheid van die mens word hierdeur erken en dit dien weer as voorwaarde vir vertroue. |

| | |
|---|---|
| **Vertroue** | Dit is 'n basiese voorwaarde vir gesonde en bevredigende interpersoonlike verhoudinge en is bevorderlik vir 'n gesonde waaghouding aangesien die persoon veilig en seker van haarself voel. |

Hierdie komponente wat as bevorderlik vir die opvoedkundige klimaat gesien word, sal in Hoofstuk 6 benut word om 'n klimaat te vorm waarbinne ouers hulle kinders kan hanteer indien hulle oor negatiewe persepsies van skool beskik.

### 3.4.3 Die kind as persoon

Vir die doel van hierdie studie word daar nie in besonderhede ingegaan op die kind as persoon nie. Daar sal vir volledigheid slegs 'n oorsig oor die intrapsigiese struktuur van die kind gegee word.

#### 3.4.3.1 Die ek

Die ek word deur Jacobs en Vrey (1982:17) as die geestelike stu- en stuurkrag van menslike handelinge en denke beskryf. Hulle noem ook dat die "ek" slegs in 'n geïntegreerde hoedanigheid met die ander dimensies van persoonswees bestaan en dat die "ek" in elke daad en gedagte voorkom.

#### 3.4.3.2 Die Self

Die self word deur Venter (2008) beskryf as "*die gestalt van wie en wat hy is en van dit wat hy syne kan noem. Die self sluit onder andere in sy stelsel van idees, houdings, waardes en dit waaraan hy hom oorgee". Die self is die persoon se totale subjektiewe omgewing. Die self is die sentrum van ervaring en betekenis."* Uit die persoon se voorstelling van homself, relatief tot sy voorstellings van ander, ontstaan sy beeld van homself. In die literatuur word ook nog verwys na verskillende dimensies van die self. Vir die doel van hierdie studie sal daar nie hierop ingegaan word nie.

#### 3.4.3.3 Die Selfkonsep

Jacobs en Vrey (1982:30) noem dat die selfkonsep die wyse bepaal waarvolgens ‘n persoon dinge beleef, betekenis gee en betrokke raak. Dit dien dan ook as maatstaf waarvolgens persone na buite beweeg en in relasie met ander omgaan.

#### 3.4.3.4 Identiteit

Venter (2008) noem dat identiteit ‘n kognitiewe aangeleentheid is en dat identiteitsvorming daaruit bestaan dat die persoon deur bewuswording en kennis van die self daartoe in staat gestel word om die vraag te beantwoord: “ Wie is ek?”.

## 3.5 ***<u>SAMEVATTING</u>***

In Hoofstuk 3 is interne- sowel as eksterne faktore bespreek wat ŉ invloed op die vorming van ŉ leerder se persepsie van skool het. Deurdat rolspelers bewus is van faktore wat die vorming van ŉ negatiewe persepsie van skool veroorsaak, kan begrip vir die leerder se gedrag bewerkstellig word. Onder eksterne faktore is die rol wat die leerder self speel, bespreek, so ook die hoof en onderwysers en die ouers. Daar is ook kortliks gefokus op die rol wat politiek en die media, as eksterne faktore, op die vorming van negatiewe persepsies van skool speel. Interne faktore wat ŉ rol speel, is die leerder se lokus van kontrole en sy motivering. Emosionele probleme, soos die feit dat ŉ leerder by die skool afgeknou of geboelie word, lei verder tot die vorming van negatiewe persepsies. Indien ŉ leerder oor kognitiewe probleme, onder andere leerprobleme, beskik, lei dit daartoe dat die leerder dikwels onbekwaam en ŉ mislukking voel en sodoende ŉ negatiewe persepsie van skool ontwikkel. Die laaste punt wat genoem is, handel oor gedragsprobleme.

# HOOFSTUK 4: NAVORSINGSONTWERP

**Diagram 4.1 Uiteensetting van Hoofstuk 4**

- 4.1 INLEIDING
- 4.2 DOELWITTE VAN DIE STUDIE
- 4.3 NAVORSINGSPARADIGMA EN -BENADERING
- 4.4 NAVORSINGSONTWERP EN METODE
- 4.5 VERSAMELING
- 4.6 DATA-ANALISE
- 4.7 ETIESE ASPEKTE
- 4.8 GELDIGHEID
- 4.9 GEVOLGTREKKING

## *4.1 INLEIDING*

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetodologie wat ek in hierdie studie gebruik het, uiteengesit. Ek sal ook 'n verduideliking gee waarom ek hierdie metodes gekies het, asook die stappe wat ek gevolg het om die data in te samel. Ek sal ook verduidelik hoe dit my gehelp het om die doelwitte van my studie te bereik. Ek sal ook die etiese prosedure wat ek gevolg het, bespreek.

## *4.2 DOELWITTE VAN DIE STUDIE*

Die oorkoepelende doel van my studie is in Hoofstuk 1 as volg uiteengesit:

**Om riglyne aan ouers te gee oor die hantering van leerders met 'n negatiewe persepsie van skool.**

Die doel is onderverdeel in sub-doelwitte naamlik:

- Om ‘n literatuurstudie oor persepsie te doen.
- Om ‘n literatuurstudie oor die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies van skool te doen.
- Om ‘n empiriese studie te doen oor wat leerders se persepsies van skool is en
- om vas te stel watter behoeftes leerders met ‘n negatiewe persepsie van skool het.

Johnson en Christensen (2004:22) noem vyf oogmerke of doelwitte in wetenskaplike navorsing. Hierdie vyf doelwitte of oogmerke sal ek nou kortliks in tabelvorm noem en bespreek.

**Tabel 4.1 Doelwitte of oogmerke in wetenskaplike navorsing**
**Om te:**

| | | |
|---|---|---|
| **Ondersoek** | Ondersoek word ingestel by die vroeë fases van die navorsing. Idees oor die fenomeen word ingesamel, voordat verdere navorsing voortgesit kan word. | In hierdie studie het ek tydens die Empiriese studie (uiteengesit in Hoofstuk 4) ondersoek ingestel na wat leerders se persepsie van skool is. Ek het ook in Hoofstuk 3 die oorsake van negatiewe persepsies van skool uitgelig, sodat aanbevelings vir die hantering daarvan gemaak kan word. |
| **Beskryf** | ‘n Beskrywende studie poog om die eienskappe van persepsievorming te beskryf. ‘n Studie word | In hierdie studie het ek in die literatuurhoofstukke (Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3), beskrywend te werk |

| | | |
|---|---|---|
| | as beskrywend geklassifiseer indien die navorser hoofsaaklik die fenomeen beskryf en waar die navorser die eienskappe van die fenomeen dokumenteer. | gegaan. Persepsie en die vorming van persepsie is beskryf. Die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies is ook beskryf. |
| **Verduidelik** | Die hoofdoel is om uit te wys hoe en waarom 'n fenomeen optree soos wat die geval is. Johnson en Christensen (2004:23) definieer 'n verduidelikende studie as volg: "*explanation attempting to show how and why a phenomenon operates as it does".* | In hierdie studie het ek gepoog om die term *persepsie* in Hoofstuk 2 te verduidelik en ook in Hoofstuk 6 te verduidelik, sodat ouers begrip vir die gedrag van hul kind met 'n negatiewe persepsie van skool kan verkry.<br><br>Ek het in Hoofstuk 3 ook gewys op die oorsake en gevolge van leerders se negatiewe persepsies van skool en die invloed wat dit op die leerder se gedrag het. |
| **Voorspel** | Indien die navorser poog om 'n fenomeen te voorspel, is die hoofdoel van die studie, voorspelling. Indien die navorser die navorsing saamstel om 'n gebeurtenis in die toekoms te voorspel, is | Hoewel ek in hierdie studie kan voorspel dat leerders met 'n negatiewe persepsie van skool gedrag- of emosionele probleme sal ervaar, was *voorspelling* nie die hoofdoel van my studie nie. |

| | | |
|---|---|---|
| | die doel *voorspelling.* | |
| **Beïnvloed** | Beïnvloeding word gedefineer as "*attempting to apply research to make certain outcomes occur".* Dit dui op die toepassing van kennis wat tydens navorsing ingesamel is. Die vorige doelwitte dui meer op die inwin van kennis deur navorsing. | Ek het in hierdie studie die kennis wat ingewin is oor die oorsake van negatiewe persepsies en die vorming van persepsies gebruik om riglyne aan ouers te verskaf oor hoe om leerders met negatiewe persepsies van skool te hanteer (Hoofstuk 6). |

### *4.3 NAVORSINGSPARADIGMA EN -BENADERING*

Johnson en Christensen (2004:29) noem drie verskillende navorsingsparadigmas. Elkeen van hierdie paradigmas gee 'n ander perspektief op dit wat bestudeer word. 'n Paradigma word volgens hulle gedefinieer as "*a perspective based on a set of assumptions, concepts, and values that are held by a community of researchers"*.

Die drie paradigmas wat hulle noem, is om kwantitatief, kwalitatief of volgens die gemengde metode te werk. Hierdie paradigmas word in Tabel 4.2 opgesom en sal daarna in meer detail beskryf word.

**Tabel 4.2 Opsomming van die verskillende navorsingsparadigmas**

| | **Kwantitatief** | **Gemengde navorsing** | **Kwalitatief** |
|---|---|---|---|
| **Wetenskaplike metode** | Deduktief "top-down" hipoteses en data met data | Deduktief en induktief | Induktief "bottom-up" |
| **Siening van menslike gedrag** | Gedrag is voorspelbaar | Gedrag is in 'n mate voorspelbaar | Gedrag is vloeibaar, dinamies, kontekstueel en persoonlik |
| **Algemene navorsings-doelwitte** | Beskrywend, verduidelikend en voorspelling | Verskeie doelwitte | Beskrywend, ondersoekend en ontdekkend |
| **Fokus** | Nou-hoeklens, toets spesifieke hipoteses | Multilens-fokus | Wye-hoek-lens en diepte-hoek-lens om meer van die fenomeen te leer. |
| **Natuur van waarneming** | Poog om gedrag onder gekontroleerde omstandighede te bestudeer | Bestudeer gedrag in meer as een konteks of kondisie. | Bestudeer gedrag in natuurlike omgewings. Bestudeer die konteks waarbinne gedrag voorkom. |
| **Natuur van die werklikheid** | Obejektief (verskeie waarnemers stem saam oor wat waargeneem word) | Algemene kennis. Realistiewe en pragmatiese siening van die wêreld. (bv.: wat werk is die werklikheid). | Subjektief, persoonlik en sosiaal gekonstrueer |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Tipe data ingesamel** | Kwantitatiewe data wat op presiese meting gebaseeer is. Gebruik gestruktureerde data-insamelings-instrumente. | Verskeie tipes metodes | Kwalitatiewe data, bv.: onderhoude, observasie, veldnotas en oop-einde vrae. Die navorser is die primêre data insamelings-instrument. |
| **Tipe data** | Veranderlikes | Mengsel van veranderlikes, woorde en beelde | Woorde, beelde, kategorieë |
| **Data- analise** | Identifiseer statistiese verhoudings | Kwantitatief en kwalitatief | Soeke na patrone, temas en holistiese patrone |
| **Uitslae** | Veralgemeenbare bevindings | Bevindinge kan veralgemeen word | Spesifieke bevindinge. Weergawe van innerlike oopgpunt. Gee verskeie perspektiewe weer. |
| **Vorm van finale verslag** | Statistiese verslag | Eklektiek en pragmaties | Narratiewe verslag met kontekstuele beskrywing en direkte kwotasies van die navorsings-deelnemers. |

Volgens Denzin en Lincoln (1998:1); Leedy en Ormrod (2005:94) en Thomas (2003:1) kan **kwantitatiewe navorsing** gedefinieer word as die ontwerp wat vrae op grond van veranderlikes beantwoord. Die doel is om die fenomeen te verduidelik of te voorspel. Wanneer daar van **kwantitatiewe navorsing**

gepraat word, is dit nodig om te weet dat daar verskillende benaderings met betrekking tot kwantitatiewe navorsing bestaan. Struwig en Stead (2001:7) noem dat die algemeenste metodes met betrekking tot kwantitatiewe navorsing is: ‘n **ondersoekende studie, beskrywende studie, eksperimentele studie en quasi-eksperimentele studie.**

Wanneer ‘n kwalitatiewe ondersoek geloods word, word gewoonlik op die dinamiese dimensies van gedrag gefokus. Kwalitatiewe navorsers poog dikwels om verklarings vir gedrag te vind. In kwalitatiewe navorsing word die natuurlike gang van gedrag bestudeer. Die kwalitatiewe navorser versamel die data, vra die vrae en interpreteer wat waargeneem is. Daar word gepoog om die persone vanuit HULLE oogpunt waar te neem. Om die fenomeen in meer diepte te beskryf, word ‘n **kwalitatiewe ondersoek** geloods. Die ontwerp beantwoord dan vrae oor die natuur van die fenomeen – Denzin en Lincoln (1998:1); Leedy en Ormrod (2005:94) en Thomas (2003:1).

Babbie (2002:20) beskryf die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe data breedweg as die verskil tussen numeriese en nie-numeriese data.

Vir die doel van die hierdie studie word van die getrianguleerder gemengde metode ontwerp gebruik gemaak. Volgens hierdie metode word beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data versamel. Hierdie data word dan ontleed om die fenomeen beter te verstaan – (Ivankova, Cresswell & Plane Clark, 2007:266, 267).

### 4.3.1 Kwantitatiewe navorsingsontwerp

Soos reeds genoem, bestaan daar verskeie metodes van kwantitatiewe navorsing, naamlik ‘n ondersoekendie studie, beskrywende studie, eksperimentele studie en quasi-eksperimentele studie.

Ek het in hierdie studie van ‘n ondersoekende studie gebruik gemaak en sal nou kortliks beskryf wat ‘n ondersoekende studie behels en en hoe ek te werk gegaan het.

Drie moontlike metodes kan gebruik word in ondersoekende navorsing, naamlik die studie van sekondêre bronne van inligting, ‘n analise van geselekteerde gevalle en ‘n ondersoek van individue wat sekere opinies het oor die onderwerp wat ondersoek word, het.

Ek het in hierdie studie van sekondêre bronne van inligting in die literatuurstudie gebruik gemaak, ek het ook geselekteerde gevalle gebruik en deur middel van vraelyste ‘n ondersoek na leerders se opinies of persepsies van skool geloods. Die insameling van data deur middel van die vraelyste word in afdeling 4.5.2 bespreek.

Ek het ook kwalitatief te werk gegaan deur met vyf leerders onderhoude te voer. Hierdeur kon ek meer inligting verkry om die fenomeen in diepte te beskryf.

### 4.3.2 Kwalitatiewe navorsingsontwerp

Om die fenomeen in meer diepte te beskryf, word ‘n kwalitatiewe ondersoek geloods. Die ontwerp beantwoord dan vrae oor die natuur van die fenomeen – Denzin en Lincoln (1998:1); Leedy en Ormrod (2005:94) en Thomas (2003:1).

Deur die voer van onderhoude het ek die fenomeen van leerders se persepsies in meer diepte ondersoek. Ek het in die onderhoude veral op leerders se behoeftes ten opsigte van die hantering van rolspelers gefokus. Die wyse van data-insameling deur middel van onderhoude, word in afdeling 4.5.3 bespreek.

Om saam te vat, is die gemengde metode-ontwerp in hierdie studie as volg toegepas:

- kwantitatiewe navorsing is toegepas deurdat vraelyste deur leerders voltooi is. Syfers is hieruit verkry en in grafieke weergegee.
- Kwalitatiewe navorsing is toegepas deurdat leerders met negatiewe persepsies aanvanklik geobserveer is. Na afloop van die kwantitatiewe

ondersoek deur middel van vraelyste, is onderhoude met vyf leerders, met negatiewe persepsies van skool, gevoer. ‘n Dieper begrip van die oorsake van die vorming van ‘n negatiewe persepsie van skool is op hierdie manier verkry.

## *4.4 <u>NAVORSINGSONTWERP EN METODE</u>*

Die navorsingsontwerp word gedefinieer as ‘n spesifieke plan wat die navorser volg om menslike gedrag, wetenskaplik te bestudeer – Kerlinger (1992:279) en Leong & Austin (1996:59-71). Die ontwerp het te doen met die insameling van data om navorsing op te doen. Denzin en Lincoln (1998:1); Leedy en Ormrod (2005:94) en Thomas (2003:1) sluit hierby aan deur die navorsingsontwerp te definieer as die ontwerp wat vrae oor die komplekse natuur van die fenomeen beantwoord, sodat die fenomeen meer in diepte beskryf kan word.

Hierdie studie het in twee fases plaasgevind, naamlik:

- ‘n Literatuurstudie, en
- Empiriese navorsing

In onderstaande diagram word ‘n oorsig gegee oor die navorsingsproses wat ek gevolg het:

**Diagram 4.2 Oorsig oor die navorsingsproses**

**My Studie**

Waarneming en ervaring van leerders met 'n negatiewe persepsie van skool in die praktyk

Literatuurstudie oor persepsie en die oorsake van negatiewe persepsievorming op skool

Loodsondersoek deur middel van vraelyste oor wat leerders se persepsies van skool is en vasstelling van hulle behoeftes.

Opstel van 'n vraelys uit die literatuur en loodsondersoek om vas te stel watter faktore 'n rol by die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool speel.

Data-insameling deur middel van vraelyste aan 50 graad 9 en 10-leerders.

Onderhoudvoering met vyf leerders

Data-analise

Uit die inligting wat deur die vraelyste en onderhoude ingesamel is, is riglyne vir die hantering van leerders met 'n negatiewe persepsie van skool vir ouers saamgestel

(Die prosedure wat in elke fase gevolg is, word hieronder bespreek)

.

### 4.4.1 Literatuurstudie

Verskeie relevante boeke, artikels en internetbronne is bestudeer om relevante inligting oor die fenomeen van persepsie en die oorsake vir die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool, te bestudeer (hierdie bronne is opgesom in Tabel 1.1). In die bestudering van hierdie bronne het ek opgemerk dat daar inligting oor persepsie bestaan, maar min gesê is oor negatiewe persepsies van skool en die vorming en hantering daarvan. Hierdie gewaarwording het tot verdere motivering vir my studie bygedra. Die literatuuroorsig het my gehelp om 'n beter begrip te vorm van hoe 'n persepsie gevorm word en om sodoende begrip vir leerders met 'n negatiewe persepsie van skool te verkry. Ek het ook inligting gekry oor wat die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies is. Dit het my gehelp om riglyne in

Hoofstuk 6 aan ouers te kan gee oor die begrip en hantering van leerders met 'n negatiewe persepsie van skool. Die inligting in die literatuurstudie kon ek gebruik om 'n vraelys en vrae vir onderhoude saam te stel. Die resultate van die literatuurstudie is in Hoofstuk 2 en Hoofstuk, 3 uiteengesit.

#### 4.4.2 Navorsingsontwerp (Empiriese navorsing)

Die empiriese navorsing het hoofsaaklik volgens die gemengde metode ontwerp plaasgevind.

Wanneer Tabel 4.2 bestudeer word, word die volgende kenmerke van die gemende metode ontwerp in my studie aangetref: die wetenskaplike metode is deduktief en induktief toegepas. Deduktief deurdat leerders se persepsies van skool in die Empiriese studie deur middel van vraelyste ondersoek is en bevind is dat ongeveer 'n vyfde van die leerders se persepsies negatief is. Induktief, deurdat inligting deur onderhoude verkry is om die persepsies van leerders in meer diepte na te vors.

Die siening van menslike gedrag is in 'n mate voorspelbaar deurdat ek verwag het dat daar wel leerders met negatiewe persepsies van skool is. In die Empiriese ondersoek is net vasgestel wat die persentasie van leerders met negatiewe persepsies van skool is. Hierdie persentasies kan in Grafieke 5.1 – 5.6 waargeneem word.

Ek het verskeie navorsingsdoelwitte (soos in Hoofstuk 1 uiteengesit) wat nagestreef is, gehad, naamlik:

- om 'n literatuurstudie oor die vorming van persepsie te doen
- om 'n literatuurstudie oor die oorsake van die vorming van negatiewe persepsies van skool te doen
- om 'n empiriese ondersoek na leerders se persepsies van skool te loods
- om leerders met negatiewe persepsies se behoeftes vas te stel en
- om riglyne aan ouers te skryf.

In hierdie studie het ek 'n multilens fokus gehad deurdat ek vanuit 'n wye hoek na 50 leerders se persepsies gekyk het en deur 'n nou-hoek-lens, deur op vyf leerders se persepsies te fokus.

Die leerders se gedrag is in meer as een konteks bestudeer. Onder gekontroleerde omstandighede het ek leerders se persepsies in die klassituasie bestudeer en aanvanklik ongekontroleerd tydens waarneming.

Verskeie tipes metodes is gebruik om data in te samel, naamlik observasies, vraelyste en onderhoude.

Data-analise is kwantitatief gedoen deur inligting wat in vraelyste verkry is, in persentasies op grafieke in Hoofstuk 5 voor te stel en kwalitatief geanaliseer deurdat temas en patrone uit die oop vrae en onderhoude verkry is.

Die resultate van die oop einde vrae en onderhoude is narratief weergegee en die resultate van die vraelyste word in die vorm van persentasies in die grafieke weergegee (Grafieke 5.1 – 5.6).

#### 4.4.2.1 Kwantitatiewe navorsing

##### 4.4.2.1.2 Beskrywende studie

Tydens die uitvoer van die empiriese ondersoek, het ek aanvanklik kwantitatief -, en toe kwalitatief - te werk gegaan. Tydens die kwantitatiewe ondersoek, het ek van 'n beskrywende studie gebruik gemaak deur in 'n loodsondersoek vraelyste aan 50 leerders te voorsien. Die doel van die loodsondersoek was om inligting van leerders te verkry oor hulle persepsies van skool te verkry, sodat 'n gepaste vraelys opgestel kan word om leerders se persepsies van skool vas te stel.

#### 4.4.2.2 Kwalitatiewe navorsing

In die kwalitatiewe navorsing het ek van gevallestudies en 'n fenomenologiese studie gebruik gemaak.

#### 4.4.2.2.1 Gevallestudie

In die geval van gevallestudies word daarop gefokus om gedetailleerde inligting omtrent een of meer gevalle te verskaf. Tydens ‘n gevallestudie word daar op een of meer gevalle as ‘n geheel gefokus soos wat dit in die werklike lewe na vore kom. Volgens Leedy en Ormrod (2005:135) fokus gevallestudies op begrip en versameling van inligting omtrent ‘n spesifieke individu of individue. Die idee is dus om nuwe inligting vanuit die individue te verkry. In hierdie studie het ek juis nuwe inligting by individue gekry deur onderhoude te voer en onderliggende behoeftes vas te stel.

In die gevallestudie het ek vyf van die leerders wat vraelyste voltooi het gekies om onderhoude mee te voer. Ek het die vyf leerders met die meeste negatiewe antwoorde op hulle vraelyste gekies om sodoende eerstehandse inligting van leerders met negatiewe persepsies van skool te verkry. Die feit dat ek van vyf leerders in die gevallestudie gebruik gemaak het, dui daarop dat ek van ‘n veelvuldige gevallestudie gebruik gemaak het.

Leedy en Ormrod (2005:136) beskryf vyf stappe wanneer van gevallestudies gebruik gemaak word. In Tabel 4.3 noem ek die stappe en hoe ek dit in my studie toegepas het.

**Tabel 4.3 Stappe in die saamstel van die gevallestudie**

| Stappe | Gevallestudie - prosedures | Hoe ek dit in my studie toegepas het |
|---|---|---|
| **Stap 1** | Noem die doel en hoe dit met die navorsingsprobleem verband hou. | My doel was om ondersoek te loods na leerders se persepsies van skool en om begrip te verkry van die behoeftes van leerders met negatiewe persepsies van skool. My hoofdoel was om hierdie inligting te gebruik om riglyne aan ouers te verskaf oor hoe om leerders met negatiewe persepsies |

| | | |
|---|---|---|
| | | te hanteer.<br>(Sien Hoofstuk 6) |
| **Stap 2** | Om toestemming en toegang tot studiemateriaal en deelnemers te verkry. | Die Universiteit van Suid-Afrika het my voorlegging tot die studie goedgekeur en ook toegang tot studiemateriaal verleen. Ek het ook toestemming van die deelnemers en hul ouers verkry deur die voltooiing van die toestemmingsbrief in die Bylaag. |
| **Stap 3** | Insameling van data. | By die insameling van data het ek hoofsaaklik van vraelyste en onderhoude gebruik gemaak.<br>Sien Diagram 4.2 oor die proses van navorsing wat gevolg is. |
| **Stap 4** | Analise en interpretering van die data. | Tydens die onderhoude wat gevoer is, het ek aandagtig geluister en aantekeninge gemaak. Ek het ook opnames van die onderhoude gemaak, dit getranskribeer, gekodeer en dit in temas opgedeel. Hierdie inligting is in Hoofstuk 6 gebruik om riglyne aan ouers te gee. |
| **Stap 5** | Skryf van die navorsingsresultate. | My bevindinge is in Hoofstuk 5 bepreek. |


#### 4.4.2.2.2 Fenomenologiese studie

Tydens hierdie vorm van kwalitatiewe navorsing poog die navorser om te verstaan hoe een of meer individue die fenomeen ervaar. In die Empiriese studie het ek tydens die kwalitatiewe ondersoek, ondersoek ingestel na leerders se persepsies van skool en wat hulle behoeftes is.

### *4.5 <u>DATAVERSAMELING</u>*

In die onderstaande diagram word 'n opsomming van die metodes van data-insameling gegee:

**Diagram 4.3 Opsomming van die metodes van data-insameling**




#### 4.5.1 Observasies

Leedy en Ormrod (2005:145) definieer observasies as 'n bewustelik ongestruktureerde, vry vloeiende aktiwiteit waar die navorser sy sintuie en intuïsie gebruik om beter begrip van die fenomeen wat bestudeer word, te verkry. Tydens waarneming hou die navorser gedragspatrone van mense in sekere situasies dop om inligitng oor die fenomeen van belang in te win. Die waarnemer moet probeer om inligting te verkry sonder om 'n obstruksie te wees. Observasie is 'n belangrike manier om data in te win aangesien mense nie altyd optree soos wat hulle sê hulle doen nie.

Tydens hierdie studie is data deur waarneming deur middel van naturalistiese observasie verkry. Leerders is in die werklike omstandighede dopgehou. Leerders is in hulle klaskamers en op die speelgrond dopgehou.

My bewuswording van die probleem wat ouers ervaar in die hantering van hulle kinders met negatiewe persepsies van skool, het uit observasies ontstaan. Tydens die beoefening van my beroep as opvoedkundige-sielkundige by 'n Afrikaans Hoërskool in Pretoria, het al hoe meer leerders

met negatiewe persepsies van skool, my kantoor binnegestap. Dit was interessant om te observeer dat die aanmeldingsprobleem van die ouers en die kind, soms verskil het. Die leerder se probleem was dat sy ouers nie begrip het vir hom en sy siening (persepsie) van skool nie. Die ouer se aanmeldingsprobleem was dat hulle sit met 'n kind met 'n negatiewe persepsie van skool. Beide ouer en kind het dieselfde simptome genoem (lae punte, sosialisering, verhouding met onderwysers, ensovoorts), maar elkeen het sy probleem anders gestel. My waarneming was dat hier twee verskillende partye met twee verskillende probleme, maar met dieselfde simptome was.

Hierdie observasies het my laat nadink oor hoe hierdie probleem opgelos kan word. My observasies het gelei tot die loods van hierdie studie en die saamstel van riglyne aan ouers in Hoofstuk 6.

### 4.5.2 Vraelyste

Voordat die vraelyste aan die respondente uitgedeel is, het ek eers 'n studie oor die neem van steekproewe gemaak. Hieronder het ek verskillende metodes vir die neem van steekproewe in 'n tabel uiteengesit.

#### 4.5.2.1 Metodes vir die neem van steekproewe

Die verskillende metodes waarop steekproewe geneem kan word, word in onderstaande tabel uiteengesit:

**Tabel 4.4 Metodes vir die neem van steekproewe**

| Omvattende-gevallestudie-steekproef |
|---|
| **Beskrywing:** Alle gevalle word by die navorsing ingesluit. Dit waarborg verteenwoordiging, aangesien alle gevalle ingesluit word. Dit kan baie duur en onprakties wees. **Kommentaar:** In my ondersoek het ek nie van hierdie tipe steekproef gebruik gemaak nie. |
| **Maksimum-veranderlike-steekproef** |
| **Beskrywing:** 'n Wye veld gevalle word doelbewus gekies. Dit verseker dat niemand kan voel die navorser het sekere persone doelbewus uitgesluit nie. 'n Sentrale tema wat by al die gevalle voorkom, kan nagevors word. **Kommentaar:** Ek het in my navorsing van hierdie steekproef gebruik gemaak. Ek het tydens 'n onspesifieke periode na 'n onspesifieke onderwyser gegaan en gevra of die leerders die vraelys tydens daardie periode mag voltooi. Niemand is dus op grond van 'n spesifieke kriteria of bevooroordeling gekies nie en betroubare inligting kon verkry word. Hierdie metode is vir die voorondersoek en die hoofondersoek toegepas. |
| **Homogene-gevalle-steekproef** |
| **Beskrywing:** 'n Klein hoeveelheid, homogene, proefpersone word gekies vir intensiewe studie. Hierdie metode word dikwels gebruik om fokusgroepe saam te stel. Daar word gewoonlik met ses of sewe persone onderhoude gevoer oor 'n onderwerp van gemeenskaplike belang. **Kommentaar:** In hierdie studie het ek ook van hierdie tipe steekproef gebruik gemaak. Nadat ek die aanvanklike ondersoek deur middel van die vraelyste gedoen het, het ek vyf persone geselekteer. Ek het die vyf persone gekies wat die meeste negatiewe response op hulle vraelyste gegee het. Ek het in-diepte-onderhoude met hierie persone gevoer deur van vrae met oop eindes gebruik te maak |

| Ekstreme-gevalle-steekproef |
| --- |
| **Beskrywing:**<br>By hierdie metode word ekstreme, of pole van ‘n sekere karaktereienskap, geïdentifiseer. Gevalle word dan gekies om hierdie pole vir eksaminering te verteenwoordig. |
| **Tipiese-gevalle-steekproef** |
| **Beskrywing:**<br>Persone word geselekteer wat deur die navorser geglo word, gemiddelde gevalle is. Die navorser sal ‘n lys maak van tipiese kriteria van ‘n gemiddelde geval en dan soek na voorbeelde om te bestudeer. |
| **Kritiese-gevalle-steekproef** |
| **Beskrywing:**<br>‘n persoon of persone word gekies, wie die navorser glo sal ‘n spesifieke navorsingspunt besonder goed uitlig. |
| **Negatiewe-gevalle-steekproef** |
| **Beskrywing:**<br>Gevalle word hier gekies wat nie die navorser se verwagtinge en veralgemenings bevestig nie. Hierdie metode kan die navorser laat bevind dat sy oorspronklike veralgemening nie waar is nie en dat die veralgemening hersien moet word. |
| **Opportunistiese-gevalle-steekproef** |
| **Beskrywing:**<br>Wanneer daar gedurende data-insameling ‘n geleentheid hom voordoen om sekere persone te kies om deel te wees van die navorsing, wat nie aanvanklik deel was van die beplanning nie. |
| **Gemengde-doel-steekproef** |
| **Beskrywing:**<br>Meer as een steekproef word strategies gebruik om deelnemers vir die studie te selekteer. |

Nadat ek leerders met negatiewe persepsies van skool in die praktyk geobserveer het en gesprekke met hulle gevoer het, het ek begin aantekeninge maak en boekhou van sentrale temas wat uit hierdie gesprekke voortvloei. Hierdie aantekeninge en temas het my gehelp om ‘n vraelys vir ‘n loodsondersoek te formuleer. Johnson en Christensen (2004:164) beskryf ‘n vraelys as volg: "*a questionnaire is a self-report data-collection instrument that each research participant fills out as part of a research study".* Volgens McMillan en Schumacher (1997:252) word ‘n vraelys as volg gedefinieer*: "a questionnaire is relatively economical, has the same questions for all subjects, can ensure anonymity, and contains questions written for specific purposes. Respondents get something in written format and usually respond in written format".*

Op grond van die inligting wat ek by die leerders gekry het en op grond van die inligting wat ek in die literatuurstudie (beskryf in Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3) gekry het, het ek ‘n vraelys vir ‘n loodsondersoek opgestel (sien die Bylaag). Vir die saamstel van die vraelys vir die hoofondersoek, het ek inligting, wat uit die loodsondersoek na vore gekom het, sowel as inligting uit die literatuurstudie gebruik (Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3). ‘n Voorbeeld van die vraelys verskyn onder 4.5.2.2

#### 4.5.2.2 Bespreking van die vraelys

"*A questionnaire is a self-report data-collecion instrument that each research participant fills out as part of a research study" – (*Johnson & Christensen, 2004:164).

Ek het 'n vraelys opgestel wat op bestaande literatuur gebaseer is om leerders se persepsies van skool te ondersoek. McMillan en Schumacher (1997: 252) definieer 'n vraelys as volg: *"A questionnaire is relatively economical, has the same questions for all subjects, can ensure anonymity, and contains questions written for specific purposes". Respondents get something in written format and usually respond in written format".*

Hierdie inligting wat uit die literatuur verkry is, het my in staat gestel om die respondent se kennis, waardes en houdings ten opsigte van die onderwerp wat ondersoek word, vas te stel.

Verskeie tipes vrae kan gevra word, onder andere geslote vrae en vrae met ŉ oop einde. By geslote vrae antwoord die respondent slegs "ja" of "nee" of dui hul houding op 'n skaal met kategorieë aan. By die gebruik van 'n Lickert skaal dui die respondent byvoorbeeld sy houding op 'n skaal van 1 tot 5 aan. By vrae met oop eindes word voorsiening gemaak dat respondente vrae in hulle eie woorde kan beantwoord.

Geslote vrae beskik oor die voordeel dat data maklik gekategoriseer kan word. Die nadeel is egter dat daar nie inligting gegee word aangaande dit wat onder die oppervlak van die respons lê nie.

Vrae met ŉ oop einde ondervang hierdie probleem aangesien inligting verkry word aangaande dit wat onder die oppervlak lê. Die respondent se houding en gevoel kan weergegee word. Subjektiwiteit speel hier egter ŉ groot rol.

Ek sal nou die navorsingsvraelys soos wat ek dit toegepas het, bespreek. Hieronder is 'n voorbeeld van die vraelys wat tydens die empiriese studie gebruik is:

**<u>Navorsingsvraelys oor leerders se persepsies van skool</u>**

**Naam en Van: …………………………………………………………….**
**Graad: ……………………………………………………………………….**
**Ouderdom: ……………………………………………………………………..**
**Kontaknommer (jou selfoonnommer) …………………………….**

Me. Josling is tans besig met verdere studies, waarin sy leerders se persepsies of sienings van die skool ondersoek. Die inligting wat in hierdie

ondersoek verkry word, word heeltemal vertroulik hanteer. Nie die skool of jou ouers sal enige inligting, sonder jou toestemming verkry nie.

Jou hulp is nodig om so ‘n ondersoek te kan loods. Voltooi asseblief onderstaande vraelys so eerlik as moontlik. Maak na elke stelling ‘n kruisie oor die punte 1 – 4 (die skaal word hier onder verduidelik). Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie.

1 = Glad nie
2 = Redelik
3 = Oorwegend
4 = Beslis

**<u>Afdeling A</u>**
**Leerder se persepsie oor homself**

**Belangstelling in persoonlike take**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 1. Ek hou van myself as mens | | | | |
| 2. Ek hou daarvan om my skoolwerk te doen | | | | |
| 3. Ek neem aan verskeie aktiwiteite deel. | | | | |

**Betrokkenheid by persoonlike take**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 4. Ek neem my akademie ernstig op. | | | | |
| 5. Ek doen my bes in buitemuurse aktiwiteite. | | | | |
| 6. Ek ondersteun sport-/ en kultuurbyeenkomste. | | | | |

**Belangstelling in die skool en aktiwiteite**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 7. Ek stel belang om deel te wees van geleenthede wat die skool bied. | | | | |
| 8. Ek stel belang om uit te vind watter nuwe gebeure by die skool plaasvind. | | | | |

**Betrokkenheid by die skool en aktiwiteite**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 9. Ek neem deel aan aktiwiteite wat die skool bied. | | | | |
| 10. Ek ondersteun byeenkomste wat deur die skool gereel word. | | | | |

**Enige ander opmerkings oor jouself en die skool**

| |
|---|
| |

**Afdeling B**
**Leerder se persepsie van sy onderwysers en skool**

1 = Glad nie

2 = Redelik

3 = Oorwegend

4 = Beslis

**Belangstelling in my as persoon**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 1. Die onderwysers stel in my as persoon belang. | | | | |
| 2. Die onderwysers stel belang in my akademiese prestasie. | | | | |
| 3. Die onderwysers weet aan watter aktiwiteite ek deelneem en stel daarin belang. | | | | |

**Die onderwysers se betrokkenheid by my as persoon**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 4. My onderwysers sien raak wanneer dit met my goed of sleg gaan. | | | | |
| 5. My onderwysers probeer my daadwerklik help om akademiese swakpunte te verbeter. | | | | |
| 6. My onderwysers ondersteun soms van my buitemuurse aktiwiteite. | | | | |

**Die onderwysers se belangstelling in die skool**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 7. My onderwysers is op hoogte van nuwe gebeure by die skool. | | | | |
| 8. My onderwysers is op hoogte van aktiwiteite wat by die skool plaasvind. | | | | |

**Die onderwysers se betrokkenheid by die skool**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 9. My onderwysers is betrokke by aktiwiteite wat by die skool aangebied word. | | | | |

Enige ander opmerkings oor die onderwysers (hetsy positief of negatief)

| |
|---|
| |

**Afdeling C**

**Leerder se persepsie van die portuurgroep**

1 = Glad nie

2 = Redelik

3 = Oorwegend

4 = Beslis

**Belangstelling in my as persoon**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 1. My vriende stel belang in my as persoon. | | | | |
| 2. My vriende stel opreg belang in my akademiese vordering. | | | | |
| 3. My vriende stel belang in die aktiwiteite waaraan ek deelneem. | | | | |

**My vriende se betrokkenheid by my as persoon**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 4. My vriende wys daadwerklik dat hulle omgee vir my as persoon. | | | | |
| 5. My vriende gee ondersteuning wanneer ek dit nodig het op akademiese gebied. | | | | |
| 6. My vriende kom ondersteun my wanneer ek aan buitemuurse aktiwiteite deelneem. | | | | |

**My vriende se belangstelling in die skool**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 7. My vriende is op hoogte van gebeure by die skool. | | | | |
| 8. My vriende stel belang in die aktiwiteite wat by die skool aangbied word. | | | | |

**My vriende se betrokkenheid by die skool**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 9. My vriende is betrokke by die skool en aktiwiteite. | | | | |

**Enige ander opmerkings hetsy positief of negatief oor jou vriende se houding teenoor jou en die skool**

| |
|---|
| |

**<u>Afdeling D</u>**

**Leerder se persepsie van sy ouers**

1 = Glad nie
2 = Redelik
3 = Oorwegend
4 = Beslis

**My ouers se belangstelling in my as persoon**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 1. My ouers stel in my as persoon belang. | | | | |
| 2. My ouers is op hoogte van my akademiese vordering. | | | | |
| 3. My ouers stel belang in my buitemuurse aktiwiteite. | | | | |

**My ouers se betrokkenheid by my as persoon**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 4. My ouers staan my by wanneer ek persoonlike probleme ervaar. | | | | |
| 5. My ouers bied hulp aan om my op akademiese gebied te help. | | | | |
| 6. My ouers staan tyd af om my buitemuurse aktiwiteite te ondersteun. | | | | |

**My ouers se belangstelling in die skool**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 7. My ouers lees gereeld die skool se nuusbriewe. | | | | |
| 8. My ouers stel belang in gebeure en prestasies van die skool. | | | | |

**My ouers se betrokkenheid by die skool**

| | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| 9. My ouers bied hulp aan wanneer funkies by die skool gereel word. | | | | |

**Enige ander opmerkings oor jou ouers en die skool – hetsy positief of negatief**

| |
|---|
| |

Die vraelys vir die hoofondersoek het uit vier afdelings bestaan naamlik:

- Die leerder se persepsie oor homself (Afdeling A)
- Die leerder se persepsie van sy onderwysers en skool (Afdeling B)
- Die leerder se persepsie van die portuurgroep (Afdeling C)
- Die leerder se persepsie van sy ouers (Afdeling D)

Uit die literatuurstudie het dit na vore gekom dat leerders persepsies onder andere op grond van leerders se ervarings met rolspelers vorm. Die onderwysers, die portuurgroep en die ouers is as rolspelers gekies, aangesien hierdie persone direk by die leerder se alledaagse ervaringe in en rondom die skool betrokke is.

Elke afdeling is in onderafdelings verdeel. Die onderafdelings handel oor die leerder se belangstelling en betrokkenheid in:

- persoonlike take en,
- die skool en aktiwiteite

Die onderwyser se belangstelling en betrokkenheid by die:

- die leerder
- die skool

Die portuurgroep se belangstelling en betrokkenheid by:

- by die leerder as persoon
- die skool

Die ouers se belangstelling en betrokkenheid by:

- die leerder as persoon
- die skool

Die onderafdelings oor die leerder se belangstelling en betrokkenheid, is op grond van die inligting wat uit die literatuurstudie na vore gekom het, ondersoek. Diagram 3.5 dui daarop dat die leerder persepsies van skool op grond van sy betrokkenheid en betekenisgewing van ervaringe van rolspelers

vorm. Die antwoorde wat op die vrae van elke onderafdeling verkry is, gee dus ‘n aanduiding van die leerder se persepsie van skool.

In hierdie studie is daar van geslote- sowel as oop-einde vrae gebruik gemaak. By elke afdeling is geslote vrae gestel waar die respondent op ŉ Likertskaal van 4-punte ŉ antwoord moet gee. ŉ Likertskaal word in navorsing gebruik as een van die betroubaarste tegnieke om houding, waardes en opinies te toets. Dit bestaan uit ŉ reeks stellings wat die respondent op ŉ skaal aantoon. Die skaal wissel van stem heeltemal saam tot stem glad nie saam nie. By die Likert-skaal kan daar van ŉ 4- of 5-punt skaal gebruik gemaak word. “*the Likert scale could also be called the summated rating scale, in contrast with the numerical rating scales, because of the composition of the scale. The multiple items that are designed to measure the same idea or construct increase reliablility and validity - (*Hayes 1993: 110; Bordens & Horowitz 2002”165; Tuckman 1978:179; De Vellis 1991:69; Johnson & Christensen 2004:175; Huysamen 1994:125).

Na elke afdeling is daar ruimte gelaat waar respondente op ŉ oop vraag aangaande die inhoud van daardie afdeling antwoord moes gee. (Sien Hoofstuk 5.4 oor die leerders se opmerkings by die oop vrae).

In Tabel 4.5 word die voor- en nadele van vraelyste uiteengesit soos wat Leedy en Ormrod (2005:185) dit beskryf.

**Tabel 4.5 Voor- en nadele van vraelyste**

| Voordele | Nadele |
|---|---|
| Pen en papiervraelyste kan na afgeleë plekke gestuur word en sodoende reisuitgawes en telefoonoproepe spaar. | Die gewillige respondente is nie altyd verteenwoordigend van die oorspronklike geselekteerde steekproef nie. |
| Vraelyste maak dit vir die respondent makliker om eerlike antwoorde te gee | Beantwoording van die vrae kan beïnvloed word deur lees- en |

| | |
|---|---|
| deurdat daar 'n afstand tussen die navorser en respondent geskep word. | skryfvaardighede. Dit kan lei tot die waninterpretasie van vrae. |
| By die beantwoording van vraelyste is dit moontlik om anoniem te bly. | Dit kan gebeur dat die navorser slegs beperkte inligting bekom aangesien die vrae vooraf gespesifiseer is en ander vrae geëlimineer is. |

Dit was vir my voordelig om van vraelyste in hierdie studie gebruik te maak, aangesien die adolessente uit een hoërskool afkomstig was en dat hulle maklik bekombaar was. Die leerders is verseker dat hulle vraelyste vertroulik hanteer sal word en dat dit anoniem sal bly. Dit het meegebring dat vrae eerlik beantwoord is. Die leerders het ook voldoende tyd gehad om die vraelyste te voltooi. Aangesien die vraelyste deur leerders van een hoërskool voltooi is, kon ek die vraelyste alles self uitdeel en ook persoonlik inneem. Hierdie handeling het verseker dat 100% van die vraelyste voltooi en ingeneem is.

'n Nadeel vir die gebruik van 'n vraelys in hierdie studie kan wees dat deelnemers moontlik oneerlik kon wees en antwoorde gee wat hulle dink van hulle verwag word en dus nie heeltemal eerlik was nie.

Tydens die empiriese ondersoek het ek waardevolle inligting uit die vraelyste gekry. Ek kon egter nie genoeg inligting oor die leerders se behoeftes uit die vraelyste kry nie. Om hierdie nadeel van vraelyste uit te skakel, het ek besluit om onderhoude met vyf leerders te voer.

### 4.5.3 Onderhoude

Na afloop van die vraelyste wat voltooi is, is vyf respondente gekies om 'n verdere kwalitatiewe studie deur middel van onderhoude te loods. In hierdie studie is semi-gestruktureerde onderhoude gebruik om onderliggende

behoeftes van vyf leerders met 'n negatiewe persepsie van skool vas te stel. Deur middel van die vraelyste is leerders met negatiewe persepsies van skool geïdentifiseer om onderhoude mee te voer. Hierde leerders is geïdentifiseer op grond daarvan dat hulle meer negatiewe response as van die ander leerders in hulle vraelyste gelewer het. Die leerders het op hulle vraelyste van skuilname gebruik gemaak en daar is versoek dat die vyf geïdentifiseerde leerders aan die verdere studie sal deelneem. Weereens is hulle daarvan verseker dat inligting vertroulik hanteer sal word en dat alle inligting onder 'n skuilnaam weergegee sal word. In hierdie studie is van die semi-gestruktureerde onderhoud en ook van kwalitatiewe onderhoude gebruik gemaak.

Venter (2004:71) beskryf die semi-gestruktureerde onderhoud as volg: "...*semi-structured interviews provide for personal, unique responses. The semi-structured interview consists of open-ended questions which are, however, fairly specific in its intent".* Hayes (1993:111) noem dat "*interviews and accountanalysis are often used to identify underlying attitudes. Emotive words could be a good indication of attitudes without making direct attitude statements*". 'n Onderhoud kan dus as mondelinge vraelyste beskryf word. Dit is 'n buigbare tegniek en kan vir baie probleme en met alle tipes mense gebruik word. Wanneer onderhoude gevoer word, kan daar ook op die respondent se nie-verbale kommunikasie gelet word om inligting te verkry.

Die semi-gestruktureerde vrae is gebaseer op die vrae in die vraelyste wat uit die literatuurstudie na vore kom. Tydens die onderhoud is daar meer op die redes of oorsake van die leerder se negatiewe persepsie van skool gefokus. Ek het tydens die onderhoud ook op onderliggende en onvervulde behoeftes wat die leerder mag hê gefokus. Ek het die betrokke leerder se skriftelike vraelys bespreek deurdat die leerder uitgevra is na wat hy as die oorsake van sy negatiewe persepsies van skool sien.

Onderhoude is gekies om die moontlikheid van misverstande by die beantwoording van vrae uit te skakel en om ook 'n persoonlike element by die beantwoording van vrae uit te lig. Die vrae is gebaseer op die vrae wat in die

vraelyste voltooi is. Ek het by elke vraag uitgevra oor die leerder se siening oor die oorsake van sy persepsies en behoeftes wat by hom bestaan. Op hierdie manier kon direkte interaksie verkry word en verbale en nie-verbale response kan benut word.

In die onderhoud kan bruikbare inligting verkry word wat verband hou met:

- feitlike inligting;
- die individu se siening en perspektief oor die feite;
- gevoelens;
- motiewe;
- huidige gedrag en gedrag in die verlede;
- wat mense dink behoort gedoen te word in 'n bepaalde situasie; en
- waarom mense dink dat sekere gedrag toepaslik is of nie (Leedy & Ormrod, 2005:146)

Johnson en Christensen (2004:179) gee riglyne om 'n effektiewe onderhoud te voer. Hulle noem dat die onderhoudvoerders eerstens goed opgelei moet wees. Wanneer onderhoude gevoer word, moet vertroue met die respondent gevestig word en die onderhoudvoerder moet neutraal bly ten opigte van wat die respondente sê. Inhoud moet aan die respondent gereflekteer word en daar moet seker gemaak word dat die respondent meeste van die praatwerk doen. Die onderhoudvoerder moet seker maak die respondent verstaan presies wat gesê word en dat genoegsame tyd vir die respondent gegee word om vrae te beantwoord. Die onderhoudvoerder moet in beheer bly van die onderhoud en gefokus bly. Die onderhoudvoerder behoort ook respek vir die respondent se waardevolle tyd te hê. Onderhoude moet op kasset geneem word. Laatstens moet die onderhoudvoerder notas en opnames vir kwaliteit en volledigheid toets. Daar moet ook seker gemaak word dat notas en opnames volledig is. Die onderhoudvoerder moet empaties en neutraal bly. Nie-verbale gebare kan gebruik word om begrip te toon. Tydens die ondersoek het ek sekere etiese aspekte toegepas, wat in Hoofstuk 4.7 bespreek is.

Tydens die ondehoudvoering het ek deurgaans gepoog om neutraal te bly en nie die leerders se antwoorde in 'n rigting gelei nie. Die leerders het meeste van die praatwerk gedoen. Ek het die onderhoude opgeneem en ook notas geneem. Deur die leerders se antwoorde te reflekteer, het ek seker gemaak dat ek die leerder reg verstaan en sodoende die inligting vir kwaliteit en volledigheid getoets.

Kwalitatiewe onderhoude bestaan uit vrae met oop eindes en verskaf kwalitatiewe data. Kwalitatiewe onderhoude word ook in-diepte-onderhoude genoem, omdat dit in-diepte inligting oor die die deelnemer se denke, kennis, redenering, motiverings en gevoelens oor die onderwerp verskaf.

Daar bestaan **drie verskillende tipes kwalitatiewe onderhoude** naamlik: die informele geselsonderhoud, die gidsonderhoud-benadering en die standaard oop-einde-onderhoud.

#### 4.5.3.1 Informele gesels-onderhoud

Hierdie onderhoud is spontaan en los gestruktureer. Die onderhoudvoerder bespreek die onderwerpe van belang en volg alle leidrade wat tydens die bespreking voorkom. Dit is 'n goeie idee om veldnotas en 'n opname van die onderhoud indien moontlik te maak.

Tydens hierdie betrokke navorsing het ek van hierdie tipe onderhoud gebruik gemaak en notas geneem.

#### 4.5.3.2 Gidsonderhoud-benadering

Tydens hierdie onderhoud beplan die onderhoudvoerder om spesifieke onderwerpe te ondersoek en spesifieke oop-einde-vrae word gevra. Hierdie onderwerpe en vrae word voorsien op 'n onderhoudprotokol wat voor die onderhoud deur die navorser geskryf is. Hierdie vrae hoef egter nie in 'n spesifieke volgorde te volg nie. As gevolg van die protokol sal die onderhoudvoerder dieselfde onderwerpe en vrae aan al die deelnemers vra. Die onderhoudvoerder se taak is om die onderhoud volgens die protokol te laat verloop.

Tydens hierdie studie het ek in ‘n mate van hierdie tipe onderhoud gebruik gemaak, deurdat ek die vraelys wat tydens die kwalitatiewe ondersoek gebruik is, as ‘n gids gebruik het. Die oop-einde vrae wat in die vraelys gebruik is, is tydens die onderhoud gebruik.

#### 4.5.3.3 Standaard oop-einde-onderhoud

‘n Stel oop-einde-vrae word in ‘n spesifieke volgorde gevra en dieselfde bewoording word gebruik.

**Tabel 4.6 Opsomming van die data-insamelingsproses**

| | |
|---|---|
| **Observasie en ervaring** | In die praktyk het ek waargeneem en ervaar dat al hoe meer leerders met onderbenutte potensiaal in ons samelewing voorkom. Ouers het kom hulp soek vir hul kinders met “negatiewe persepsies” van skool. Kinders het die probleem beskryf as dat ouers nie begrip het vir hulle situasie nie. Hierdie opbservasie het my laat wonder wat die rede vir hierdie konflik tussen ouer en kind is en hoe die ouer begelei kan word om sy kind met ‘n negatiewe persepsie van skool te hanteer. |
| **Loodsondersoek deur middel van vraelyste** | My waarneming het gelei tot die opstel van ‘n vraelys om ‘n loodsondersoek te loods. Die doel van die loodsondersoek was hoofsaaklik om ‘n vraelys vir die hoofondersoek saam te stel. |
| **Hoofondersoek deur middel van vraelyste** | In die vraelyste kon ek vasstel watter persentasie leerders negatief voel oor skool. Ek kon ook vasstel watter faktore die grootste rol by die vorming van negatiewe persepsies van skool speel. Die besonderhede van hierdie resultate word in Hoofstuk 5 uiteengesit. |

| | |
|---|---|
| **Onderhoude** | Ek het vyf van die respondente wat vraelyste voltooi het, gekies om onderhoude mee te voer. Ek het die doel van die studie aan die leerders verduidelik en aan hulle toestemmingsbriewe (sien Bylaag vir 'n voorbeeld hiervan) gegee. Nadat hulle ouers toestemming verleen het, het ek die onderhoude gevoer. Die onderhoude is opgeneem en getranskribeer. Sentrale temas is uit die onderhoude verkry en kon gebruik word om leerders se behoeftes vas te stel. |

## *4.6 DATA-ANALISE*

Ek het die kwantitatiewe- en kwalitatiewe data afsonderlik geanaliseer, maar het my bevindinge geïntegreer om die navorsingsdoel te bereik.

### 4.6.1 Interim Analise van die kwalitatiewe ondersoek

#### 4.6.1.1 Interim Analise

Wanneer 'n navorser kwalitatief te werk gaan, begin data-analise reeds vroeg in die navorsing. Reeds vroeg in die navorsing ontstaan 'n sikliese proses tussen data-insameling, (byvoorbeeld onderhoude, waarneming, fokusgroepe, dokumente, fisiese artifakte en veldnotas) en data-analise (om betekenis te gee aan die rou data). Die sikliese proses van data insameling, analise van die data, insameling van addisionele data en analisering van daardie data regdeur die navorsingsprojek, word interim analise genoem.

Johnson en Christensen (2004:500) noem dat die sterk punt van kwalitatiewe navorsing daarin lê dat dit oor 'n lang tydperk en herhaaldelik plaasvind. " *qualitative researchers use interim analysis to develop a successively deeper understanding of their research topic and to guide each roud of data*

*collection".* Interim-analise duur voort totdat die navorser die onderwerp wat bestudeer word, ten volle verstaan.

Ek het eerstens data gekies wat geanaliseer moes word en daarna begin met die observasie van leerders met ‘n negatiewe persepsie van skool. Hierdie observasie het oor ‘n tydperk van twee jaar by reeds genoemde hoërskool plaasgevind. Deur middel van analise is my vermoede bevestig dat daar wel leerders met negatiewe persepsies van skool bestaan. Verdere data-insameling het ‘n loodsondersoek behels deur middel van vraelyste. Deur hierdie vraelyste te analiseer, kon ek sekere temas en tendense identifiseer en verdere data insamel deur middel van vraelyste.

Uit hierdie vraelyste kon ek analiseer watter persentasie leerders van die skool negatiewe persepsies het ten opsigte van die verskeie afdelings wat in die vraelys voorgekom het. Verdere data-insameling het hieruit na vore gekom deurdat vyf leerders geïdentifiseer is om onderhoude mee te voer. Die onderhoude is geanaliseer en genoegsame inligting is verkry om riglyne vir die hantering van leerders met ‘n negatiewe persepsie van skool te skryf.

#### 4.6.1.2 Notering

**"***Memos are reflective notes that researchers write to themselves about what they are learning from their data"* – (Johnson & Christensen 2004:501). Die inhoud van notas handel oor enige inligting wat die navorser wil onthou; temas of patrone wat in die data gevind is; behoeftes wat ontstaan vir verdere data insameling en so meer. Dit is belangrik om in voeling met idees te bly, aangesien kwalitatiewe data-analise hoofsaaklik ‘n interpreterende proses is.

In hierdie studie het ek gedurig idees en inligting neergeskryf sodat ek nie later nodig gehad het om op my geheue staat te maak nie.

#### 4.6.1.3 Data inlesing en berging

Dit is belangrik dat kwalitatiewe data noukeurig geanaliseer word. In die literatuur word aanbeveel dat geanaliseerde data getranskribeer word. Met

transkripsie word bedoel dat nagevorste data soos bandopnames of veldnotas van observasies, in getikte teks omskep kan word.

Ek het opnames van onderhoude en observasies getik en die oorspronklikes gebêre. Ek het hierdie stap belangrik gevind sodat inligting vanaf 'n minder bruikbare vorm omskep kan word in 'n meer bruikbare vorm.

#### 4.6.1.4 Segmentering, kodering en ontwikkeling van kategoriesisteme

Johnsen en Christensen (2004:502) defenieer segmentering en kodering as volg: "*segmenting involves dividing the data into meaningful analytical units", "coding is the process of marking segments of data (usually text data) with symbols, descriptive words, or category names".* Nadat ek inligting getranskribeer het, het ek van kodes gebruik gemaak om byvoorbeeld aan te toon wanneer ek en wanneer die deelnemer aan die woord is. Deur middel van segmentering het ek betekenisvolle gedeeltes en frases aangetoon wat volgens haar behoort gedokumenteer te word. Hierdie tegniek is met vrug by die analiseer van die oop-einde vrae in die vraelyste gebruik.

'n Meesterlys met kodes kan ingesluit word. Die meesterlys sluit die kode, die naam van die kode en 'n kort definisie of verduideliking van die kode in. In die literatuur word daar verskillende tipes kodes genoem. Vir die doel van hierdie studie sal daar nie verder hierop gefokus word nie.

#### 4.6.1.5 Enumerasie

Enumerasie behels die proses waarvolgens data gekwantifiseer word. So kan kodes van woorde of die frekwensie van die gebruik van sekere woorde, die navorser help om vas te stel wat die belangrikheid van die woorde en idees is. Prominente temas in die data kan sodoende vasgestel word.

In hierdie studie het ek van enumerasie gebruik gemaak om die frekwensie van leerders se persepsies van skool by die verskillende afdelings van die vraelyste vas te stel. Hierdie inligting en data is in Grafieke 5.1 – 5.6 in Hoofstuk 5 uiteengesit.

#### 4.6.1.6 Ontwikkeling van hiërargiese kategoriesisteme

Kwalitatiewe navorsers verkry sin daaruit om die kategorieë wat uit die data na vore kom, te bestudeer. Soms kan kategorieë met subkategorieë in verskillende vlakke georganiseer word.

In die geval van hierdie studie het die volgende kategorieë en subkategorieë na vore gekom:

- Leerder se persepsie oor homself
    - Belangstelling in persoonlike take
    - Betrokkenheid by persoonlike take
    - Belangstelling in die skool en aktiwiteite
    - Betrokkenheid by die skool en aktiwiteite
- Leerder se persepsie van sy onderwysers en skool
    - Belangstelling in hom as persoon
    - Die onderwysers se betrokkenheid by hom as persoon
    - Die onderwysers se belangstelling in die skool
    - Die onderwysers se betrokkenheid by die skool
- Leerder se persepsie van die portuurgroep
    - Belangstelling in hom as persoon
    - Sy vriende se betrokkenheid by hom as persoon
    - Sy vriende se belangstelling in die skool
    - Sy vriende se betrokkenheid by die skool
- Leerder se persepsie van sy ouers
    - Sy ouers se belangstelling in hom as persoon
    - Sy ouers se betrokkenheid by hom as persoon
    - Sy ouers se belangstelling in die skool
    - Sy ouers se betrokkenheid by die skool

#### 4.6.1.7 Teken van diagramme

Diagramme word geteken om te wys hoe iets werk of om die verhouding tussen die dele van ‘n geheel aan te dui.

In hierdie studie is van **grafieke** gebruik gemaak om die verhouding van leerders met ‘n negatiewe persepsie van skool ten opsigte van hul onderwysers en skool, portuurgroep en hulself aan te dui. Sien Grafieke 5.1 – 5.6.

Diagramme is op verskeie plekke gebruik om inligting op te som en konkreet uiteen te sit. Sien lys van diagramme in die Inhoudsopgawe.

### 4.6.2 Kwantitatiewe data-analise: vraelyste

By die analisering van die vraelyste het ek hoofsaaklik dieselfde benadering as by die kwalitatiewe analise gevolg. Om die data in die vraelyste deur middel van data-inlesing en berging te analiseer, het ek eerstens die verskeie afdelings geanaliseer en daarna elke afsonderlike vraag. Ek het as volg te werk gegaan:

**Sien Grafiek 5.1 in Hoofstuk 5**

1. Afdeling A: ek het die gemiddelde persentasie van die leerders se totale persepsies oor hulleself uitgewerk en weergegee. Die gemiddelde persentasie is deur middel van ‘n formule deur die rekenaar uitgewerk (Gemiddelde persentasie = die som van die antwoorde in elke afdeling gedeel deur 50).
2. Afdeling B: ek het die gemiddelde persentasie van leerders se persepsie van sy onderwysers en skool uitgewerk en weergegee.
3. Afdeling C: ek het die leerders se gemiddelde persepsies van die portuurgroep uitgewerk en weergegee.
4. Afdeling D: ek het die leerders se gemiddelde persepsies van hul ouers uitgewerk en weergegee.

In al hierdie gevalle is data by die rekenaar ingelees en geberg.

Die vrae in elke afdeling, is van 1 tot 10 genommer.

**Grafiek 5.3 – Grafiek 5.6**

By elke afdeling (A - D) het ek die gemiddelde persentasie van die leerders se response by elke vraag bepaal en in ‘n grafiek uiteengesit. Die gemiddelde persentasie is verkry deur die som van al die antwoorde van die spesifieke vraag deur 50 te deel.

Die resultate van die grafieke word in Hoofstuk 5 bespreek.

**Oop vrae**

By die analise van die oop vrae het ek deur middel van segmentering en kodering, temas wat by meer as drie leerders voorkom, as kategorieë of hooftemas neergeskryf en dan leerders se persepsies onder die opskrifte neergeskryf. Die presiese resultate van die oop vrae is in 5.4 uiteengesit.

Onderstaande tabel som die data-analise op:

**Tabel 4.7 Opsomming van data-analise: kwalitatief en kwantitatief**

| | |
|---|---|
| **Observasies** | Leerders met negatiewe persepsies van skool is geobserveer en veldnotas is geneem. Ek het die veldnotas bestudeer en besef dat daar leerders met negatiewe persepsies oor skool bestaan en dat ouers probleme ervaar oor hoe om hierdie leerders te hanteer. Hierdie bevinding het my gemotiveer om verder ondersoek in te stel. |
| **Vraelyste** | Om die vraelyste te analiseer, het ek dit in kleiner dele verdeel en eers die verskillende afdelings in geheel ontleed en daarna elke vraag van elke afdeling ontleed. Elke afdeling en vraag is ontleed deurdat ek die gemiddelde persentasie van elke vraag gekry het en die resultate in grafieke in Hoofstuk 5 uiteengesit het.<br>Ek het in Hoofstuk 5 die resultate van elke afsonderlike vraag in terme van die persentasie van leerders, wat |

| | |
|---|---|
| | negatiewe antwoorde gegee het, bespreek.<br><br>Die oop-einde-vrae is volgens temas wat voorgekom het, ingedeel. |
| **Onderhoude** | Die onderhoude is geanaliseer deurdat ek eers die skriftelike notas wat geneem is tydens die onderhoud, bestudeer het, gekodeer het en dit in kategorieë verdeel het. Ek het ook weer na die opnames geluister en dit getranskribeer, gekodeer en gekategoriseer. |

## *4.7 __ETIESE ASPEKTE__*

Strydom (in De Vos, 2002:63) definieer etiek as die morele waardes wat deur die navorser voorgestel word en deur die groepe aanvaar word. Dit bevat reëls en verwagtinge teenoor die navorsing, deelnemers en navorser. Etiese riglyne dien as ŉ standaard en ŉ basis wat elke navorser gebruik om sy studie se betroubaarheid te evalueer.

Etiese aspekte moet gedurig tydens die navorsing in gedagte gehou word. Da Silva (2015:81) noem pertinent dat etiese beginsels toegepas word: "*Ethical considerations need to be taken into account throughout the full process of research – recruiting participants, establishing and maintaining respectful relationships with them, as well as collecting, managing, analysing and reporting data".* Bannister (2007:107) noem ses etiese aspekte wat gedurende navorsing in gedagte gehou moet word, naamlik. skade aan deelnemers, herstel van deelnemers, misleiding van deelnemers, privaatheid, ingeligte toestemming en beskikbaarstelling van inligting.

Met skade aan deelnemers word bedoel dat deelnemers teen fisiese of emosionele ongemak as resultaat van die studie beskerm behoort te word.

Welman (2005:201) noem ook dat navorsers daarteen moet waak om deelnemers te manipuleer.

Die potensiaal vir emosionele ongemak in hierdie studie is beheer deur die potensiële impak van die studie met deelnemers te bespreek.

Die geleentheid is ook gebied om te onttrek indien die deelnemer nie gemaklik voel nie.

### 4.7.1 Toestemming van die betrokke partye

Om toestemming te verkry, behels dat "*accurate and complete information on the goal of the investigation, the process of the investigation, the possible benefits, drawbacks and risks to which participants may be exposed, and the credibility of the researcher should also be made known to possible participants* – (Strydom, 1998:25-26).

'n Toestemmingsbrief ('n voorbeeld is by die Bylaag ingesluit) is deur deelnemende leerders en hul ouers voltooi. Hierin is die doel van die studie en die belangrikheid van deelname uitgestip, die prosedure wat gevolg word en moontlike voor- en nadele vir die leerder beskryf. Deelnemers het verstaan dat hulle vrywillig deelneem en dat hul enige tyd mag onttrek en dat hul identiteit anoniem sal bly. Alle deelnemers was gretig om deel te neem.

### 4.7.2 Misleiding van deelnemers

Dit behels om doelbewus die waarheid te verdraai om deelnemers te laat glo wat nie waar is nie – (Strydom, 1998:27).

Die doelwitte in hierdie studie is duidelik uitgelig en moontlike ervaringe deur die deelnemers is uitgelig. Ek het dit aan die leerders duidelik gestel dat die doel van die vraelyste is om vas te stel wat hulle persepsies van skool is. Ek het kortliks aan hulle verduidelik wat 'n persepsie is en hoe dit gevorm word. Ek het ook genoem dat verskillende mense die voltooiing van die vraelys verskillend kan ervaar. Sommige mense kan ongemaklik voel wanneer hulle die vrae beantwoord en ander kan verlig voel deur ontslae te raak van

opgekropte emosies. Ek het genoem dat die spasie aan die einde van elke vraag geleentheid skep om elkeen se ervaringe neer te skryf.

### 4.7.3 Privaatheid van deelnemers

"*The privacy of participants (including their identity) should be protected"* – (Henning, 2005:73).

Die leerders se privaatheid is beskerm deurdat hulle van skuilname op die vraelys kon gebruik maak. Skuilname is gebruik sodat sekere leerders weer opgespoor kan word vir die kwalitatiewe ondersoek. Ek het ook beklemtoon dat daar in die weergee van die navorsingsresultate van skuilname gebruik gemaak sal word.

### 4.7.4 Herstel van deelnemers

ʼn Manier om moontlike leed aan deelnemers te verminder, is om aan hulle die geleentheid te gee om hulle ervaringe te bespreek – (Strydom, 1988:33-34). Babbie (2002:58) noem dat deelnemers geensins benadeel mag word nie.

Die voltooiing van die vraelyste sowel as die onderhoude het nie inbraak gemaak op die leerders se akademiese tyd nie.

Ek, as Opvoedkundige sielkundige was beskikbaar indien die voltooiing van die vraelyste of deelname enige probleme sou oplewer. Na afloop van die voltooiing van die vraelyste, was ek beskikbaar vir deelnemers om hulle ervaringe te bespreek. Ek het ook my kontakbesonderhede beskikbaar gestel indien die behoefte ontstaan om vrae of ervaringe later van tyd met my te bespreek.

### 4.7.5 Publikasie van bevindinge

Wanneer navorsing gedoen is, moet bevindinge akkuraat en objektief deurgegee word. Plagiaat mag nie gepleeg word nie. In die geval waar daar wel van ʼn ander persoon se werk gebruik is, moet daar duidelike bronverwysings wees - Strydom (in De Vos 2002:65). Die navorser is ook verantwoordelik om beperkinge wat in sy studie na vore kom, uit te wys.

In hierdie navorsing het ek my bes gedoen om alle inligting so akkuraat as moontlik deur te gee. Die beperkinge is in die slothoofstuk gestel.
Ek het in alle gevalle waar bronne gebruik is dit weergegee en geen persoon se werk as my eie werk toegeëien nie.

Al bogenoemde etiese aspekte is mondelings en skriftelik aan die deelnemers oorgedra.

### *4.8 <u>GELDIGHEID</u>*

Wanneer kwalitatiewe navorsers na geldigheid verwys, word verwys na navorsing wat kredietwaardig, betroubaar en verdedigbaar is. Besprekings is al oor die toepaslikheid van betroubaarheid en geldigheid in kwalitatiewe navorsing gevoer. Navorsers is van mening dat die tradisionele kriteria vir betroubaarheid en geldigheid in kwantiatiewe navorsing nie van toepassing op kwalitatiewe navorsing is nie. Daar is ‘n strategie ontwikkel om die geldigheid van kwalitatiewe navorsing te maksimaliseer.

In die literatuur word genoem dat kwalitatiewe navorsers versigtig moet wees vir navorsers bevooroordeling. “*the problem with qualitative research is that the researchers “find” what they want to find, and then they write up their results” – (Johnson & Christensen, 2004:249).*

Bevooroordeling kan deur **refleksiwiteit** uitgeskakel word**.** Die navorser verbind hom dan tot self-refleksie omtrent sy potensiële bevooroordeling. Die navorser word dan meer selfbewus en monitor sy pogings om vooroordele te beheer. Deur middel van **negatief-geval-steekproewe** kan vooroordele ook uitgeskakel word. Dit is die proses waar gevalle ondersoek word wat nie die navorser se verwagtinge bevestig nie.

Drie tipes geldigheid in kwalitatiewe navorsing sal nou bespreek word.

### 4.8.1 Beskrywende geldigheid

Beskrywende geldigheid verwys na die akkuraatheid waarmee beskrywende inligting oorgedra is. Die vraag word dus gevra of dit wat in die groep wat bestudeer is, werklik gebeur en het die navorser die inligting korrek oorgedra?

Om beskrywende geldigheid te verkry, kan van **ondersoek triangulasie** gebruik gemaak word. Dit behels die gebruik van meer as een ondersoeker om data in te samel en te interpreteer. Die ondersoeker kruiskontroleer die data wat verkry is. Indien daar ooreenstemming is met waarnemings onder die ondersoekers, is die resultate meer kredietwaardig en verdedigbaar.

### 4.8.2 Interpreterende geldigheid

Interpreterende geldigheid dui op die mate waartoe die ondersoeker die persepsies, denke, gevoelens, bedoelings en ervaringe van die deelnemers akkuraat verstaan en in die navorsingsverslag weergee.

Strategieë om interpreterende geldigheid te verkry, is deur middel van **terugvoer van** die deelnemers verkry**.** Ek kon myself kontroleer deur my interpretasie van wat die deelnemer sê aan die deelnemer terug te voer. Frases wat deur die deelnemer gebruik is, is net so in veldnotas weergegee. Op hierdie manier kon ek die deelnemer se ervaringe, denke en gevoelens weer tydens die interpretasie van die onderhoude ervaar.

### 4.8.3 Teoretiese geldigheid

Teoretiese geldigheid dui op die mate waartoe teoretiese verduidelikings met die data wat verkry is, ooreenstem.

Teoretiese geldigheid kan deur **uitgebreide veldwerk, teoretiese triangulasie, patroonpassing en portuurgroepterugvoer** verkry word **.**

**Uitgebreide veldwerk** behels die insameling van data oor 'n uitgebreide verloop van tyd. By **teoretiese triangulasie** word verskeie teorieë en perspektiewe gebruik om data te verduidelik en te interpreteer.

**Patroonpassing** voorspel 'n patroon wat die resultate gaan oplewer en stel vas of die uiteindelike resultate met die patroon wat voorspel is, ooreenstem.

Deurdat ek my afleidings en gevolgtrekkings met kollegas en vriende bespreek - en sodoende **Portuurgroepterugvoer** gekry het - kon ek leemtes en probleme vasgestel het.

### 4.8.4 Interne geldigheid

Johnson en Christensen (2004:253) beskryf interne geldigheid as volg: "*internal validity refers to the degree to which a researcher is justified in concluding that an observed relationship is causal".*

In hierdie studie het ek gepoog om interne geldigheid deur middel van metodiese triangulasie te verkry. Triangulasie dui op die gebruik van verskeie navorsingsmetodes. Soos in afdeling 4.3 beskryf, het ek in 'n mindere of meerdere mate van vier verskillende navorsingsmetodes gebruik gemaak om inligting te bekom.

Data triangulasie is nog 'n tegniek om interne geldigheid by kwalitatiewe navorsing te verhoog. Dit behels die gebruik van verskeie bronne vir insameling van data. Om interne geldigheid te verhoog, het ek data op verskillende tye - en met verskillende mense - ingesamel. Ek het in hierdie studie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes vir die insameling van data gebruik gemaak. Verskillende persone is in die praktyk geobserveer. Vraelyste is deur 50 verskillende leerders voltooi en onderhoude is met vyf verskillende persone gevoer. Sien afdeling 4.5.2 en 4.5.3.

### 4.8.5 Eksterne geldigheid

Eksterne geldigheid is belangrik wanner die navorser bevindinge wil veralgemeen na ander mense, plekke, tye, behandelinge en uitkomste. Hierdie uitkomste is nie die hoofdoel van kwalitatiewe navorsing in die algemeen nie en ook nie van hierdie studie nie. Die kwalitatiewe navorser stel meer in spesifieke bevindinge as universele bevindinge belang. Die doel van kwalitatiewe studie en ook van hierdie studie is om 'n spesifieke groep mense,

in ‘n spesifieke konteks te beskryf eerder as om algemene bevindinge op ‘n wye spektrum mense van toepassing te maak.

Johnson en Christensen (2004:256) verwys na naturalistiese veralgemening in kwalitatiewe navorsing. Hulle noem dat hoe meer mense en omstandighede in ‘n spesifieke navorsingstudie is aan die persone na wie jy wil veralgemeen, hoe meer geredelik kan die veralgemening gemaak word. Om lesers te help insien of hierdie navorsing veralgemeen kan word, word die getalle en tipes persone in die studie genoem. Daar word genoem hoe hulle gekies is, die tipe verhouding tussen die navorser en die deelnemers word genoem, inligting omtrent die deelnemers word gegee, die metode van data-insameling en data-analise en tegnieke word gegee. Lesers kan dan ingeligte besluite neem of hulle dink hierdie data kan veralgemeen en gebruik word om die studie op ander deelnemers te doen.


Herhalingslogika kan in sekere tipes kwalitatiewe navorsing gebruik word om eksterne geldigheid te bewys. Hierdie tegniek verwys daarna dat hoe meer keer ‘n studie met ander mense, op ander plekke en ander omstandighede toegepas word en dieselfde resultate verkry word, hoe meer vertroue kan in die studie geplaas word en met hoe meer vertroue kan die bevindinge na ander mense veralgemeen word.

Hierdie studie is nog nie op ander persone toegepas nie. ‘n Uitspraak kan dus nie op die eksterne geldigheid daarvan gegee word nie.

## ***4.9 <u>GEVOLGTREKKING</u>***

In hierdie hoofstuk is die verskeie fasette van navorsing genoem en bespreek. Hierdie fasette word in onderstaandige figuur opgesom.

**Diagram 4.4 Opsomming van die Hoofstuk 4**




Die resultate wat uit die empiriese ondersoek verkry is, word in Hoofstuk 5 bespreek.

# HOOFSTUK 5: NAVORSINGSRESULTATE

## *5.1 INLEIDING*

Die doel van hierdie studie, soos in Hoofstuk 1 gestel, is om riglyne aan ouers te gee oor hoe om leerders met 'n negatiewe persepsie van skool te hanteer. Om hierdie doel te bereik, is daar subdoelwitte in Hoofstuk 1 gestel. Die eerste twee subdoelwitte, is in die vorm van 'n literatuurstudie in Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3 gedoen. Die derde subdoelwit is om deur middel van 'n empiriese studie (Hoofstuk 4) vas te stel **wat leerders se persepsies van skool en rolspelers is**. In die empiriese studie is ook ondersoek gedoen oor wat leerders se belewenis en betrokkenheid en ook hulle behoeftes is. Die inligting wat hieruit verkry word, word gebruik om die navorsingsdoel te verwesenlik, naamlik om aan ouers **riglyne** in Hoofstuk 6 oor leerders met negatiewe persepsies van skool te kan verskaf.

Die data wat met die voltooiing van die vraelyste tydens die Empiriese ondersoek ingesamel is, het die volgende ten doel gehad:

- Om vas te stel watter persentasie van die skool se leerders, 'n negatiewe persepsie van skool het.
- Om verder vas te stel wat
    - die leerder se persepsie oor homself is
    - die leerder se persepsie van sy onderwysers en skool is
    - die leerder se persepsie van die portuurgroep is, en
    - die leerder se persepsie van sy ouers is.

  (Grafiek 5.1)
- Om bogenoemde vier punte verder te ondersoek, deur die leerder se belangstelling en betrokkenheid daarby te verken. (Grafieke 5.3, 5.4, 5.5 en 5.6).

In hierdie hoofstuk sal die resultate van die vraelyste eerstens in die vorm van grafieke gerapporteer word. Die resultate sal ook geïnterpreteer word om vas te stel watter persentasie leerders negatiewe belangstelling en betrokkenheid in bogenoemde vier afdelings toon.

Die doel hiervan is om inligting te bekom oor leerders se werklike persepsies van skool te bekom en om aan ouers inligting aangaande aspekte wat leerders se persepsies van skool vorm, te verskaf.

Uit die literatuur is vasgestel dat belewing, betrokkenheid en betekenisgewing 'n rol in die vorming van persepsies speel. In Hoofstuk 2 het ek meer inligting hieroor gegee. In die vraelys is die vrae geformuleer om die leerder se belewing van die belangstelling van homself en rolspelers en ook sy betrokkenheid by vier van die aspekte van skool: homself, die skool en onderwysers, die portuurgroep en sy ouers, vas te stel. Inligting hieroor word gebruik om aan ouers insig te gee en riglyne in die hantering van hul kinders daar te stel.

Die resultate wat vanuit die oop-einde vrae en die onderhoude verkry is, sal ook bespreek word.

Hierdie doelwitte is gekoppel om die hoofdoel te bereik naamlik om aan ouers riglyne te verskaf oor hoe om leerders met negatiewe persepsies van skool te hanteer.

Onderstaande diagram som die wyse waarop die data-analise gedoen is, op:

**Diagram 5.1 Die wyse waarop data-analise gedoen is**

Ontleding van die kwantitatiewe inligting, naamlik die vraelyste.

- Ek het die gemiddelde van die vyftig kandidate se response oor hulle persepsie van hulself gekry (Afdeling A, sien ook Diagram 5.3).

- Verkryging van die gemiddeld van die vyftig kandidate se response oor hulle persepsies van die skool en onderwysers (Afdeling B, sien ook Diagram 5.4)

- Verkryging van die gemiddelde van die vyftig kandidate se response oor hulle persepsies van die portuurgroep (Afdeling C, sien ook Diagram 5.5).
- Verkryging van die vyftig kandidate se response oor hulle persepsies van hulle ouers (Afdeling D, sien ook Diagram 5.6)

Ontleding van elke vraag in **Afdeling A** (die leerder se persepsie van homself).

Deur die gemiddeld van die vyftig respondente se antwoorde op vraag A1 – 10 te kry en dit **grafies voor te stel** en te **interpreteer**.
(Die vrae van elke afdeling is onder die grafiek gevoeg om interpretasie te vergemaklik).

Die persentasie word telkens op die vertikale as en die vraagnommer op die horisontale as, voorgestel.

Ontleding van elke vraag in **Afdeling B** (die leerder se persepsie van homself).

Deur die gemiddeld van die vyftig respondente se antwoorde op vraag B1 – 9 te kry en dit **grafies voor te stel** en te **interpreteer**.

(Die vrae van elke afdeling is onder die grafiek gevoeg om interpretasie te vergemaklik).

Die persentasie word telkens op die vertikale as en die vraagnommer op die horisontale as, voorgestel.

Ontleding van elke vraag in **Afdeling C** (die leerder se persepsie van homself).

Deur die gemiddeld van die vyftig respondente se antwoorde op vraag C1 – 9 te kry en dit **grafies voor te stel** en te **interpreteer**.
(Die vrae van elke afdeling is onder die grafiek gevoeg om interpretasie te vergemaklik).

Die persentasie word telkens op die vertikale as en die vraagnommer op die horisontale as, voorgestel.

Ontleding van elke vraag in **Afdeling D** (die leerder se persepsie van homself).

Deur die gemiddeld van die vyftig respondente se antwoorde op vraag D1 – 9 te kry en dit **grafies voor te stel** en te **interpreteer**.
(Die vrae van elke afdeling is onder die grafiek gevoeg om interpretasie te vergemaklik).

Die persentasie word telkens op die vertikale as en die vraagnommer op die horisontale as, voorgestel.


In 5.4 word die resultate van die oop vrae in die vraelyste volgens temas verdeel en algemene behoeftes van leerders word genoem.

In 5.5 word die kwalitatiewe bevindinge wat uit die onderhoude voortspruit bespreek. Leerders se behoeftes word hier genoem en bespreek.

Die gemiddelde resultate wat uit elke afdeling verkry is, sal bespreek word, daarna sal daar ook kommentaar gelewer word op die resultate wat deur elke vraag afsonderlik verkry is.

Die afdelings wat in die vraelys geskep is, handel oor die leerder se persepsie oor homself, die leerders se persepsie van die skool en onderwysers, sy persepsie van die portuurgroep en sy persepsie aangaande sy ouers.

**Diagram 5.2 Uiteensetting van hoofstuk 5**



## *5.2 KWANTITATIEWE RESULTATE: verskeie afdelings in die vraelyste*

Soos in Hoofstuk 4 genoem, is die kwantitatiewe meetinstrument wat gebruik is, vraelyste. Leerders moet op ‘n Likertskaal vrae beantwoord. Aan die einde van elke afdeling het ek ook ‘n oop-vraag gestel waar die leerders op persepsies en emosies kon uitbrei.

Die vraelys is in vier afdelings verdeel, naamlik afdeling:

A: Leerder se persepsie oor homself

B: Leerder se persepsie van sy onderwysers en skool


C: Leerder se persepsie van die portuurgroep

D: Leerder se persepsie van sy ouers

Elkeen van hierdie vier afdelings se resultate word in Grafiek 5.1 vertoon en daarna beskryf en geïnterpreteer. Daar sal ook ‘n bespreking gegee word van die twee vrae in elke afdeling wat die laagste en die hoogste punte behaal het.

Afdeling A bestaan uit 10 vrae en afdelings B – D bestaan uit 9 vrae elk. Elke afdeling met sy afsonderlike vrae sal ook verder in Grafieke (5.3 – 5.6) vertoon en verduidelik word.

**Grafiek 5.1 Resultate van onderskeie afdelings**



### 5.2.1 Afdeling A: Leerders se persepsies van hulself

Die gemiddelde persentasie vir leerders se persepsies oor hulself is 79%. Soos in Hoofstuk 2 genoem, dui persepsie op betekenis wat aan ervarings, op grond van die persoon se verwysingsraamwerk, gegee is. 21% van die leerders beskik oor 'n negatiewe persepsie van hulself. 21% van die leerders het dus tot dusver in hulle lewens negatiewe ervaringe gehad en sodoende 'n negatiewe verwysingsraamwerk oor hulself opgebou. Hierdie leerders bou die persepsie oor hulself, op grond van vorige negatiewe ervaringe wat hulle verwysingsraamwerk vorm.

Uit afdeling A is die laagste punte behaal in vraag 2 en vraag 4. In hierdie twee vrae noem leerders dat hulle nie daarvan hou om skoolwerk te doen nie en dat hulle nie hul akademie ernstig opneem nie.

Die hoogste tellings uit afdeling A word behaal in vraag 1 en 6. Hiervolgens toon leerders aan dat hulle van hulself as mens hou en dat hulle sport- en kultuurbyeenkomste bywoon.

Dit kom dus voor asof leerders oor die algemeen meer van die buitemuurse fasette van skool as van die akademie self hou.

### 5.2.2 Afdeling B: Leerders se persepsies van die skool en onderwysers

Oor die algemeen, het leerders se persepsies in hierdie afdeling die laagste vertoon. 29% van die leerders, toon 'n negatiewe persepsie oor die skool en onderwysers. 21% van die leerders beskik oor 'n negatiewe persepsie van hulself. Dit beteken dat meer as 'n kwart van die leerders oor 'n negatiewe verwysingsraamwerk ten opsigte van die skool en onderwysers beskik. Dit impliseer ook negatiewe ervaringe ten opsigte van die skool en onderwysers, aangesien persepsie gevorm word uit ervaringe en 'n verwysingsraamwerk wat uit hierdie ervaringe opgebou word, soos wat in Hoofstuk 2 uiteengesit is.

In Afdeling B word die laagste punte behaal in vraag 6 en vraag 3. Hierdie twee vrae handel oor die onderwysers se belangstelling en ook hul betrokkenheid by leerders se deelname aan buitemuurse aktiwiteite.
Die hoogste punte word behaal in vraag 8 en 9. Hiervolgens is leerders van mening dat onderwysers wel weet watter aktiwiteite by die skool aangebied word en dat hulle ook by hierdie aktiwiteite betrokke is.

Dit kom dus voor dat, hoewel onderwysers betrokke is by aktiwiteite, daar nie in die leerder as persoon se aktiwiteite en deelname belang gestel word nie.

Hierdie aktiwiteite wat, volgens afdeling A, vir die leerders belangriker is as skoolwerk, word nie deur die onderwysers ondersteun of van kennis geneem nie.

'n Leemte word hier bemerk – indien onderwysers leerders wil help om 'n positiewe houding te ontwikkel, kan resultate verkry word deur persoonlik betrokke te raak of dit waarin die leerders belangstel te ondersteun en van kennis te neem!

### 5.2.3 Afdeling C: Leerders se persepsies van die portuurgroep

Die gemiddelde persentasie vir leerders se persepsies oor die portuurgroep is 79%. 21% van die leerders beskik oor 'n negatiewe persepsie van hul portuurgroep. Ongeveer 'n vyfde van die leerders beskik oor 'n negatiewe persepsie ten opsigte van die portuurgroep. Negatiewe ervaringe ten opsigte van vriende by die skool, bring emosionele spanning by die skool mee, wat op sy beurt 'n invloed op leerders se akademiese prestasie het. Lae akademiese prestasie bring konflik tussen die leerder en ouer en kind mee en beïnvloed die leerder se emosionele moraal meer negatief. Die feit dat ongeveer 'n vyfde van die leerders negatiewe persepsies ten opsigte van die portuurgroep het, dui daarop dat daar 'n beduidende groep leerders is wat hulp en ondersteuning nodig het.

Die laagste punte is behaal in vraag 2 en 6. Hiervolgens ervaar leerders dat hul vriende nie belangstel in hul akademiese vordering nie en dat vriende

hulle ook nie ondersteun wanneer hulle aan buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.

Die hoogste punte in afdeling C word behaal in vraag 1 en 4. Leerders ervaar dat hul vriende in hom as persoon belangstel en dat hulle daadwerklik omgee vir hom as persoon.

Dit is interessant dat leerders belangstelling en ondersteuning van hul vriende ervaar maar in die aspek wat vir die leerders die belangrikste is (vraag 1), naamlik hul buitemuurs, ervaar hulle nie belangstelling en ondersteuning nie. Hierdie kontras of konflik sal tydens die kwalitatiewe ondersoek verder bestudeer word.

### 5.2.4 Afdeling D: Leerders se persepsies van hulle ouers

Die gemiddelde persentasie vir leerders se persepsies oor hulself is 81%. Leerders toon in hierdie afdeling die positiefste persepsies. 19% van die leerders toon dus ‘n negatiewe persepsie ten opsigte van hulle ouers en skoolaangeleenthede. Van al vier die afdelings toon leerders in hierdie afdeling die positiefste persepsies. Dit kan as ‘n sterkpunt benut word, aangesien ek in hierdie studie juis riglyne aan **ouers** verskaf in die hantering van leerders met negatiewe persepsies van skool. Die 19% leerders met negatiewe persepsies ten opsigte van hul ouers is egter ook bekommerendswaardig en dui daarop dat hulp en ouerleiding noodsaaklik is om hierdie persentasie te verminder.

Volgens afdeling D, word die laagste punte in vraag 7 en 9 behaal. Hiervolgens ervaar leerders dat hul ouers nie die skool se nuusbriewe lees nie en dus nie op hoogte van gebeure by die skool nie is. Ouers is oor die algemeen ook nie betrokke by funksies wat deur die skool aangebied word nie.


Leerders ervaar oor die algemeen dat hulle ouers in hulle as persoon belangstel en dat hul ouers op hoogte is van hul akademiese vordering. Hieruit blyk dit dat ouers wel in die leerders se akademiese vordering

belangstel, hoewel hulle onbetrokke by die skool en gebeure is. Uit die resultate blyk dat ouers meer in die leerder se akademiese vordering as in die leerders se buitemuurse bedrywighede belangstel. Dit wil voorkom asof dit kan gebeur dat ouers en leerders by mekaar verby leef aangesien die fokus vir hulle op verskillende plekke val. In vraag 1 noem leerders dat buitemuurse aktiwiteite hoog aangeskryf word en dat hulle nie hul akademie so ernstig opneem nie. Uit afdeling B blyk dit dat ouers eerder op hoogte van leerders se akademiese vordering as hul buitemuurse aktiwiteite is.

Uit bogenoemde verduidelikings het ek probeer aandui dat daar ‘n beduidende hoeveelheid leerders in die skool is met negatiewe persepsies van skool. In al vier afdelings wat ondersoek is, is daar tussen ‘n vyfde en ‘n kwart van leerders met negatiewe persepsies van skool. Om aan die einde aan ouers leiding te kan gee oor hoe om hulle kinders in hierdie opsig te hanteer, is dit nou nodig dat elkeen van die vrae in bogenoemde afdelings bespreek word.

## *5.3 KWANTITATIEWE RESULTATE: bespreking van afsonderlike vrae*


**Grafiek 5.2  Resultate van afsonderlike vrae**




Kommentaar is reeds gelewer op elke afdeling in geheel.  Ek sal nou kommentaar lewer op elke komponent van die afdeling en daarna kommentaar op elke vraag.

### 5.3.1  Afdeling A:   Die leerders se persepsies van hulself

**Grafiek 5.3 Die leerders se persepsies van hulself**




In hierdie grafiek stel die vertikale as die persentasie voor en die horisontale as, is die nommers van elke vraag. Soos reeds genoem, handel afdeling A oor die leerder se persepsie van homself.

**Vrae soos wat dit op die vraelys verskyn**

**A1: Belangstelling in persoonlike take**

1: Ek hou van myself as mens.

2: Ek hou daarvan om my skoolwerk te doen.

3: Ek neem aan verskeie aktiwiteite deel.

**A2: Betrokkenheid by persoonlike take**

4: Ek neem my akademie ernstig op.

5: Ek doen my bes in buitemuurse aktiwiteite.

6: Ek ondersteun sport-/ en kultuurbyeenkomste.

**A3: Belangstelling in die skool en aktiwiteite**

7: Ek stel belang om deel te wees van geleenthede wat die skool bied.

8: Ek stel belang om uit te vind watter nuwe gebeure by die skool plaasvind.

**A4: Betrokkenheid by die skool en aktiwiteite**

9: Ek neem deel aan aktiwiteite wat die skool bied.

10: Ek ondersteun byeenkomste wat deur die skool gereël word.

In Afdeling A, toon 20,05% leerders aan dat daar fasette omtrent hulleself is, waarvan hulle nie hou nie. Daar is dus 79,95% leerders wat oor die algemeen wat persoonlik in die skool se aktiwiteite belangstel en wat daarby betrokke is. Dit beteken dat ‘n vyfde van die skool se leerders ‘n negatiewe persepsie oor hulself het.

**Belangstelling in persoonlike take**

22% van die respondente toon lae belangstelling in persoonlike take. 10% van hierdie leerders hou nie van hulself as mens nie. Daar is 34,5% van die leerders wat nie daarvan hou om skoolwerk te doen nie en 21,5% van die leerders neem nie aan ander aktiwiteite by die skool deel nie. Hieruit blyk dat meer as ‘n derde van die leerders in die skool nie van skoolwerk hou nie. Dit dui voorts daarop dat ouers toerusting en leiding sal moet ontvang oor hoe om leerders te hanteer wat negatief oor skoolwerk voel. Riglyne vir die hantering van hierdie leerders, word in Hoofstuk 6 gegee.

**Betrokkenheid by persoonlike take**

Uit die resultate blyk dat 18,83% van die leerders nie betrokke raak by hul persoonlike take nie. Van die 50 respondente, is daar 24,5% van die leerders wat nie hulle akademie ernstig opneem nie. Daar is ’n verdere 17,5% leerders wat aantoon dat hulle nie hul bes by buitemuurse aktiwiteite doen nie en 14,5% van die leerders is onbetrokke en ondersteun nie sport- en kultuurbyeenkomste nie. ‘n Kwart van die leerders noem dat hulle nie hul akademie ernstig opneem nie. Hierdie respons sluit aan by die vorige afdeling waar ‘n derde van die leerders noem dat hulle nie van skoolwerk hou nie. Hieruit blyk dit dat ‘n kwart van die skool se ouers, ouerleiding ten opsigte van die hantering van leerders wat nie hul akademie ernstig opneem nie, sal kan benut.

**Belangstelling in die skool en aktiwiteite**

Daar is 21,5% van die respondente wat aantoon dat hulle nie belangstel in die skool en aktiwiteite nie. 19,5% van die leerders toon aan dat hulle nie belangstel om dele te wees van geleenthede wat die skool bied nie. ’n Verdere 23,5% leerders stel nie eers belang om uit te vind watter nuwe

gebeure by die skool plaasvind nie! Ongeveer ‘n vyfde van die respondente toon aan dat hulle nie belangstel in die skool en sy aktiwiteite nie. Dit is onwaarskynlik dat leerders wat nie belangstelling in die skool en sy aktiwiteite toon nie, wel betrokke by die skool en aktiwiteite sal raak. ‘n Lae belangstelling in die skool en aktiwiteite is een van die oorsake vir die vorming van ‘n negatiewe persepsie van skool. In Hoofstuk 7 sal riglyne gegee word om hierdie leerders te hanteer.

**Betrokkenheid by die skool en aktiwiteite**


Uit die ondersoek blyk dat daar 17,5% leerders is wat nie betrokke by die skool en aktiwiteite is nie. Daar is 18,5% leerders wat glad nie aktiwiteite wat die skool bied deelneem nie en 16,5% leerders ondersteun nie byeenkomste wat deur die skool gereël word nie.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit daar ’n definitiewe groep leerders is, wat ten opsigte van die persepsie wat hulle oor hulself het, ’n onbetrokkenheid en belangeloosheid toon ten opsigte van take wat hulself raak, soos die akademie, maar ook ten opsigte van die skool en dit wat die skool bied.
Aspekte wat in hierdie afdeling uitstaan is:

- Meer as ‘n derde van die leerders hou nie van skoolwerk nie
- ‘n kwart van die leerders neem nie hulle akademie ernstig op nie
- ‘n vyfde van die leerders stel nie in die skool en aktiwiteite belang nie
- Ongeveer ‘n kwart van die leerders stel nie belang om uit te vind watter nuwe gebeure by die skool plaasvind nie.
- Ongeveer ‘n vyfde van die leerders neem nie aan aktiwiteite by die skool deel nie.

### 5.3.2. Afdeling B: Die leerders se persepsies van hul onderwysers en skool

**Grafiek 5.4 Die leerders se persepsies van hul onderwysers en skool**




In hierdie grafiek stel die vertikale as die persentasie voor en die horisontale as, is die nommers van elke vraag. Afdeling B handel oor die leerder se persepsie van sy onderwysers en die skool.

**Vrae van hierdie afdeling soos die wat in die vraelys verskyn**

**B1: Belangstelling in my as persoon**

1: Die onderwysers stel in my as persoon belang.

2: Die onderwysers stel in my akademiese prestasie belang.

3: Die onderwysers weet aan watter aktiwiteite ek deelneem en stel daarin belang.

**B2: Die onderwysers se betrokkenheid by my as persoon**

4: My onderwysers sien raak wanneer dit met my goed of sleg gaan.

5: My onderwysers probeer my daadwerklik help om akademiese swakpunte te verbeter.

6: My onderwysers ondersteun soms van my buitemuurse aktiwiteite.

**B3: Die onderwysers se belangstelling in die skool**

7: My onderwysers is op hoogte van nuwe gebeure by die skool.

8: My onderwysers is op hoogte van aktiwiteite wat by die skool plaasvind.

**B4: Die onderwysers se betrokkenheid by die skool**

9: My onderwysers is betrokke by aktiwiteite wat by die skool aangebied word.

Uit die resultate blyk dat daar 29,22 leerders met 'n negatiewe persepsie aangaande die onderwysers en die skool is. Bykans een derde van die skool se leerders voel negatief omtrent die skool en onderwysers.

**Belangstelling in my as persoon**

67% van die leerders voel dat onderwysers wel in hom as persoon belangstel. Daar is 33% van die leerders wat voel dat die onderwysers nie in hom as persoon belangstel nie. Dit blyk verder dat daar 27% leerders is wat voel dat die onderwysers nie in hul akademiese prestasie belangstel nie. 40% leerders noem dat die onderwyser nie weet aan watter aktiwiteite hulle deelneem of daarin belangstel nie. Indien leerders ervaar dat onderwysers nie in hom as persoon belangstel nie, kan dit tot 'n negatiewe ervaring van skool lei; dit lei weer tot vorming van 'n negatiewe verwysingsraamwerk, wat tot negatiewe betekenisgewing lei en dan ook tot die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool lei. Indien hierdie ervarings van die leerders en hierdie faktore wat uitloop op die vorming van negatiewe persepsie van skool, aan ouers uitgewys kan word, kan ouers begrip verkry en ook leiding gegee word oor hoe om leerders in hierdie verband te hanteer. Sien Hoofstuk 2 oor persepsievorming en die vorming van 'n negatiewe kringloop.

**Die onderwysers se betrokkenheid by my as persoon**

Van die 50 respondente, is daar 62,8% leerders wat die onderwysers se betrokkenheid by hom as persoon ervaar. 35% leerders beleef dat die onderwysers nie raaksien of dit met hulle goed of sleg gaan nie. Daar is 22,5% leerders wat voel dat die onderwysers nie 'n daadwerklike poging aanwend om hulle op akademiese gebied te help nie. Verder noem 54% van die leerders dat onderwysers hulle nie ondersteun wat hul buitemuurse aktiwiteite betref nie. Die feit dat ongeveer 'n derde van die leerders ervaar dat die onderwysers nie hulle emosionele welstand raaksien nie, die

persepsie by leerders laat ontstaan dat onderwysers nie omgee nie en negatiewe ervaringe en persepsies oor skool ontstaan.

**Die onderwysers se belangstelling in die skool**

Daar is 83,25% leerders wat van mening is dat die onderwysers belangstelling in die skool toon. 20,5% van die leerders is van mening dat die onderwysers nie op hoogte is van nuwe gebeure wat by die skool plaasvind nie. Daar is 13% leerders wat van mening is dat die onderwysers nie ingelig is oor aktiwiteite wat by die skool plaasvind nie. Daar is ongeveer 'n vyfde van die leerders wat voel dat onderwysers nie op hoogte is van gebeure by die skool nie en daarom onbetrokke is. Dit laat die persepsie by leerders ontstaan dat die onderwysers belangeloos en onbetrokke is en dat dit dan ook 'n belangeloosheid en negatiwiteit by die leerders tot gevolg het.


**Die onderwysers se betrokkenheid by die skool**

81% van die respondente ervaar dat die onderwysers betrokke is by die aktiwiteite wat die skool bied.

Dit kom voor dat, alhoewel onderwysers 81% betrokke by die skool en aktiwiteite is, daar 'n mate van onbetrokkenheid teenoor hul betrokkenheid by die leerders en hulle aktiwiteite heers. Die afleiding word gemaak dat die onderwysers meer sigbaar betrokke is waar dit vir hulle persoonlike profiel iets kan beteken en dat leerders nie persoonlike betrokkenheid deur die onderwysers ervaar nie (Vraag B4 en 5). Leerders wat persoonlike betrokkenheid van die onderwysers ervaar, verkry 'n positiewe belewenis van skool en vorm sodoende positiewe persepsies van skool.

### 5.3.3 Afdeling C: Die leerders se persepsies van die portuurgroep

**Grafiek 5.5 Die leerders se persepsies van die portuurgroep**




In hierdie grafiek stel die vertikale as die persentasie voor en die horisontale as, is die nommers van elke vraag. Soos reeds genoem, handel afdeling C oor die leerder se persepsie van die portuurgroep.

**Vrae soos wat dit in die vraelys verskyn**

**C1: Belangstelling in my as persoon**

1: My vriende stel in my as persoon belang.

2: My vriende stel opreg in my akademiese vordering belang.

3: My vriende stel in die aktiwiteite waaraan ek deelneem belang.

**C2: My vriende se betrokkenheid by my as persoon**

4: my vriende wys daadwerklik dat hulle omgee vir my as persoon.

5: My vriende gee ondersteuning, wanneer ek dit nodig het op akademiese gebied.

6: My vriende kom ondersteun my wanneer ek aan buitemuurse aktiwiteite deelneem.

**C3: My vriende se belangstelling in die skool**

7: My vriende is op hoogte van gebeure by die skool.

8: My vriende stel belang in die aktiwiteite wat by die skool aangebied word.

**C4: My vriende se betrokkenheid by die skool**

9: My vriende is betrokke by die skool en aktiwiteite.

Die resultate toon dat 20,33 % van leerders 'n negatiewe persepsie oor die portuurgroep huldig. 'n Vyfde van die leerders ervaar die portuurgroep negatief. Die skool is veral die plek waar leerders die meeste met die portuurgroep te doen het. Indien die ervaring en persepsie van die portuurgroep by die skool negatief is, lei dit ook tot 'n negatiewe persepsie van skool.

**Belangstelling in my as persoon**

Daar is 19,17% leerders wat ervaar dat die portuurgroep nie in hulle as persoon belangstel nie. Slegs 8% leerders ervaar dat hul naby vriende nie in hom as persoon belangstel nie. 'n Verdere 28% ervaar geen opregte belangstelling van vriende betreffende hulle akademiese prestasie nie. Daar is 21,5% van die leerders wat ervaar dat hulle vriende nie belangstelling toon in die aktiwiteite waaraan hul deelneem nie. Hieruit word afgelei dat tussen 20 en 25% van die leerders nie opregte belangstelling van hul vriende ervaar nie. in Hoofstuk 3 is daarop gewys dat die portuurgroep 'n rol speel in die vorming van negatiewe persepsies van skool. Indien 'n persoon nie belangstelling van rolspelers ervaar nie, lei dit tot 'n ongemotiveerdheid, onbetrokkenheid en negatiewe persepsies van skool.

**My vriende se betrokkenheid by my as persoon**

22,17% van die leerders ervaar dat hulle vriende nie betrokke is by hom as persoon nie. Daar is 13% van die leerders wat voel dat sy vriende nie vir hom as persoon daadwerklik omgee nie. 22% van die leerders voel dat hul vriende nie ondersteuning gee wanneer hulle dit nodig het nie. 31,5% leerder se vriende ondersteun hulle nie wanneer hulle aan buitemuurse aktiwiteite deelneem nie. Ongeveer 'n vyfde van die leerders ervaar dat die portuurgroep onbetrokke is by hulle as persoon en ervaar nie belangstelling en ondersteuning van hul vriende nie. Dit beteken dat ongeveer 'n vyfde van die leerders nie positiewe belangstelling en aanmoediging van hul vriende ervaar nie en dat dit kan bydrae tot negatiewe persepsies van skool.

**My vriende se belangstelling in die skool**


Van die 50 respondente, is daar 21% wat ervaar dat hulle vriende nie belangstelling toon in die skool nie. 21,5% is van mening dat hulle vriende nie op hoogte is van gebeure wat by die skool plaasvind nie en dat 20,5% van die respondente se vriende nie belangstel in die aktiwiteite wat by die skool aangebied word nie. Uit die vraelys blyk dat ongeveer 'n vyfde van die leerders nie regtig belangstelling in die skool en aktiwiteite toon. In Hoofstuk 3 is daarop gewys dat indien daar nie belangstelling is nie, 'n leerder nie maklik betrokke raak nie en dat negatiewe persepsies van skool gevorm word. Indien 'n leerder hom in 'n vriendekring bevind waar vriende nie belangstelling in die skool toon nie, kom hy maklik onder die vriende se invloed en negatiewe persepsies van skool ontstaan of word versterk.

**My vriende se betrokkenheid by die skool**

Die respondente is van mening dat 17% van hul vriende nie betrokke is by die skool en sy aktiwiteite nie. Leerders wat van skool hou en betrokke is by die skool en aktiwiteite, toon positiewe persepsies van skool – anders sou hulle nie betrokke gewees het nie. 17% van die leerders wat glad nie betrokke is nie, dui op negatiewe ervaringe van die skool en wat die skool bied.

### 5.3.4 Afdeling D: Die leerders se persepsies van hul ouers

**Grafiek 5.6 Die leerders se persepsies van hul ouers**



In hierdie grafiek stel die vertikale as die persentasie voor en die horisontale as, is die nommers van elke vraag.  Afdeling D handel oor die leerder se persepsie van sy ouers.

**D1: My ouers se belangstelling in my as persoon**

1: My ouers stel in my as persoon belang.

2: My ouers is op hoogte van my akademiese vordering.

3: My ouers stel in my buitemuurse aktiwiteite belang.

**D2: My ouers se betrokkenheid by my as persoon**

4: My ouers staan my by wanneer ek persoonlike probleme ervaar.

5: my ouers bied hulp aan om my op akademiese gebied te help.

6: my ouers staan tyd af om my buitemuurse aktiwiteite te ondersteun.

**D3: My ouers se belangstelling in die skool**

7: My ouers lees gereeld die skool se nuusbriewe.

8: My ouers stel belang in gebeure en prestasies van die skool.

**D4: My ouers se betrokkenheid by die skool**

9: My ouers bied hulp aan wanneer funksies by die skool gereël word.

Daar is 18,22% van die leerders wat 'n negatiewe persepsie huldig oor hul ouers se belangstelling en betrokkenheid by hulle as persoon, asook die skool.  81,78% van die leerders ervaar hulle ouers se belangstelling en betrokkenheid by die skool positief.  Dit kom dus voor asof kinders, ouers se belangstelling en betrokkenheid oor die algemeen positief ervaar.  Hierdie positiewe ervaring word in hierdie studie benut deurdat daar in Hoofstuk 6 riglyne aan ouers gegee word oor hoe om leerders te hanteer.  Indien kinders die ouers positief ervaar, kan ouers 'n rol speel by leerders wat 'n negatiewe persepsie van skool het.

**My ouers se belangstelling in my as persoon**

Daar is 9,83% van die leerders wat voel dat hulle ouers, oor die algemeen nie in hulle as persoon belangstel nie.

5% van die respondente toon by die spesifieke vraag oor hul ouers se belangstelling, dat hul ouers nie in hulle as persone belangstel nie.  Daar is

10,5% wat ervaar dat hul ouers nie op hoogte is van hulle akademiese vordering nie en 14% van die respondente ervaar dat hul ouers nie in hulle buitemuurse aktiwiteite belangstel nie. In vergelyking met die ander drie afdelings toon hierdie afdeling 'n positiewe tendens en kan hierdie tendens benut word by die hantering van leerders met negatiewe persepsies van skool.

**My ouers se betrokkenheid by my as persoon**

Daar is 22,17% van die leerders wat oor die algemeen voel dat hulle ouers nie by hulle as persone betrokke is nie.

11,5% van die respondente ervaar dat hulle ouers hulle nie met persoonlike probleme bystaan nie. Daar is 14% van die leerders wat ervaar dat hul ouers hulle met probleme op akademiese gebied help en 16,5% van die leerders ervaar dat hulle ouers nie tyd afstaan om hulle buitemuurse aktiwiteite te ondersteun nie. 'n Vyfde van die leerders ervaar hul ouers as onbetrokke by hom as persoon. Indien die leerders sy belangrikste rolspeler as onbetrokke ervaar, skep dit by leerders die gevoel van 'n gaping wat tussen hom en sy ouers ontstaan. In die praktyk het leerders dikwels teenoor my die uitlating gemaak dat dit nie help om met hul ouers te praat nie, want hulle weet in elk geval nie wat in hul lewens aangaan nie. 'n Kommunikasiegaping ontstaan dus deur hierdie tipe houding.

**My ouers se belangstelling in die skool**

Van die 50 respondente, ervaar 25,5% dat hulle ouers oor die algemeen nie in die skool belangstel nie.

27% ervaar dat hulle ouers nie die nuusbriewe lees nie en 24% ervaar dat hulle ouers in die gebeure en prestasies van die skool belangstel nie.

**My ouers se betrokkenheid by die skool**

Daar is 41,5% van die leerders wat ervaar dat hulle ouers nie hulp by funksies van die skool aanbied nie en dat hulle ouers onbetrokke by die skool is.

## *5.4 KWANTITATIEWE RESULTATE VAN DIE OOP VRAE IN DIE VRAELYSTE*

### 5.4.1 Opmerkings

In die vraelyste is ruimte gelaat vir leerders om by elke afdeling hul eie opmerkings te gee. In hierdie afdeling sal 'n samevatting gegee word van temas wat voorkom uit die opmerkings. Elke individu se opmerking in elke afdeling van die vraelys, asook transkripsies van die onderhoude, is by die navorser op aanvraag beskikbaar.

#### 5.4.1.1 Afdeling A: Die leerder as persoon

**Klagtes oor die skoolreëls**

- klagtes dat leerders nie reënbaadjies mag dra nie.
- Behoeftes om pêreloorbelle te dra word geïgnoreer.
- Leerders voel dat die reëls te streng toegepas word.
- Te veel klem word op die skool se beeld geplaas.

**Klagtes oor die fassiliteite**

- Leerders noem dat hulle graag 'n swembad sal wil hê.
- Baie leerders het behoefte aan 'n Astro-hokkiebaan.

**Klagtes oor die onderwysers**

- Leerders voel dat daar onderwysers is wat salarisse betaal word, maar nie hulle werk doen nie.
- Die gevoel bestaan dat die skool meer op sport fokus as op kulturele aktiwiteite.
- Onderwysers skeep sommige sportsoorte af.

**Klagtes oor die leerders**

- Leerders noem dat die skool meer moet doen om " kwaaddoeners" uit die skool te verwyder.

Daar is ook leerders wat noem dat hulle van die skool hou en gelukkig is.

### 5.4.1.2 Afdeling B: Persepsies oor die onderwysers

**Onderwysers se optrede in die klas**

- Die leerders noem dat daar sommige onderwysers is wat op hulle skree.
- Heelwat meen dat onderwysers te kwaai is en dat hulle kinders beter moet hanteer.
- Onderwysers moenie leerders wat aan sekere sportsoorte deelneem, voortrek nie.
- Die onderwysers is soms bevooroordeeld en stel nie in die leerder as persoon belang nie.

**Onderwysers en akademie**

- Leerders noem dat onderwysers meer geduldig moet wees met gemiddelde leerders.
- Sommige onderwysers moet beter vir hulle klas voorberei.
- Die onderwysers stel nie in die persoon belang nie, dit gaan net oor akademie.

Van die leerders voel ook positief oor hulle onderwysers. Sommige leerders noem ook dat die onderwysers goed voorberei en wel vir die persoon omgee.

### 5.4.1.3 Afdeling C: Persepsies van die portuurgroep

- Die oorwegende gevoel is dat elkeen se vriende vir hom wonderlik is en altyd beskikbaar is om mekaar by te staan.

- Sommige leerders noem dat hulle vriende negatief is oor die skool en dat hulle nie veel omgee nie.

#### 5.4.1.4 Afdeling D:Leerders se persepsies van hul ouers

- Sommige leerders voel dat hulle ouers nie omgee nie.
- Leerders beleef hulle ouers as onbetrokke by die skool en aktiwiteite.
- Heelwat leerders voel dat hulle ouers hulle bystaan en ondersteun waar hulle kan.

## *5.5 <u>KWALITATIEWE BEVINDINGE: Resultate van die onderhoude</u>*

### 5.5.1 Inleiding

Ek beskryf die kwalitatiewe bevindinge volgens die spesifieke kwalitatiewe metode wat ek gebruik het. Ek doen dit sodat ek die bevindinge in detail kan beskryf. ‘n Samevatting van die temas wat in die onderhoude voorkom sal gegee word.

Vanuit die inligting wat uit die vraelyste verkry is, is vyf leerders geïdentifiseer om onderhoude mee te voer. Die doel van die onderhoude is hoofsaaklik om vas te stel wat leerders met ŉ negatiewe persepsie van skool, se behoeftes ten opsigte van die verskillende fasette is, wat in die vraelys uitgelig is.

Daar sal nou ŉ uiteensetting gegee word aangaande die leerders se behoeftes soos dit uit die onderhoude na vore gekom het.

### 5.5.2 Behoeftes: leerders se persepsies van hulself

- Hierdie leerders noem dat hulle sukkel om te beplan en grense te stel tussen bywoning van byeenkomste en skoolwerk. Hulle sal graag hulp wil hê met beplanning en stel van grense.

### 5.5.3 Behoeftes: leerders se persepsies van hul onderwysers en skool

- Leerders het daaraan behoefte dat onderwysers alle leerders gelyk hanteer.
- Hulle het behoefte dat onderwysers ook iets goeds sien in leerders wat nie rugby speel nie.
- Hulle het behoefte dat onderwysers belangstelling in hulle persoonlike welsyn sal toon.
- Onderwysers moet respek vir leerders hê.
- Die skool en onderwysers moet geleenthede vir ALLE leerders daarstel.
- Sommige onderwysers hou een oortreding teen ‘n kind. Hulle het behoefte dat die onderwysers vergifnis sal toon en die gebeurtenis vergeet en leerders nog ‘n kans gee.
- Daar word druk op leerders geplaas om skoolbyeenkomste by te woon. Leerders voel hulle wil meer vryheid hê en nie voel hulle MOET iets bywoon nie.
- Van die leerders voel dat die onderwysers hoofsaaklik taakgeoriënteerd is en nie uit hulle pad gaan om bemoeienis met individuele kinders te maak nie.
- Leerders het behoefte dat onderwysers meer tyd en eendag gee aan leerders wat nie die werk die eerste keer al snap nie.
- Hulle noem dat dit vir hulle inspirerend sal wees as die onderwysers van hulle buitemuurse aktiwiteite sal bywoon.
- Leerders noem dat hulle ervaar dat onderwysers soms deur hulle persoonlike lewens beïnvloed word en dan onregverdig optree. Hulle het behoefte aan bestendigheid van onderwysers se kant.
- Van die leerders noem dat hulle behoefte het aan onderwysers wat met meer entoesiasme klasgee en meer belangstelling toon.
- Leerders noem dat die skool van hulle verwag om deel te neem en byeenkomste te ondersteun en die volgende dag hope huiswerk klaar te hê. Hulle het behoefte aan begrip en toegeeflikheid om alles gedoen te kry.

### 5.5.4 Behoeftes: leerders se persepsies van die portuurgroep

- Hierdie leerders het daaraan behoefte dat leerders in die "cool"-groep sal uitreik en ook nuwe leerders by hulle groep betrek.
- Hulle het behoefte aan ten minste een goeie vriend met wie geheime en gevoelens gedeel kan word.
- Hulle noem dat hulle graag wil hê dat vriende grense sal stel en weet wanneer om op te hou met grappies maak of terg.
- Van die leerders voel dat vriende baie op hulself fokus en wys dat hulle nie werklik omgee nie. Daar bestaan 'n behoefte aan opregte, diep vriendskappe.
- Van die leerders ervaar dat vriende soms ander standpunte as hulle het en dan nie begrip vir hulle mening toon nie.

### 5.5.5 Behoeftes: leerders se persepsies van hul ouers

- Die leerders het behoefte aan begrip van hulle ouers.
- Kommunikasie en 'n oop verhouding is vir hulle belangrik.
- Leerders het behoefte aan betrokkenheid van die ouers en aanvaarding vir die kind vir wie hy is en nie vir wat hulle wil hê hy moet wees nie.
- Een van die leerders noem dat sy pa baie gespanne is (oor hulle finansiële situasie). Hy het behoefte dat hy meer sal lag en ontspanne wees.
- Hulle het behoefte dat die gesin ontspanne sal wees en saam pret sal hê.
- Al vyf leerders voel dat hulle nie met hulle ouers kan praat nie, want hulle luister nie na wat hulle sê en wat hulle behoeftes is nie.
- Leerders noem dat hulle ouers baie besig is en dikwels nie weet wat in hulle lewens aangaan nie. Onderliggend het hulle behoefte aan meer betrokkenheid van hul ouers.
- Leerders verwag meer ondersteuning van hulle ouers en verwag dat ouers met hulle kommunikeer en in ag neem wanneer hulle besluite neem – veral wanneer dit hulle raak.

- Die leerders ervaar hulle ouers as ongeduldig en het ‘n behoefte aan begrip van hulle kant af.
- Die leerders ervaar dat hulle ouers op hulle prestasies fokus en van die kind as individu en sy emosies vergeet.

### *5.6 SAMEVATTING*

Uit bogenoemde bespreking kom dit voor asof leerders hulle buitemuurse aktiwiteite hoog aanslaan en oor die algemeen nie hul akademie so ernstig opneem nie. Hoewel leerders ervaar dat onderwysers en vriende hulle as persoon ondersteun en waardeer, ervaar hulle tog dat nie hul onderwysers of vriende regtig belangstel in dit wat vir hulle die belangrikste is nie, naamlik buitemuurse aktiwiteite. Selfs nie die leerder se ouers (wie hulle ook ervaar dat hulle belangstel en omgee), plaas nie dieselfde premie op die leerder se deelname aan buitemuurse aktiwiteite nie. Die leerder ervaar wel dat sy ouers op hoogte van sy akademiese vordering is.

Dit blyk dat daar ŉ algemene ontevredenheid oor die fasiliteite en die skoolreëls bestaan. Met die fasiliteite word aspekte soos ‘n swembad vir die skool, voorkoms van die skool en lugreëling vir klaskamers genoem. Leerders voel ook dat alle sportsoorte nie gelyk behandel word nie. Daar heers ook ŉ gevoel dat die skool te veel op hul beeld na buite fokus as om op interne gebeure te fokus.

Verskeie leerders voel dat onderwysers nie konsekwent optree nie en dat onderwysers meer op die individu kan fokus. Dit blyk ook dat onderwysers wat nie hulle emosies kan beteuel nie, leerders ontstel en negatief kan beïnvloed. Die temas impliseer dat leerders soms geïsoleer voel en dat hulle veral behoefte aan begrip van hulle ouers het. Riglyne oor hoe om begrip te verkry, word in Hoofstuk 6 gegee. Uit die bevindinge blyk dit dat leerders nie noodwendig hulle situasie negatief ervaar nie, maar dat hulle hul ouers se optrede teenoor hulle as gevolg van verskillende verwysingsraamwerke as negatief ervaar.

Uit die onderhoude kom veral twee fasette na vore: leerders het behoefte aan begrip en belangstelling van die onderwysers, ouers en die portuurgroep. Die leerders het ook behoefte daaraan dat hulle ouers moet luister na hulle behoeftes en beter kommunikasie.

In Hoofstuk 6 sal riglyne aan ouers verskaf word oor hoe om leerders te hanteer sodat hulle ’n meer positiewe persepsie oor die skool sal handhaaf.

(Transkripsies van die onderhoude is op aanvraag by die navorser beskikbaar.)

# HOOFSTUK 6: RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN LEERDERS MET 'N NEGATIEWE PERSEPSIE VAN SKOOL

*"Feelings of hopelessness can come*
*from feeling overwhelmed,*
*as if you're buried under*
*an avalanche. You can't push*
*all the rubble away at once.*
*You need to remove the rocks*
*One at a time.*
*(And maybe with the help*
*Of someone else.)"*

*- Mundy, L. -*

## *6.1 INLEIDING*

In hierdie ondersoek is bevind dat ongeveer 25% leerders van die betrokke skool, oor negatiewe persepsies van skool beskik. Ek het ervaar dat leerders se negatiewe persepsies van skool 'n invloed op hulle verhouding met hulle ouers en hulle algemene houding teenoor skoolwerk het. Hierdie negatiewe persepsies veroorsaak dat die leerders negatiewe terugvoer vanaf rolspelers kry en so word die negatiewe ervaring en persepsies van skool versterk. In die praktyk is gevind dat ouers oningelig oor die hantering van hul kinders met negatiewe persepsies van skool is. In Hoofstuk 6 word riglyne gegee om hierdie kringloop te verbreek.

Ek gee riglyne om die eksterne oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies te hanteer en ook riglyne om die interne oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies te hanteer. Soos in die literatuurhoofstukke genoem, behels die eksterne oorsake aspekte rakende die ouers, onderwysers, portuurgroep en die self. Die interne oorsake waarvoor riglyne

gegee word behels die leerder se verstandelike vermoëns, emosionele probleme, motivering en lokus van kontrole.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat die leerder se betrokkenheid by die skool tot ‘n bepaalde belewenis van die skool en die rolspelers lei en dat die leerder dan betekenis gee op grond wat hy beleef of ervaar. Uit die riglyne wat gegee word, behoort die ouers leiding te kry oor hoe om sy kind tot positiewe betrokkenheid en ervaringe te begelei. Die uiteinde is dan positiewe betekenisgewing van die skool en rolspelers. ‘n Positiewe persepsie van skool ontstaan.

Uit die navorsing is bevind dat leerders behoefte aan hul ouers se **begrip** vir hulle **persepsie** van skool het. Leerders het ook ‘n behoefte aan ouers se **begrip** vir die **oorsake** van hulle negatiewe persepsie. Uit die studie is ook vasgestel dat leerders onvervulde behoeftes het waarvan die ouers nie kennis dra nie. Dit blyk dus dat daar ‘n tipe lugleegte of ‘n kommunikasiegaping tussen ouers en leerders met negatiewe persepsies van skool bestaan.

Die doel van die riglyne is om hierdie sneeubaleffek van negatiewe persepsies wat tot negatiewe terugvoer van rolspelers en versterking van negatiewe persepsies lei, stop te sit. Die doel is verder om die “sneeubal” in ‘n “speelbal” te omskep, waar ouer en kind mekaar op dieselfde vlak ontmoet, sinvol kommunikeer en begrip vir mekaar se gevoelens en ervaringe verkry. Sodra begrip verkry is, kan ouer en kind saam aan ‘n sinvolle oplossing werk en saam planne beraam om die probleem op te los.

In hierdie hoofstuk word die volgende diagramme gegee en beskryf om negatiewe persepsies van skool te hanteer. Daar word ook werkkaarte gegee en beskryf vir ouers en kind om in hierdie proses te gebruik.


Die volgende diagramme kom in hierdie hoofstuk voor:

Diagram 6.1 Prosedure om begrip vir 'n kind se negatiewe persepsie van skool te verkry.
Diagram 6.2 Prosedure vir die hantering van negatiewe persepsies

Werkkaart 1 Ontlading van emosies vir ouers
Werkkaart 2 Ontlading van emosies vir kind
Werkkaart 3 Ervaringe van ouers (vorming van verwysingsraamwerk)
Werkkaart 4 Ervaringe van kind (vorming van verwysingsraamwerk)
Werkkaart 5 Verkryging van begrip vir ouers
Werkkaart 6 Verkryging van begrip vir kind
Werkkaart 7 Aanvaarding en begrip – ouer (perseptuele model)
Werkkaart 8 Aanvaarding en begrip – kind (perseptuele model)

## *6.2 MODEL VIR DIE HANTERING VAN NEGATIEWE PERSEPSIES*

**Diagram 6.1 Prosedure om begrip vir 'n kind se negatiewe persepsies van skool te verkry**



**Verduideliking van die diagram om begrip vir leerders se negatiewe persepsies van skool te verkry**

Om 'n leerder met negatiewe persepsies van skool te kan hanteer, is dit nodig om begrip te hê oor hoe 'n negatiewe persepsie gevorm word. Om begrip te vorm van hoe negatiewe persepsies gevorm word, is dit nodig om te besef dat daar eerstens 'n gewaarwording van 'n spesifieke stimuli is. Hierdie gewaarwording vind deur middel van die sintuie plaas. Die persoon gee dan betekenis aan die ervaring op grond van die persoon se verwysingsraamwerk en 'n persepsie word gevorm. In Hoofstuk 2 is 'n breedvoerige verduideliking hieroor gegee. Op werkkaart 7 is 'n kortlikse uiteensetting van hoe 'n persepsie gevorm word, aangebied.

Sodra die ouer (in hierdie geval) begrip het van hoe persepsies gevorm word, is dit nodig dat daar ondersoek ingestel word na moontlike oorsake vir die vorming van die negatiewe persepsies. Op hierdie stadium begin die proses waardeur ouers begrip vir die leerder se negatiewe persepsies van skool verkry. Die ouer en kind stel ondersoek na ervaringe van skool in die verlede in. Daar moet op interne- sowel as eksterne oorsake gelet word (Diagram 6.2 dien is hulpmiddel om in detail na interne- en eksterne oorsake, ondersoek in te stel). Moontlike oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies kan intern of ekstern van aard wees. Eksterne oorsake sluit rolspelers soos die ouers, skool en onderwysers, portuurgroep en die persoon se persepsie van homself in. Interne oorsake kan ongemotiveerdheid, emosionele probleme, kognitiewe probleme of gedragsprobleme wees.

Sodra 'n spesifieke oorsaak vasgestel is, moet die ouer en kind let op die wyse waarop hy as persoon dit beleef het, watter betekenis hy daaraan gegee het en hoe dit sy betrokkenheid by die skool en aktiwiteite beïvloed het. Deurdat die ouer begrip vir die vorming van sy eie persepsie van skool verkry, kry hy ook begrip oor waarom dit met die van sy kind s'n veskil. Die ouer en kind kommunikeer dan wat elkeen se belewing, betekenisgewing en betrokkenheid by die skool is en hoe dit hulle persepsies gevorm het. Deurdat die ouer en kind begrip vir mekaar se persepsies verkry en dit aanvaar begin die kommunikasieproses. Ouer en kind bespreek van hier af

wat elkeen se behoeftes is en hoe hulle deur elkeen iets te gee en te neem, 'n ander persepsie van skool kan vorm.

### ***6.3 PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN NEGATIEWE PERSEPSIES***

#### 6.3.1 Voorbeelde van die werkkaarte waarna daar in Hoofstuk 6 verwys word

**Werkkaarte**

---

**STAP 1: Werkkaart 1: OUERS**
**Doel: Ontlading**

Skryf soveel as moontlik gevoelens omtrent jou kind se gedrag in verband met skool neer. Skryf elke gevoel en elke moontlike gedagte neer. Probeer om sommer die papier vol te skryf.

**STAP 1: Werkkaart 2: LEERDER**
**Doel: Ontlading**

Skryf soveel as moontlik gevoelens omtrent jou kind se gedrag in verband met skool neer. Skryf elke gevoel en elke moontlike gedagte neer. Probeer om sommer die papier vol te skryf.

---

**STAP 2: Werkkaart 3: OUERS**
**Doel: Om begrip vir die vorming van die kind se verwysingsraamwerk te kry**
Skryf soveel as moontlik ervaringe, gebeure of opmerkings wat mense al oor jou kind gemaak het, of aan hom gedoen het, hier neer.

| Onderwysers | Vriende | Ouers |
|---|---|---|
| | | |

**STAP 2: Werkkaart 4: LEERDER**

**Doel: Om begrip vir die vorming van sy verwysingsraamwerk te kry.**

Skryf soveel as moontlik ervaringe, gebeure of opmerkings wat mense al oor jou gemaak het, of aangedoen het hier neer.

| Onderwysers | Vriende | Ouers |
|---|---|---|
| | | |

---

**STAP 3: Werkkaart 5: OUERS**

**Doel: Om begrip vir die kind se persepsie van skool te bewerkstellig.**

Hoe het hierdie opmerkings of gebeure jou kind se betrokkenheid en houding ten opsigte van die skool en aktiwiteite beïnvloed? Beskryf jou kind se huidige houding en waarvandaan jy dink dit afkomstig is.

| |
|---|
| |

**STAP 3: Werkkaart 6: LEERDER**


**Doel: Om begrip vir sy persepsie van skool te bewerkstellig**

Hoe het hierdie opmerkings of gebeure jou betrokkenheid en houding oor die skool en aktiwiteite beïnvloed? Beskryf jou houding (gevoel) wat jy op die oomblik ten opsigte van skool het. Probeer hierdie gevoel in verband met gebeure in die verlede bring.

**STAP 4: Werkkaart 7: OUERS**

**Doel: Om begrip en aanvaarding vir die kind te verkry**

Hoe pas die gebeure by onderstaande model in?




**STAP 4: Werkkaart 8: LEERDERS**

**Doel: om begrip vir sy negatiewe persepsie van skool te verkry**

Hoe pas die gebeure by onderstaande model in.

Dit kan dalk vir jou die maklikste wees om by "gedrag" te begin. Skryf dít neer wat op die oomblik aan die gang is (hoe jy optree). Skryf dan neer hoe jy ten opsigte van skool voel en wat jy van skool dink. By die verwysingsraamwerk skryf jy in waarvandaan dit afkomstig is (dit wat jy by stap 2 gedoen het). Hierna kan jy beskryf hoe daardie ervaringe veroorsaak het dat jy negatiewe betekenis aan skool gee en hoe dit jou betrokkenheid by skool en aktiweite beïnvloed.




### 6.3.2 Bespreking van die werkkaarte

Die prosedure wat ouer en kind kan volg om die leerder en negatiewe persepsies te hanteer, begin by selfondersoek van die ouer en kind afsonderlik. Hierdie selfondersoek word in Werkkaart 1 en 2 deur die ouer en kind gedoen. Daar is dikwels baie verskillende emosies betrokke wanneer ouer en kind oor skoolwerk en negatiewe persepsies van skool bots. Die doel van hierdie werkkaart is dat die ouer en kind hul negatiewe emosies ontlaai.

Nadat ouer en kind van soveel as moontlik van hulle negatiewe emosies ontslae geraak het, word afsonderlik ondersoek ingestel na elkeen se ervaringe in die verlede wat hulle verwysingsraamwerk gevorm het. (Werkkaart 3 en 4). Die doel hiervan is dat ouer en kind begrip kan kry oor ervaringe wat hulle persoonlike persepsie van skool gevorm het. Wedersydse begrip word verkry oor waarom die ouer en waarom die kind se siening oor skool is wat dit is.


Sodra ouer en kind begrip vir die rede vir hulle eie persepsie van skool het, word ondersoek na moontlike interne- en eksterne oorsake vir die vorming van hierdie verwysingsraamwerke ingestel. Hierdie ondersoeke word op Werkkaart 5 en 6 ingestel. Die doel daarvan om ondersoek na interne en eksterne oorsake in te stel; sodoende word begrip vir die ander persoon asook sy optrede verkry.

Op Werkkaart 7 en 8 kom die teorie en praktyk bymekaar uit. Die ouer en kind pas hulle persoonlike ervaringe en oorsake vir die vorming van hulle persepsies by die model vir die vorming van negatiewe persepsies in. Die doel daarvan is dat ouer en kind begrip oor wat aanleiding tot die huidige gedrag gee verkry.

Die finale prosedure in die hantering van negatiewe persepsies is om tot sinvolle kommunikasie oor te gaan. In die finale stap word ouer en kind daartoe gelei om saam “spanpraatjie” te hou. Die doel is om gesamentlik aan moontlikhede te dink om die probleem op te los. Indien die gekose oplossing nie suksesvol is nie, word die proses herhaal.

Bykomend tot die werkkaarte, kan ouers ook die onderstaande Diagram 6.2 volg om kinders met negatiewe persepsies van skool te hanteer.

**Diagram 6.2 Prosedure vir die hantering van negatiewe persepsies van skool**




### Verduideliking van Diagram 6.2

Diagram 6.2 kan gesien word as 'n prosedure om vas te stel wat die oorsake vir die leerder se negatiewe persepsies van skool is en hoe om dit te hanteer. Die metode van vasstelling geskied op grond van 'n uitskakelingstegniek wat toegepas word.

Rolspelers wat die diagram gebruik, begin byvoorbeeld by eksterne oorsake en volg dan die pyl. Indien die rolspeler van mening is dat die oorsaak by die

skool en onderwysers lê en hulle antwoord "ja" word die pyl na regs gevolg. Stel nou vas of jy beheer oor die gebeure het of nie. Indien nie, volg die pyl na regs – aanvaar dan die onveranderlike deur middel van positiewe selfgesprek en kommunikeer met die onderwyser.

Indien die rolspeler voel daar kan beheer oor die situasie uitgeoefen word, volg die pyl na onder. Stel vas of die gedrag as gevolg van aspekte by die skool, die portuurgroep, ouers of politiek en die media voorkom. Volg telkens die pyle en die opdragte.

Indien die rolspeler by die skool en onderwysers "nee" antwoord, volg die pyl na onder en stel vas of die oorsaak by die portuugroep, ouers, die leerder self of politiek en die media lê. Indien "nee" geantwoord word, volg die pyle afwaarts totdat die antwoord "ja" is. Sodra "ja" geantwoord word, volg die pyle na regs en gaan na die spesifieke aspek se aanwysings.

Indien die oorsake intern van aard is, volg die pyle onder "intern", afwaarts. Sodra die rolspeler "ja" antwoord op 'n vraag, volg die pyl dan na regs en volg die aanwysings.

Uit hierdie proses kan 'n ouer vasstel waar sy kind se negatiewe persepsie van skool vandaan kom en begrip vir die kind se persepsies ontwikkel. Sodra die ouer begrip en kennis het, kan die volgende riglyne in gedagte gehou en gevolg word:

## *6.4 RIGLYNE AAN OUERS VIR DIE HANTERING VAN LEERDERS MET NEGATIEWE PERSEPSIES VAN SKOOL*

**Riglyn 1: Bevorder die kind se persepsie van homself ten opsigte van die skool en aktiwiteite.**

Volgens die empiriese ondersoek beskik 21% van die leerders oor 'n negatiewe persepsie van homself ten opsigte van die skool en aktiwiteite. Ouers behoort leerders te help om ondersoek in te stel na die kind se persoonlike sterkpunte en belangstellings. Die ouer kan die kind dan begelei

deur ‘n lys van aktiwiteite wat die skool bied en aktiwiteite buite skoolverband, op te stel. Ouer en kind evalueer dan elke aktiwiteit volgens die kind se sterkpunte en voorkeure. Die ouer kan dan deur aanmoediging en entoesiasme die kind by hierdie aktiwiteit inskryf en hom in sy deelname ondersteun, belangstelling toon en hom daarin aanmoedig.
Deurdat die kind positiewe terugvoer van sy ouer (en moontlik van sy onderwyser en vriende) ontvang, lei sy deelname tot ‘n positiewe ervaring en betekenisgewing ten opsigte van homself en die skool.

- **Help u kind dus om die eerste tree tot betrokkenheid te gee.**
- **Gee positiewe terugvoer oor sy deelname**

**Riglyn 2: Bevorder die kind se persepsie ten opsigte van die skool en onderwysers**

Uit die empiriese studie is bevind dat 29% van die leerders oor ‘n negatiewe persepsie van die skool en onderwysers beskik. In hierdie afdeling ervaar leerders die onderwysers se belangstelling en betrokkenheid by hulle deename aan buitemuurse aktiwiteite die negatiefste.

Ouers behoort ‘n afspraak met van die leerder se onderwysers te maak en hulle oor die leerder se ervaring van die skool en aktiwiteite in te lig. Ouers kan vir die onderwysers meer inligting oor hul kind se deelname en belangstelling gee, sodat die onderwyser ‘n meer volledige beeld van die kind kry en ook aanknopingspunte kan vorm om belangstelling in die kind te toon. Die ouer behoort ook die onderwyser oor die kind se behoefte aan die onderwyser se belangstelling en betrokkenheid by hom as persoon in te lig.

Die ouer kan die kind aanmoedig om ‘n outobiografie te skryf en ‘n afspraak met die onderwyser te maak en dit aan hom voor te lees. Sodoende leer die onderwyser die kind beter ken en kan die onderwyser by die kind se leefwêreld betrokke raak en belangstelling toon. Die kind ervaar hierdie belangstelling positief en gee sodoende positiewe betekenis aan die skool en onderwysers.

- **Die ouer stel die kind en sy behoeftes aan die onderwyser bekend.**
- **Die kind stel homself aan die onderwyser bekend.**

**Riglyn 3: Bevorder die kind se persepsie ten opsigte van die portuurgroep**

Volgens die resultate uit die empiriese ondersoek beskik 21% van leerders oor 'n negatiewe persepsie van die portuurgroep. Leerders voel dat vriende hulle nie op akademiese en buitemuurse gebied ondersteun en belangstelling toon nie. Ouers kan leerders help om 'n positiewe persepsie oor die portuurgroep te vorm deur hul kinders te leer hoe om 'n vriend te wees. Kinders behoort aangemoedig te word om 'n vriend te wees. Leer jou kind om opreg in sy vriende belang te stel deur hulle oor hul aktiwiteite uit te vra, deur meelewing te toon en vriende met prestasies geluk te wens. Kinders kan ook aangemoedig word om opregte bewondering vir vriende se positiewe eienskappe of prestasties uit te spreek. Ouers moet hierdie eienskap self inoefen en aan die kind 'n voorbeeld van die gee van erkenning stel.

- **Leer jou kind om 'n vriend te wees.**
- **Leer jou kind belangstelling en meelewing in ander se prestasies of positiewe eienskappe.**
- **Stel 'n voorbeeld in die gee van opregte erkenning.**

**Riglyn 4: Werk aan die kind se persepsie van jou as ouer en ten opsigte van die skool en aktiwiteite**

In die ondersoek is bevind dat leerders oor hierdie afdeling die meeste positiewe resultate getoon het. Aangesien die leerder se persepsie ten opsigte van sy ouer die positiefste is, kan dit positief aangewend word om die kind tot die vorming van positiewe persepsies van skool te begelei. Deurdat die ouers betrokkenheid en belangstelling in die skool en aktiwiteite toon lei dit tot positiewe ervaringe by die kind. Ouers behoort die skool se nuusbriewe gereeld te lees en op hoogte wees van wat by die skool aangaan. Ouers moet hulle talente gebruik en betrokke raak wanneer die skool hulp vra.

Ouers se positiewe betrokkenheid by die skool, word deur die kinders positief beleef. Deurdat ouers betrokke raak by die skool, stel hulle ook aan die kinders ‘n voorbeeld van betrokkenheid en leerders gee positief betekenis aan die skool.

- **U as ouer behoort positiewe betrokkenheid en belangstelling in die skool en aktiwiteite te toon.**
- **Wees op hoogte van gebeure by die skool.**
- **Stel ‘n voorbeeld van betrokkenheid by die skool en aktiwiteite.**

**Riglyn 5: Beskou die kind se verstandelike vermoëns en werk daarvolgens**

Uit die literatuur is vasgestel dat die leerder se verstandelike vermoëns ‘n invloed op die leerder se vorming van sy persepsie van skool het. Indien ‘n kind gedurig noem dat hy nie wil skool toe gaan nie, of dat hy “dom” voel in die klas, of nie verstaan waarvan die juffrou praat nie, behoort die ouer hom te neem vir ‘n evaluasie om vas te stel of die oorsaak van sy negatiewe persepsie oor die skool en skoolwerk kognitief of emosioneel van aard is. Indien ‘n kind kognitiewe uitvalle toon, behoort die ouer ondersoek in te stel na alternatiewe metodes of instansies van onderrig waar die leerder meer positiewe ervaringe kan hê en waar hy skool positief kan ervaar. Indien die leerder geen kognitiewe uitvalle toon nie en tog ‘n negatiewe persepsie van skool het, behoort verder ondersoek ingestel te word. Ander oorsake kan onder andere emosionele probleme insluit. So ‘n ondersoek kan met vrug deur ‘n Opvoedkundige Sielkundige gedoen word.

- **Wees objektief en stel vas wat u kind se verstandelike vermoeëns is.**
- **Oorweeg alternatiewe metodes of instansies indien u kind kognitiewe uitvalle toon.**
- **Laat evalueer u kind vir moontlike emosionele oorsake vir sy negatiewe persepsie van skool.**

**Riglyn 6: Stel ondersoek in na moontlike emosionele probleme wat die kind ervaar**

Die ouer kan hier 'n rol speel deur sensitief te wees en die kind se emosies waar te neem en dop te hou. Vermy dit om direkte vrae aan die kind te vra, gebruik liewer die "klip-in-die-bos" -tegniek deur na skool vir die kind te sê: "Dit lyk of jy 'n rowwe dag gehad het". Gee die kind dan kans om te reageer. Die emosie wat jy as ouer ten opsigte van die kind ervaar, kan ook aan hom gekommunikeer word, byvoorbeeld: "Jy lyk vir my ongelukkig of kwaad. Wil jy my vertel wat vandag gebeur het?". Dit is dan belangrik dat u as ouer vir die kind geleentheid gee om oor sy emosies te praat. Indien die kind nie reageer nie, kan julle probeer om vir mekaar briefies oor julle emosies te skryf. Indien u as ouer glad nie tot die kind deurdring nie, kan die hulp van 'n Opvoedkundige Sielkundige ingeroep word. Sodra die tipe emosionele probleem vasgestel is, kan ouer en kind gesamentlik daaraan werk, of professionele hulp ingeroep word. Dit is belangrik dat die kind u as ouer se opregte belangstelling en omgee beleef en ervaar. Hy moet ook ervaar dat u bereid is om by hom betrokke te wees en hom te ondersteun.

- **Neem jou kind se emosies waar en reflekteer dit.**
- **Die kind moet begrip en empatie van u as ouer ervaar.**
- **Die kind moet u bereidheid om betrokke by hom te raak ervaar.**
- **Wees geduldig en opreg in die hantering van die kind met emosionele probleme.**
- **Aanvaar jou kind onvoorwaardelik.**

**Riglyn 7: Lei die kind tot positiewe motivering en die ontwikkeling van 'n interne lokus van kontrole**

Leerders met negatiewe persepsies van skool is nie gemotiveerd om hard te werk en hulle bes te doen nie. Die ouer moet sy kind begelei om sukses in sy skoolwerk te beleef. Dit kan gebeur deurdat die ouer die kind help om vir homself bereikbare doelwitte te stel. Elke doelwit wat behaal word, motiveer die kind om nog 'n trappie te klim en aan die volgende doelwit te werk. Ouers moet daarteen waak om nie sy kind se prestasie

met dié van ander kinders te vergelyk nie. Maak ‘n ophef daarvan indien die kind sy eie doelwitte bereik en vier dit. Ondersteun die kind en lei hom om ‘n plan van aksie uit te werk oor HOE hy sy doelwitte gaan verwesenlik. Dit is belangrik dat u as ouer self ‘n entoesiastiese, positiewe leefwyse voorleef.

- **Help die kind bereikbare doelwitte stel.**
- **Maak ‘n ophef van doelwitte wat bereik is.**
- **Vier doelwitte wat bereik is.**
- **Help die kind ‘n plan van aksie uitwerk om doelwitte te bereik.**
- **Wees positief en entoesiasties.**

**Riglyn 8: Ontwikkel positiewe kommunikasievaardighede**

Werk aan ‘n “oop”, aanvaardende houding vir u kind en sy unieke “menswees”. Dit kan gebeur deurdat u aktief luister na wat die kind kommunikeer. Aktief luister beteken dat u as ouer in staat sal wees om u kind se woorde en emosies aan hom te reflekteer, om dit te aanvaar en begrip daarvoor te hê. U en die kind kan saam die kern van die probleem identifiseer en elkeen kan moontlike oplossings vir die probleem gee. Besluit dan saam watter oplossing die aanneemlikste lyk en pas dit eerste toe. Die situasie kan weer geëvalueer word en ‘n ander oplossing kan toegepas word, indien die eerste een nie suksesvol was nie.

- **Aanvaar jou kind vir wie en wat hy is.**
- **Luister aktief deur sy emosies en woorde te reflekteer.**
- **Soek saam na ‘n oplossing vir die probleem.**

**Riglyn 9: Begrip, begrip, begrip**

Herinner jouself gedurig daaraan dat mense se persepsies verskil en dat dit aanvaarbaar is dat dit verskil. Aanvaar dus dat jou kind ‘n ander persepsie van skool as jy kan hê. Probeer begrip vir sy anderste persepsie

en die oorsake vir sy persepsie verkry. Kommunikeer sy positiewe eienskappe aan hom.

- **Hê begrip daarvoor dat jou kind se persepsies oor skool van joune kan verskil.**
- **Hê begrip vir die oorsake wat hierdie persepsies van skool help vorm.**
- **Toon positiewe aanvaarding vir wie en wat jou kind is.**

### 6.4.1 Praktiese toepassing

**Herinner jouself:**

- **'n Persepsie is persoonlik van aard**
- **Twee mense kan na dieselfde objek kyk en dit verskillend beskryf**
- **'n persepsie ontstaan uit 'n persoon se ervaring**
- **Betekenis word gegee op grond van die persoon se verwysingsraamwerk (Hoofstuk 1)**

**PRAKTIES TOEGEPAS:**

- Aanvaar dat jou kind 'n ander persepsie van skool as jy mag hê.
- Probeer begrip verkry oor waar jou kind vandaan kom, wat moontlike oorsake daarvan is dat hy 'n ander persepsie van skool het as jy

**Moontlike oorsake vir sy negatiewe persepsie:**

| **Ekstern:** | **Intern:** |
|---|---|
| Ouers | Motivering |
| Onderwysers en skool | Emosionele probleme |
| Portuurgroep | Kognitiewe probleme |
| Self | Gedragsprobleme |

( Sien Hoofstuk 2)

**Doen selfondersoek (om begrip vir jou eie persepsies te kry) (Hoofstuk 6)**

- **Is jy as ouer se persepsies op grond van interne of eksterne ervaringe gevorm?**
- **Wat het jy van die situasie beleef en watter betekenis het jy daaraan gegee?**
- **Hoe het hierdie gebeure jou betrokkenheid en deelname by die skool beïnvloed?**
- **Watter gedrag het jy geopenbaar?**

**Sodra jy weet waar kom jy en jou persepsies vandaan kom, kan jy begin ondersoek instel na waar jou kind se persepsies vandaan kom.**

- **BELANGRIK: wees objektief en maak seker dat dit wat jy as ouer as negatiewe persepsies bestempel, nie dalk net ANDER persepsies is as wat jy het nie!**

**DUS: deur hierdie proses te ondergaan, kry jy begrip vir jou eie houding of gedrag.**

**(Sien Diagram 6.1)**

**Probeer nou begrip vir jou kind se persepsies te kry**

- **Watter interne of eksterne oorsake kan moontlik 'n rol in die vorming van my kind se persepsies van skool speel?**
- **Wat dink jy beleef hy van jou optrede en die onderwysers se optrede oor die skool?**
- **Dink jy dat dit wat hy van rolspelers beleef aan hom 'n positiewe ervaring en**
- **persepsie van skool sal verskaf?**

**WAT Sê JOU KIND?**

- **Wees volwasse, wees stil en LUISTER wat jou kind se antwoorde**

**op hierdie vrae is.**

- **Probeer jou in sy situasie plaas**

- **Probeer begrip verkry vir die wyse waarop sy persepsie gevorm is. Verkry begrip deur middel van kommunikasie.**

**(Sien Diagram 6.1)**

**MY KIND SE PROBLEEM IS…**

**A, B, C… Hanteer die problem deur:**

- **Te luister**
- **Begrip te hê**
- **Aanvaarding te toon vir jou kind en die probleem**
- **Te kontroleer of jy hom reg verstaan**
- **Saam 'n oplossing te soek**

**OEFEN OM TE LUISTER EN BEGRIP EN AANVAARDING TE Hê VIR WAAR JOU KIND "VANDAAN" KOM.**

## *6.5 <u>GEVOLGTREKKING</u>*

In hierdie hoofstuk is gepoog om die teorie op 'n praktiese wyse aan ouers deur middel van modelle, diagramme en werksvelle oor te dra. Deur die volg van die prosedures in die modelle en voltooiing van die werksvelle, behoort ouers en kinders begrip te verkry vir die situasie, begrip te verkry vir die oorsake van die situasie en ook begrip vir mekaar te verkry. Die einddoel is dat konflik sal verminder en ouer en kind sinvol sal kommunikeer en saam planne sal beraam om die situasie te verander.

# HOOFSTUK 7: BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

## *7.1 INLEIDING*

Gedurende my werk as sielkundige by ‘n hoërskool in Gauteng, het ek al hoe meer met leerders met negatiewe persepsies van skool te doen gekry. Ek het besluit om ondersoek te doen oor wat ‘n persepsie is en hoe dit gevorm word. Ek het ook in die praktyk ondervind dat ouers oor ‘n onmag beskik oor hoe om hulle kinders met negatiewe persepsies van skool te hanteer. Dit het my nuuskierig gemaak om uit te vind watter faktore negatiewe persepsies veroorsaak en hoe ouers dit kan hanteer om ‘n positiewe uitwerking op hulle kinders te hê.

Ek het ‘n literatuurstudie en empiriese ondersoek geloods om persepsievorming en die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies te ondersoek. Bevindinge uit die literatuurstudie, asook die empiriese studie word in tabel 7.2 opgesom. In Hoofstuk 6 word hulp in die vorm van riglyne, diagramme en werksvelle gebied om ouer en kind te help. Ek het ook agtergekom dat my studie oor sekere beperkings beskik, ek het in Hoofstuk 7 dit neergeskryf en aanbevelings vir verder studie gemaak.

## *7.2 OORSIG VAN DIE STUDIE*

Hoofstuk 1 van hierdie studie dien as ‘n inleiding tot die studie *Hantering van leerders met ‘n negatiewe persepsie van skool.* In die praktyk het ek al hoe meer met leerders met negatiewe persepsies van skool te doen gekry. Ek het ook al hoe meer met hierdie leerders se ouers te doen gekry wat hulp kom vra het oor hoe om hulle kinders te hanteer. As gevolg van hierdie ervaring het ek ‘n literatuurstudie en empiriese ondersoek geloods om persepsievorming en die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies te ondersoek. Bevindinge uit die literatuurstudie, asook die empiriese studie word in Hoofstuk 2, 3, 4 en 5 uiteengesit en in Tabel 7.2 opgesom. In Hoofstuk 6 word hulp in die vorm van riglyne, diagramme en werksvelle gebied om ouer en kind te help. Ek het ook agtergekom dat my studie oor sekere beperkings

beskik, ek het in Hoofstuk 7 dit neergeskryf en aanbevelings vir verder studie gemaak.

### *7.3 DOELWITTE VAN DIE STUDIE*

Die hoofdoel van die studie was om riglyne aan ouers te gee oor hoe om leerders met negatiewe persepsies van skool te hanteer. Om vas te stel of my doel bereik is, kyk ek weer na die doel en subdoelwitte en of dit bereik is. Die doelwitte en hoe die doelwitte bereik is, word in Tabel 7.1 uiteengesit.

**Tabel 7.1 Uiteensetting van die doelwitte en bereiking daarvan**

| Doelwit | Bereiking van die doelwit |
|---|---|
| **Hoofdoel:** om riglyne aan ouers te gee oor die hantering van leerders met 'n negatiewe persepsie van skool. | Gebaseer op die bevindinge in my studie, verskaf ek riglyne in **Hoofstuk 6** oor die hantering van leerders met negatiewe persepsies van skool. Hierdie riglyne is in die vorm van modelle, diagramme en werksvelle aan ouers gemaak. |
| Om 'n **literatuurstudie oor persepsie** te doen. | In **Hoofstuk 2** is 'n literatuurstudie oor persepsie en persepsievorming gedoen. |
| Om 'n **literatuurstudie oor die oorsake** vir die vorming van negatiewe persepsies van skool te doen. | In **Hoofstuk 3** is 'n literatuurstudie oor die oorsake van negatiewe persepsievorming in die skool gedoen en weergegee. |
| Om 'n **empiriese studie** te doen oor wat leerders se persepsies van die skool is en om vas te stel wat hulle behoeftes is. | Ek het vraelyste aan leerders gegee om te voltooi. Uit die vraelyste het ek die leerders se persepsies van skool kon vasstel. Ek het ervaar dat ek |

| | |
|---|---|
| | waardevolle inligting kon kry deur onderhoude te voer. Uit die onderhoude kon ek leerders met negatiewe persepsies van skool, se onderliggende behoeftes vasstel.<br><br>Ek het die onderhoude opgeneem, gekodeer en inligting gegroepeer.<br><br>Ek het aanvanklike observasies in 'n joernaal neergeskryf en die notas en opnames met die onderhoude getrianguleer.<br><br>Ek het die Empiriese ondersoek in **Hoofstuk 4** uiteengesit. Ek het die bevindinge in Hoofstuk 5 hoofsaaklik in die vorm van grafieke weergegee. Hierdie grafieke som die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies op. |

## ***7.4 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE***

Ek het 'n Literatuurstudie gedoen om 'n teoretiese begrip van persepsie en persepsievorming te ontwikkel. In die literatuurstudie het ek ook ondersoek ingestel na moontlike oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies van skool. Ek het persepsie en persepsievorming asook die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies op teoretiese basis deeglik ondersoek voordat ek met die empiriese ondersoek begin het. Ek het die literatuurstudie gedoen om begrip te kry vir wat 'n persepsie is en sodoende vir die leerder

met negatiewe persepsies, begrip te verkry. Ek het ook die oorsake na die vorming van negatiewe persepsies ondersoek om die spesifieke oorsaak te kan identifiseer en aan te spreek. Die bevindinge van die literatuurstudie word nou uiteengesit. Hoofstuk 2 fokus op die term persepsie en hoe dit gevorm word en Hoofstuk 3 fokus op die oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies van skool.


### 7.4.1 Persepsie en die vorming van persepsies

In Hoofstuk 2 het ek die fenomeen verdeel om 'n beeld te verkry van wat 'n persepsie is en hoe dit gevorm word. Die doel van die literatuurstudie was om die term *persepsie* en die vorming van 'n persepsie beter te verstaan.

Ek het verskeie definisies van persepsies uit die literatuur verkry. In hierdie studie het ek die term persepsie gedefinieer as *die persoonlike betekenis wat 'n persoon aan 'n waargenome objek of ervaring gee op grond van vorige ervaringe (sy verwysingsraamwerk).* 'n Leerder sal dus betekenis aan nuwe ervaringe, op grond van sy verwysingsraamwerk (vorige ervaringe) gee. Hierdie betekenisgewing vorm dan sy persepsie van skool.

Ek het uit die literatuur vasgestel dat 'n gewaarwording deur middel van die sintuie, die oorsprong vir die vorming van 'n persepsie is. Deur middel van vorige ervaringe vorm elke persoon 'n verwysingsraamwerk. Betekenis word aan die stimuli of waargenome objek gegee op grond van die persoon se verwysingsraamwerk. So kan dit gebeur dat 'n leerder wat vroeg in sy skoolloopbaan negatiewe ervaringe met onderwysers gehad het, 'n negatiewe verwysingsraamwerk rondom skool en onderwysers opgebou het. Sodra hy nuwe gebeure by die skool beleef, word die betekenis aan hierdie nuwe gebeure beoordeel volgens vorige ervaringe en die verwysingsraamwerk wat reeds rondom skool gevorm is. Diagram 7.1 som die proses vir die vorming van 'n persepsie op.

Diagram 7.1 Die vorming van 'n persepsie





Om die vorming van negatiewe persepsies van skool beter te verstaan, het ek in die literatuurstudie ook ondersoek ingestel na faktore wat 'n rol speel in die vorming van negatiewe persepsies van skool. Ek het in die praktyk gevind dat rolspelers soos die leerder self, sy ouers, die skool en onderwysers en die portuurgroep 'n rol speel in die vorming van persepsies van skool. Hierdie waarneming word deur die literatuur gestaaf en in Hoofstuk 3 bespreek.

Die leerder se mate van betrokkenheid by die skool en aktiwiteite kan lei tot 'n bepaalde persepsie van skool. 'n Leerder wat onbetrokke is en negatief voel om aan aktiwiteite deel te neem, beskik dikwels oor 'n negatiewe persepsie van skool. Ouers wat self negatief is oor die betrokke skool of ouers wat gedurig neul dat kinders nou hulle huiswerk moet doen, bring ook mee dat leerders 'n negatiewe persepsie van skool ontwikkel. Onderwysers se houding en entoesiasme dra by tot die vorming van 'n bepaalde atmosfeer in die klas en dra by tot dit wat die leerder ervaar en die vorming van sy verwysingsraamwerk.


Om leerders met negatiewe persepsies te verstaan, is dit dus noodsaaklik dat rolspelers, veral ouers, sal kennis dra oor wat 'n persepsie is en hoe 'n persepsie gevorm word. Die rolspelers het dus 'n invloed op dit wat die leerder oor die skool ervaar, die vorming van sy verwysingsraamwerk en uiteindelik op die vorming van sy persepsie van skool. Hierdie proses word in Diagram 7.2 voorgestel.

**Diagram 7.2 Die invloed van rolspelers op die vorming van persepsies van skool**




Die vorming van 'n begrip oor die rol wat rolspelers speel in die leerder se vorming van 'n persepsie, het gelei tot die vasstelling van wat die rol van betrokkenheid, belewing en betekenisgewing in die vorming van persepsies speel. Diagram 7.3 dui op rol wat betrokkenheid, belewing en betekenisgewing in die vorming van persepsies speel aan.

**Diagram 7.3 Die plek van betrokkenheid, belewing en betekenisgewing in persepsievorming**



### 7.4.2 Oorsake vir die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool

Ek het in die literatuur ondersoek na moontlike oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies van skool ingestel en in Hoofstuk 3 'n uiteensetting daarvan gegee. Ek het op interne- sowel as eksterne faktore gefokus. By interne faktore is daar in die literatuur gevind dat die lokus van kontrole 'n rol speel. Ek het ook gevind dat die leerders se motivering 'n rol speel. Indien 'n leerder emosionele probleme soos byvoorbeeld depressie ervaar, het dit 'n invloed op sy persepsie van skool. Leerders met kognitiewe probleme en wat gedurig ervaar dat hy nie goed genoeg is of dat hy nie die werk verstaan nie, ontwikkel dikwels 'n negatiewe persepsie van skool. Leerders met gedragsprobleme is dikwels in konflik met onderwysers en ander rolspelers. Negatiewe betekenis word dan aan skool en onderwysers geheg en negatiewe persepsies van skool ontwikkel.

Ek het ook in die literatuur na eksterne oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies ondersoek. Faktore waaarna ek gekyk het is; die rol wat die skool en onderwysers speel; die rol van die portuurgroep; die ouers en die politiek en die media. Hierdie faktore veroorsaak dat die leerder skool op 'n bepaalde wyse ervaar en 'n verwysingsraamwerk omtrent skool vorm. Indien hierdie ervaringe negatief is word die verwysingsraamwerk negatief gevorm as gevolg van negatiewe betekenis wat aan skool gegee word en 'n negatiewe persepsie van skool word gevorm.

**Tabel 7.2 Opsomming van die Literatuurstudie**

| | |
|---|---|
| **Definisie van persepsie** | 'n Persepsie word gevorm deur die persoonlike **betekenis** wat 'n persoon aan 'n **ervaring** gee op grond van sy **verwysingsraamwerk** van vorige ervaringe. Die ervaring word verkry deur inligting wat deur die **sintuie** gekry word. |

| | |
|---|---|
| **Vorming van persepsie** | Deur middel van die sintuie word ‘n gebeurtenis of objek ervaar<br><br>Betekenis word gegee op grond van Die verwysingsraamwerk uit<br><br>Vorige ervaringe<br><br>Persepsie |
| **Interne en eksterne oorsake vir die vorming van negatiewe persepsies:** | |
| **Eksterne oorsake** | Die leerder self<br>Die skool en onderwysers<br>Die portuurgroep<br>Die ouers<br>Politiek en die media |
| **Interne oorsake** | Lokus van kontrole<br>Motivering<br>Emosionele probleme<br>Kognitiewe probleme<br>Gedragsprobleme |

## *7.5 <u>BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE STUDIE</u>*

Ek het hierdie studie begin met die volgende doel voor oë: om riglyne aan ouers te gee oor die hantering van leerders met negatiewe persepsies van

skool. Om riglyne te kan gee, het ek aanvanklik van ervaring en waarnemings gebruik gemaak. Ek het ook van vraelyste gebruik gemaak. Johnson en Christensen (2004) definieer 'n vraelys as " *a self-report data-collection instrument that each research participant fills out as part of a research study".*

Ek het vyftig leerders geidentifiseer om die vraelyste te voltooi. Ek het van die maksimum veranderlike-steekproef gebruik gemaak deur tydens 'n onspesifieke periode na 'n onspesifieke onderwyser te gaan. Ek het gevra of die leerders die vraelys tydens daardie periode mag voltooi. Niemand is bevooroordeeld gekies nie en betroubare inligting is verkry. Ek het aan hulle gevra om die vraelyste eerlik te voltooi. Leerders moes vrae op 'n Likertskaal beantwoord. Aan die einde van elke afdeling is oop-vrae gestel waar die vyftig leerders hulle persepsies en ervarings in hulle eie woorde kon weergee. (Sien voorbeeld van die vraelys in Hoofstuk 4). Ek het die vrae in die vraelyste gegroepeer en die data geanaliseer om inligting te verkry.

Na die voltooiing van die vraelyste het ek deur middel van 'n gevallestudie, informele geselsonderhoude met vyf leerders gevoer. Hierdie onderhoud is spontaan en los gestruktureer. Ek het tydens die voer van hierdie onderhoude leerders se persepsies van skool bespreek en ook op onderliggende behoeftes gefokus. Ek het die onderhoude opgeneem, getranskribeer en gekodeer en die inligting gegroepeer. "*Interviews and account analysis are often used to identify underlying attitudes. Emotive words could be a good indication of attitudes without making direct attitude statements"* - (Hayes, 1993:111). Deur die voer van onderhoude kon ek onderliggende behoeftes by leerders vasstel.

Ek het van kwalitatiewe analise gebruik gemaak om data te analiseer. Die spesifieke kwalitatiewe metodes en hoe ek dit gebruik het, word in onderstaande Tabel 7.3 uiteen gesit. Dit het my instaat gestel om vas te stel watter faktore en tot watter mate hierdie faktore 'n rol speel in die leerders se vorming van negatiewe persepsies van skool.

**Tabel 7.3 Data-analise**

| | |
|---|---|
| **Interim Analise** | Ek het deur middel van waarneming en ervaring data gekies om te analiseer. Ek het in die praktyk oor 'n tydperk van twee jaar leerders geobserveer en die frustrasies van ouers ervaar oor leerders met negatiewe persepsies van skool. |

| | |
|---|---|
| **Notering** | Ek het tydens die studie gedurig inligting neergeskryf sodat ek nie later op my geheue hoef staat te maak nie. |
| **Data inlesing en berging** | Ek het opnames van die onderhoude en observasies getik en die oorspronklikes gebêre. |
| **Segmentering, kodering en ontwikkeling van kategorie sisteme** | Ek het inligting getranskribeer en van kodes gebruik gemaak om aan te toon wanneer wie aan die woord is. Ek het van segmentering gebruik gemaak om belangrike gedeeltes en fases aan te toon wat behoort gedokumenteer moet word. Ek het hierdie tegniek ook gebruik by die analisering van die oop-einde vrae van die vraelyste. |

| | |
|---|---|
| **Enumerasie** | Ek het van enumerasie gebruik gemaak om die frekwensie van leerders se persepsies van skool by die verskillende afdelings van die vraelyste vas te stel. Sien grafieke 5.1 – 5.6. |
| **Ontwikkeling van hierargiese kategorie sisteme** | Die kategorieë wat uit die analise ontwikkel het is in afdeling 4.6.1.6 uiteengesit. |

In die empiriese studie het ek vier afdelings van leerders se persepsies ondersoek. Die data wat ingesamel is fokus op vier afdelings van leerders se persepsies van skool. Die vier afdelings stel ondersoek in na die leerder se persepsie oor homself, die leerder se persepsie van sy onderwysers en skool, sy persepsie van die portuurgroep en sy persepsie van sy ouers.

Ek het bevind dat 19% van die leerders oor 'n negatiewe persepsie van hul ouers beskik. 29% van die leerders voel negatief teenoor die skool en onderwysers, 21% van die leerders het 'n negatiewe persepsie oor hulself en 21% van die leerders het 'n negatiewe ervaring van hulle vriende. Sien grafiek 5.1.

Ek het bevind dat ongeveer 'n 20% van die leerders wat in die ondersoek betrokke was, beskik oor 'n negatiewe persepsie van skool. Hierdie resultate het verrykende gevolge indien dit nie reg hanteer word nie. Ek beskou dit as 'n noodsaaklikheid om aan hierdie 20% van die skool se leerders hulp te verleen, sodat hulle, hulle volle potensiaal kan bereik en konflik tussen leerders en rolspelers kan verminder.

Ek het na breë afdelings gekyk en afsonderlike vrae is ontleed. Resultate en gevolgrekkings uit die empiriese studie, word in Tabel 7.4 uiteengesit.

**Tabel 7.4 Gevolgtrekkings uit die empiriese studie (sien ook grafiek 5.1)**

| Leerders se persepsies oor hulself |
|---|
| ‘n Vyfde van die leerders beskik oor negatiewe persepsies van hulself. Hierdie leerders noem dat hulle nie vanskoolwerk hou nie en dat hulle nie akademie ernstig opneem nie. In hierdie afdeling kom dit na vore dat leerders oor die algemeen meer van dei die buitemuurse fasette van skool hou as van die akademie self.<br>Leerders met negatiewe persepsies oor hulself, beskik oor ‘n negatiewe verwysingsraamwerk oor hulself. Hulle neig dan om nuwe ervaringe en dit wat rondom hulle gebeur, vanuit hierdie negatiewe verwysingsraamwerk te evalueer. Leerders met negatiewe persepsies oor hulself, toon ook negatiewe persepsies oor skool. |
| **Leerders se persepsies oor die skool en onderwyser.** |
| Amper ‘n derde (29%) van die leerders toon negatiewe persepsies oor die skool en onderwysers. Van al vier afdelings, is leerders se persepsies die laagste wat skool en onderwysers betref. Leerders ervaar die onderwysers se belangstelling en betrokkenheid by hulle negatief. Uit hierdie afdeling blyk dat die onderwysers betrokke is by aktiwiteite, maar dat hulle nie in die leerder as persoon se aktiwiteite en deelname belangstel nie. Die leerders se ervaring, dat onderwysers nie in hom as persoon belangstel nie, veroorsaak dat leerders die skool en onderwysers negatief ervaar en negatiewe persepsies oor die skool en onderwysers vorm. |

| Leerders se persepsies oor die portuurgroep. |
| --- |
| Ongeveer 'n vyfde van die leerders het 'n negatiewe persepsie oor die portuurgroep. Hierdie vyfde ervaar dat vriende hulle nie ondersteun met buitemuurse aktiwiteite en akademiese belangstelling toon nie. Die gevolg is dat leerders wat nie positiewe ervaringe van die portuurgroep geniet nie, dikwels ook die skool negatief ervaar en negatiewe persepsies van die skool het. |
| **Leerders se persepsies oor hul ouers.** |
| 18,22% leerders ervaar dat hul ouers nie in hulle as persoon belangstel nie. Van die vier afdelings, is leerders se persepsies oor hul ouers die positiefste. Ek het hierdie tendens as 'n sterkpunt benut, deur in Hoofstuk 6 aan ouers riglyne te gee oor hoe om hul kinders met negatiewe persepsies van skool te hanteer. |

## *7.6 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING*

Hierdie studie het op spesifieke fasette gefokus, dit bring mee dat daar leemtes in hierdie studie bestaan. Leemtes wat die navorser ervaar en voorstelle wat vir verdere navorsing gemaak word, is:

- Daar is op slegs 'n paar interne- en eksterne faktore (sien Hoofstuk 3) gefokus by die bestudering van leerders se persepsies van skool. Die navorser is van mening dat daar wel nog faktore bestaan waarna ondersoek ingestel kan word. In hierdie studie is daar oorsigtelik op hierdie faktore gefokus. Indien elkeen van hierdie oorsake in diepte nagevors word, kan die inligting gebruik word om oorsake vir negatiewe persepsies te diagnoseer en die fynere oorsake wat hieruit vasgestel word, terapeuties te gebruik.

- Die studie is by slegs een sekondêre skool gedoen. Verdere navorsing kan vasstel of die studie verteenwoordigend is van alle skole in die land. Indien wel, kan die riglyne ook by ander skole benut word.
- Onderhoude is slegs met vyf leerders gevoer. Waardevolle inligting is tydens die onderhoude verkry. Indien onderhoude tydens verdere navorsing met meer leerders gevoer kon word, kan meer inligting oor onbevredigde behoeftes vasgestel en aangespreek word.
- Riglyne is aan ouers gegee oor 'n manier om leerders met negatiewe persepsies te benader en te hanteer. Deur middel van verdere navorsing kan riglyne ook aan onderwysers gegee word.
- Met verdere, in diepte navorsing kan riglyne ook aan skole gegee word oor die invloed van die fisiese voorkoms, die estetika en die fasiliteite van die skool op die vorming van persepsies van skool. Die invloed van die onderwysers se houding en faktore in onderwysers se houding wat leerders positief ervaar.
- Die langtermyn uitwerking of invloed van die werksvelle en riglyne is nie getoets nie. Met verdere navorsing kan die langtermyn uitwerking van die gebruik van die werksvelle en riglyne vasgestel word en addisionele aanbevelings kan in hierdie verband gemaak word.
- Hierdie studie is in 'n blanke, Afrikaanse Hoërskool onderneem. Ek beveel aan dat hierdie studie ook na ander kulture uitgebrei word.
- Ek is van mening dat 'n program in sosiale vaardighede aan leerders, ontwikkel kan word om mede skoliere met negatiewe persepsies te hanteer en om aan vriende positiewe ervaringe van skool te skep sodat persepsies verander kan word.
- Ek beveel aan dat skole, leerders met negatiewe persepsies identifiseer en ondersoek instel na die oorsake en begrip toon vir hierdie leerders. Daar word verder aanbeveel dat skole, ouers en leerders saam sal werk om leerders met negatiewe persepsies van skool op 'n positiewe wyse sal hanteer en begelei sodat positiewe ervaringe sal lei tot positiewe persepsievorming. Die navorser is van mening dat so 'n ingryping kan bydrae tot die algemene welsyn en atmosfeer wat by skole heers.

- Daar word aanbeveel dat die riglyne en werksvelle deur skole, sielkundiges en ouers gebruik word om eerstens begrip van persepsievorming en begrip vir die leerder te verkry. Deur middel van positiewe kommunikasie word ervarings en verwysingsraamwerke geskep wat lei tot die vorming van positiewe persepsies van skool.

## *7.7 <u>BYDRAE VAN DIE STUDIE</u>*

Ek is van mening dat die volgende bydrae deur die navorsing in hierdie studie gemaak is:

### 7.7.1 In die Teorie

- Ek het in Hoofstuk 2 literatuur gesintetiseer om 'n beskrywing te gee van wat 'n persepsie is en hoe dit gevorm word.
- In Hoofstuk 3 is die literatuur gesintetiseer om aan te dui wat van die oorsake is vir die vorming van 'n negatiewe persepsie van skool en hoe hierdie oorsake bydrae tot die vorming van negatiewe persepsies van skool.

### 7.7.2 In die praktyk

- In die praktyk het ek uitgewys dat ouerbegeleiding 'n belangrike aspek is in die hantering en begeleiding van leerders met 'n negatiewe persepsie van skool.
- Ek het ook uitgewys dat leerders met negatiewe persepsies van skool behoefte het aan begrip van hulle ouers.
- Daar is beklemtoon dat ouers begrip kry vir leerders met negatiewe persepsies van skool deurdat hulle bemagtig word met kennis en begrip van wat 'n persepsie is en hoe dit gevorm word.
- Buitestanders is daarop attent gemaak dat nie alle leerders positiewe persepsies van skool het nie.
- Ouers is daarop gewys dat daar 'n rede voor is waarom leerders nie oor dieselfde persepsie van skool as hulle beskik nie.
- 'n Model vir ouers is saamgestel vir die hantering van negatiewe persepsies.

- Riglyne aan ouers in die vorm van ‘n diagram dui die prosedure vir die hantering van leerders met negatiewe persepsies van skool aan.

### *7.8 __TEN SLOTTE__*

‘n Belangrike aspek wat in hierdie studie na vore gekom het, is die feit dat leerders met negatiewe persepsie van skool ‘n groot behoefte aan begrip en kommunikasie van rolspelers, veral sy ouers het. Myns insiens berus die belangrikste bydrae van hierdie studie op ouerleiding. Die riglyne wat in Hoofstuk 6 aan ouers gegee is help ouers om leerders met negatiewe persepsies van skool op so ‘n wyse te hanteer dat hulle onvervulde behoeftes, naamlik begrip en kommunikasie, geakkommodeer word.

Ek het in hierdie studie daarna gestreef om aan ouers ‘n beeld te gee van wat persepsies is, hoe dit gevorm word en wat die oorsake daarvan is dat hul kind oor ‘n ander persepsie van skool beskik as die ouer. Ek het gepoog om ouers deur middel van die modelle en werksvelle te lei om begrip vir sy kind te verkry. Deur middel van begrip vir verskillende persepsies en kommunikasie kan konflik tussen ouer en kind hanteer word en leerders met negatiewe persepsies van skool se behoeftes bevredig word.

Daar word vertrou dat die inligting wat uit hierdie studie voortspruit daartoe sal lei dat beter interpersoonlike verhoudinge tussen ouer en kinders met negatiewe persepsies van skool verkry sal word.

## BIBLIOGRAFIE


Anoniem (s.j.). *Die wêreld van 'n tiener.* Datum geraadpleeg 9 Julie 2009 by http://www.breede.com/article.asp?newsID=6638

Anoniem. (s.j.). *Edublox lees en leerklinkiek.* Datum geraadpleeg *6 Julie 2009 by* http://www.thereadingclinic.co.za/grondvaardighede-lees.htm#top

Anomiem. (s.j.). *"Ek haat skool…"*. Datum geraadpleeg 14 Julie 2009 by http://www.laerskoolelspark.co.za/aflaai/Ouer%20Hulp/Ek%20haat%20skool.pdf

Anoniem. (s.j.). *Faktore wat ons houdings en persepsies daarvan beïnvloed* Datum geraadpleeg by http://www.kzneducation.gov.za/manuals/tesm/manuals/a_manual_9/AfrikaansManual9-Chapter5.pdf

Anoniem. (s.j.). *Rolle en verantwoordelikhede van ouers teenoor die skool en hulle kind as 'n ingeskrewe leerder. Datum geraadpleeg* 14 Julie 2009 by http://www.gsps.wcape.school.za/w_ouer_a.htm

Anoniem. (s.j.). *Skrikbewind van die bullebak op skool.* Datum geraadpleeg 6 Julie 2009 by http://www.mieliestronk.com/boelie.html

Babbie, E. (2002). *The basics of social research.* Belmont: Wadsworth.

Bannister, M. (2007). *An intervention programme to augment resilience in divorced parents.* Ph.D.-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Baron, R.A. & Byrne, D. & Johnson, B.T. (1998). *Exploring Social Psychology*. Boston: Allyn & Bacon.

Barthley, S.H. (1980). *Introduction to Perception.* New York: Harper & Row Publishers.

Bordens, K.S. & Horowitz, I.A. (2002). *Social Psychology*. New Jersey: Lawrence Erlbaum.

Breet, A.E. (2006). *Die verwantskap tussen die persepsie van aggressie en lokus van kontrlole van adolessente seuns.* M.Ed.-verhandeling. Datum geraadpleeg 30 Junie 2009 by http://ujdigispace.uj.ac.za:8080/dspace/bitstream/10210/353/1/voorblad.pdf

Brown, B.B. & Eicher, S.A. & Petrie, S. (1986). The importance of peer group affiliation in adolescence. *Journal of Adolescence (*9), 73-96.

Clasen, D.R. & Brown, B.B. (1985). The multidimensionality of peer pressure in adolescence. *Journal of Youth and Adolescence*. 14(6), 451-468.

Coop, R.H. & White, K. (1974). *Psychological Concepts in the Classroom.* University of Carolina: Harper & row Publishers.

Cullingford, C. & Morrison, J. (1997). Peer group pressure within and outside school. *British Educational Research Journal.* 23 (1), 61-80.

Da Silva, G. (2010). *Parental guidelines for the enhancement of internal locus of control in primary school children*. M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Day, R.H. (1969). *Human Perception*. Sydney: John Wiley & Sons.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (1998). *Strategies of qualitative inquiry.* Velmont: Sage Publications.

De Vellis, R.F. (1991). *Scale Development. Theory and Application*. Newbury Park, London, New Delhi: SAGE Publications.

De Villiers, E. (2006). *Educators' perceptions of school climate in primary schools in the Southern Cape.* M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Vos, A.S. (2002). *Research at grass roots: for the social sciences and human services professions*. Pretoria: Van Schaik.

Dobson, K.S. & Kendall, P.C. (1993). *Psychopathology and Cognition*. California: Academic Press.

Dunphy, C.C. (1972). *Peer group socialization.* In Hunt, F.J. (Eds). Socialization in Australia. Sydney: Angus & Robertson

Du Plessis, P.J. (1996). *'n Ondersoek na die verband tussen die persepsies van adolessente ten opsigte van gesingsfunksionering.* M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Engelbrecht, G.W. (2002). *'n Opvoedkundig-Sielkundige ondersoek na kinders se persepsie van die huwelik.* M.Ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Erasmus, C.A. (2007). *Die impak van 'n permakultuurprogram op graad nege-leerders se omgewingshoudings.* Datum geraadpleeg 9 Julie 2009 by http://ujdigispace.uj.ac.za:8080/dspace/bitstream/10210/2314/1/Erasmus%20CM%20Mini-verhandeling.pdf

Ferreira, R & Mattheus, A. (2003). *Ervaringe van 'n Portuurgroepondersteuningspan in 'n Suid-Afrikaanse Hoërskool* Datum geraadpleeg 7 Julie 2009 by https://www.up.ac.za/dspace/bitstream/2263/4173/1/Ferreira_Ervaringe(2003).pdf

Forgus, R.H. (1966). *Perception – the Basic Process in Cognitive Development.* New York, St Louis, San Francisco: Mc.Graw-Hill Book Company.

Galloway, H.J. (2001). *Die invloed van spelterapie deur middel van gestaltgroepwerk op die skolastiese prestasie van kinders met leerprobleme: 'n maatskaplikewerkperspektief.* M.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Datum geraadpleeg 9 Julie 2009 by http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-05192008-150055/unrestricted/02chapter2.pdf

Gardner, R.M. (2002). *Psychology – Applied to Everyday Life*. Australia, Canada, United States, United Kingdom: Wadsworth, Thomson Learning.

Gifford, J. *What is school like?* Datum geraadpleeg 8 Julie 2009 by http://www.poemhunter.com/poem/what-is-school-like/

Gous, H en Gous, A. (2009). *Wanneer 'n kind se lag verdwyn.* Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

Hayes, N. (1993). *Principles of Social Psychology.* Hove (UK): Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

Henning, E. (2005). *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik.

Hopkins, N. (1994). Peer group processes and adolescent health-related behaviour: more than peer group pressure? *Journal of Community-and-applied Social Psychology.* 4(5), 329-345.

Huffman, K & Vernoy, M & Williams, B & Vernoy, J. (1991). *Psychology in Action.* Chichester: John Wiley & Sons.

Huysamen, G.K. (1994). *Methodology for the Social and Behavioural Sciences.* Halfway House: Southern Book Publishers.

Jacobs, L.J. (1987). *Relasieterapie: 'n Opvoedkunidge Sielkundige Benadering.* Intreerede gelewer met die aanvaarding van die amp van hoogleraar in Empiriese Opvoedkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika op 24 Maart 1987.

Jacobs, L.J. & Vrey, M.D. (1982). *Selfkonsep, diagnose en terapie: 'n opvoedkundig sielkundige benadering.* Pretoria: Academica.

Johnson, N.A. (1994). The Pervasive, Persuasive Power of Perceptions. *The Alberta Journal of Educational Research.* XL (4), 475-497.

Johnson, B. & Christensen, L. (2004). *Educational Research – Quantitative, Qualitative and Mixed Approaches.* Boston, New York, San Francisco, Mexico City: Pearston.

Jordaan, W. & Jordaan, J. (1996). *Man in Context.* Isando: Lixicon Publishers.

Kamper, G.D. (2006). *My toekoms in Suid-Afrika: Perspektiewe en verwagtings van die Afrikaanssprekende jeug.* Datum geraadpleeg 6 Julie 2009 by http://www.landmanwa.co.za/kamper_01.htm.

Kerlinger, F.N. (1992). *Foundations of Behavioral Research*. Ort Worth, Phiadelphia, San Diego, New York, Orlando: Harcourt Brace College Publishers.

Lancaster, C.G.G. (2004). *Sigbaarheid van die skoolhoof as faktor in kwaliteitsbestuur.* Datum geraadpleeg 7 Julie 2009 by http://libserv5.tut.ac.za:7780/pls/eres/wpg_docload.download_file?p_filename=F265223953/lancaster.pdf

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. (2005). *Practical research: planning and design*. New York: Pearson Prentice Hall.

Leong, F.T.L. & Austin, J.T. (1996). *The Psychology Research Handbook – A Guide for Graduate Students and Research Assistants.* Thousand oaks, London, New Delhi: Sage Publications.

Lewis, A. (1999). *Perception surrounding mission education: a historical – metabletical overview.* D.Ed.-proefskrif. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.

Lewis, A. (2001). *The Issue of Perception*: *some Educational Implications*. Educare 30(1+2), 272-288

Louw, D.A. (1998). *Menslike ontwikkeling.* Pretoria: Kagiso Tersiêr.

Masutha, R.M. (1996). *Secondary school students' perceptions of teachers.* M.Ed.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. (1997). *Research in Education – A Conceptual Introduction.* New York, Reading, Massachusettes, Menlo Park, California: Longman.

Mendler, A.N. (2000). *Motivating students who don't care*. Indiana: National Educational Service.

Monteith, J.L. de K. & Postma, F. & Scott, M. (1988). *Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent.* Pretoria: Academica.

Nongubo, M.J. (2004). *An investigation into perceptions of learner participation in the governance of secondary schools*. M.Ed-verhandeling. Rhodes: Rhodes University.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. (2009). *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal.* Kaapstad : Laetitia Botha en Irena Wassserfall.

Orban, P.L. (2003). *Ondersoek na die persepsie van onderwysers met betrekking tot samewerking met die spelterapeut van die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is.* Datum geraadpleeg 6 Julie 2009 by http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-02232004-140805/unrestricted/00front.pdf

Phooko, N. (2008). *Die beleefde eise en behoeftes van primêreskool-onderwysers: riglyne vir onderwyserondersteuning vir die bevordering van welstand.* M.Ed.–verhandeling. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Rademeyer, A. (2009). *Skool + Huiswerk = oordosis* in Die Burger. Datum geraadpleeg 14 Julie 2009 by http://stage.dieburger.com/Stories/Opinion/19.0.1628483086.aspx

Scharff, D.E. & Scharff, J.S. (1987). *Object Relations Family Therapy.* London: Jason Aronson.

Schiff, W. (1980). *Perception: An Applied Approach.* Boston, Dallas, New Jersey: Houghton Mifflin Company.

Schiffman, H.R. (1996). *Sensation and Perception – An Integrated Approach*. New York: John Wiley & Sons.

Struwig, F.W. & Stead, G.B. (2001). *Planning, designing and reporting research.* Cape Town: Maskew Miller Longman.

Stiglingh, M. (2002). *Die gebruik van groepterapie ter bevordering van interpersoonlike verhoudingsvaardighede by adolessente koshuisdogters.* M.ed.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Thomas, R.M. (2003). *Blending qualitative & quantitative research methods in thesis and dissertations.* Thousand Oaks: Corwin Press.

Tuchman, B.W. (1978). *Conducting Educational research.* New York, San Diego, Chicago, San Francisco, Atlanta: Hartcourt Brace Jovanovich.

Van der Walt, P. & Van der Walt, H. (2009). *Pastorale raadgewing aan ouers en opvoeder in Katolieke skole 2007.* Datum geraadpleeg 14 Julie 2009 by http://www.cie.org.za/content/PastoraleRaadgewingaanOuersenOpvoedersinKatolieke.pdf

Van Niekerk, L. & Van der Spuy, D. (1994). *Tieners gereed vir die lewe!* Pretoria: J.P. van der Walt en Seun.

Venter, E. (2004). *People's perceptions of the profession of psychotherapists.* M.Ed.-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika: Pretoria.

Venter, M.A. (2008). *Orienteer psigo-opvoedkundig om gespesialiseerde take van die berader te verrig, in Skoolvoorligting* (Bed) Studiegids 1 vir HBEDOPW. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Wevers, N.E.J. & Steyn, G.M. (2002). *Opvoeders se persepsies van hulle werkmotivering: 'n kwalitatiewe studie.* Datum geraadpleeg 8 Julie 2009 by http://ajol.info/index.php/saje/article/viewFile/24872/20588

Winiarski-Jones, T. (1988). Adolescent peer groups: their formation and effects on attitudes towards education and academic performance. *Research in education* (40), 51-58.

**BYLAAG**

**Toestemmingsbrief**


**Santa Josling**

Opvoedkundige Sielkundige

BA, HOD, B Ed. (Psig.) en M Ed. (Psig.)

Praktyknr: 8604987 PS 0068934

Waterkloof Gholf Estate
Johann Rissikrylaan
Waterkloofrif

Selfoonnommer: 083 253 8736


26 Januarie 2010

Geagte Ouers

Ek is tans besig met my Doktorale studies in Opvoedkundige Sielkunde. Ek doen navorsing oor wat leerders se persepsies van skool is. Die doel is om riglyne aan ouers te skryf oor die hantering van leerders met 'n negatiewe persepsie van skool. Om hierdie doel te bêreik benodig ek sekere inligting wat van die leerder self afkomstig is. Inligting soos wat die leerder se siening is van moontlike oorsake vir sy besondere persepsie en hoe hy/sy graag hanteer wil word deur ouers en onderwysers.

Toestemming van die skool is reeds verkry om met die praktiese ondersoek voort te gaan. Ek beoog om vraelyste aan die leerders uit te deel en met sommige leerders onderhoude te voer oor hulle persepsie van skool en watter gebeure het volgens hulle aanleiding gegee het tot die vorming van sy spesifieke persepsie van skool. Die voltooiing van die vraelyste en deelname aan onderhoude sal by die skool afgeneem word en sal GEEN inbreek maak op hul akademiese tyd nie. Bevindinge sal dan in my Doktorale proefskrif gepubliseer word.

In hierdie navorsing is voorsiening gemaak vir etiese aspekte wat uitgevoer sal word tydens die navorsing.

- Leerders neem deel aan die ondersoek uit vrye wil.
- Leerders mag enige tyd van die navorsing onttrek.
- Leerders se name word anoniem gehou.
- Leerders mag my kontak na die ondersoek indien daar enige vrae is.
- Leerders sal in kennis gestel word sodra die studie gepubliseer is.

U toestemming word benodig alvorens u seun aan die ondersoek mag deelneem en u word daarom vriendelik versoek om die aangehegte toestemmingsbrief te voltooi en so spoedig moontlik aan die klasvoog terug te besorg.

Ek sien baie daarna uit om u seun as deel van my ondersoekgroep te verwelkom! Skakel my gerus indien daar enige navrae is.

Groete

Santa Josling

---

Hiermee word toestemming verleen dat my /ons seun ………………………………………………………………………………

Mag deelneem aan die navorsing soos in die aangehegte brief uiteengesit.

…………………………………………

Handtekening van ouer / voog